



restorica 1



STIGTING SIMON VAN DER STEL FOUNDATION
Bulletin Vol. 16 - No. 32 - Desember / December 1975 - R1.50



Gordon Verhoef & Krause

Die beroemde Kat-balkon in die Kasteel in Kaapstad is onlangs deur Gordon Verhoef en Krause opgeknop. Hierdie elegante bouwerk uit die vroeë dae van die Kaap is een van die belangrikste besienswaardighede van die Kasteel.



Stigting Simon van der Stel Foundation

Beskermheerlede

Patron Members

Transvaal

The Coca-Cola Export Corp Ltd	- Johannesburg
Hans Merensky-Trust	- Johannesburg
Berliner Missionsgesellschaft	- Johannesburg
Rustenburg Platinum Mines Ltd	- Johannesburg
United Building Society	- Johannesburg
Anglo-American Corp Ltd	- Johannesburg
Union Corp Ltd	- Johannesburg
Suid-Afrikaanse-Brouerye-Instituut	- Johannesburg
Federale Mynbou/General Mining Bpk	- Johannesburg
Rank Xeros Ltd	- Johannesburg
Anoniem	- Johannesburg
Nedbank & Syfrets - UAL Beherende Bpk	- Johannesburg
Frank & Hirsch Ltd	- Johannesburg
Senbank	- Johannesburg
Barlow-Rand Ltd	- Johannesburg
Nurcombe, Summerley	- Johannesburg
Ringrose & Todd Inc	- Johannesburg
Readers Digest	- Johannesburg
Afrikaanse Kultuurvereniging, Volk en Verdediging	- Pretoria
Rondalia Bpk	- Pretoria
Volkkas Bpk	- Pretoria
Barclays National Bank Ltd	- Pretoria
Standard Bank S A Ltd	- Pretoria
The Evangelical Lutheran Church of Transvaal	- Pretoria
Stadsraad van Pretoria	- Pretoria
Saambou-Nasionale Bouvereniging	- Pretoria
Plascon-Evans Ltd	- Pretoria
Anoniem	- Pretoria
Stadsraad van Middelburg	- Middelburg
Stewarts & Lloyds Ltd	- Vereeniging
Klipfontein Organic Products	- Kempton Park

Kaap/Cape

The Abe Bailey Trust	- Cape Town
Cape Tercentenary Foundation	- Cape Town
Caltex Oil (SA) (Pty) Ltd	- Cape Town
SANLAM	- Bellville
Colyn en Meiring, Argitekte	- Port Elizabeth
Koöperatiewe Wijnbouwers Vereniging van Zuid-Afrika Bpkt (KWV)	- Paarl
De Beers Consolidated Mines Ltd	- Kimberley
South African Permanent Building Society	- Kimberley
Rembrandt Bpk	- Stellenbosch

Natal

Robertsons (Pty) Ltd - Knorr Foods Division	- Durban
City Council of Pietermaritzburg	- Pietermaritzburg

Oranje-Vrystaat/Orange Free State

S A S O L	- Sasolburg
-----------	-------------

Suidwes-Afrika/South West Africa

Wecke en Voigts Ltd	- Windhoek
---------------------	------------

Buiteland/Overseas

Hauni Werke, Körber & Co K.G.	- Hamburg, Deutschland
Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland	- Amsterdam, Nederland

Borglede

Sponsor Members

Transvaal

Haggie Rand Ltd	- Johannesburg
Electra Television	- Johannesburg
Bonuskor	- Johannesburg
Everite Ltd	- Johannesburg
Grinacre Holdings Ltd	- Johannesburg
Mast Industries (1969) Ltd	- Johannesburg
Siemens (Pty) Ltd	- Johannesburg
Transvaal Suikerkorps Bpk	- Malelane
Kranz Saw Mills (Pty) Ltd	- Machadodorp

Kaap/Cape

Marine Products Bpk	- Kaapstad
Human & Rosseau Uitgewers (Edms) Bpk	- Kaapstad

Natal

The Natal Tanning Extract Co Ltd	- Pietermaritzburg
Hulets Corp Ltd	- Durban
The Tongaat Group Ltd	- Maidstone
Umfoloji Co-operative Sugar Planters	- Riverview
SA Sugar Association	- Durban

Donateurlede

Donor Members

Transvaal

Afrikaanse Taal- en Kultuurbond (Pos- en Telegraafwese), Pretoria
The Imperial Cold Storage & Supply Co Ltd, Pretoria
Mnr W J Ackermann, Pretoria
Dr W H J Punt, Pretoria
Ruto Flour Mills (Pty) Ltd, Pretoria
Suid-Afrikaanse Vroue Federasie (Transvaal), Pretoria
C L F Borckenhagen & Louw, Pretoria
Stigting Jan van Riebeeck, Pretoria
Transvaalse Raad vir Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, Pretoria
Odendaal, van Eeden & du Plessis, Pretoria
S A Polisie Kultuurvereniging, Pretoria
Mnr D A Kruger, Pretoria
Mnr W J Punt, Pretoria
S A Wolraad, Pretoria
Prof J A Louw, Pretoria
Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (S A S & H), Johannesburg

The Argus Printing & Publishing Co Ltd, Johannesburg
Dr J E Holloway, Johannesburg
City of Johannesburg



Stigting Simon van der Stel Foundation

Johannesburg Consolidated Investment Co Ltd,
Johannesburg
Mr S G Menell, Johannesburg
Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, Johannesburg
Unit Securities Group of Mines, Johannesburg
African Explosives & Chemical Industries Ltd,
Johannesburg
Mnr M N du Toit, Bedfordview, Johannesburg
Rand Mines Ltd, Johannesburg
McKinnon Chain (SA) Pty Ltd, Johannesburg
Ster Films, Johannesburg
United Tobacco Co, Johannesburg
Olivetti (Africa) (Pty) Ltd, Johannesburg
African Oxygen Ltd, Johannesburg
Allied Building Society, Johannesburg
Monkor Trust Bpk, Johannesburg
Sentrale Nywerheidsaksebank Bpk, Johannesburg
Metal Box Company of SA Ltd, Johannesburg
C N A Investments Ltd, Johannesburg
Atkinson Oates Motors, Ltd, Johannesburg
Effective Letters (Pty) Ltd, Johannesburg
The Hill Samuel Group (SA) Ltd, Johannesburg
Ellis Furnishers Ltd, Johannesburg
Schachat Holdings Limited, Johannesburg
Gold Fields of SA Ltd, Johannesburg
Ds D F Malan, Johannesburg
Imperial Cold Storage, Johannesburg
Afrikaanse Pers, Johannesburg
Total SA (Pty) Ltd, Johannesburg
Veka Bpk, Johannesburg
President Versekeringsmaatskappy Bpk,
Johannesburg
J Walter Thompson Ltd, Johannesburg

Stadsraad Roodepoort
Modulus (Edms) Bpk, Roodepoort
Union Liquid Air Company (Pty) Ltd, Germiston

Stadsraad Edendale
Stadsraad Fochville
Mev L M J de Lange, Ermelo
V L U-tak Grootpan, Koster
Ultra Kitchens (Edms) Bpk, Vereeniging

Kaapland

Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (Hoofbestuur)
Kaapstad
Mrs B I Epstein, St James, Cape Town
Federale Volksbelegging, Kaapstad
Howard B Timmins (Pty) Ltd, Cape Town
Afdelingsraad van die Kaap, Kaapstad
Dr M H de Kock, Kaapstad
Nasionale Pers Bpk, Kaapstad
Suid-Afrikaanse Onderwysersunie, Kaapstad
Shell South Africa (Pty) Ltd, Cape Town
African Homes & Trust Assuransie Maatskappy Bpk,
Kaapstad
SA Marine Corporation Ltd, Cape Town
Oceana Group of Fishing Companies, Cape Town
Mej C F Booysen, Kaapstad
Cape & Transvaal Printers Ltd, Cape Town
Ovenstone Holdings (Pty) Ltd, Cape Town
Mr W W Dyzel, Rondebosch, Cape Town

Bauman's Selected Products Ltd, Cape Town
Mr C Michaelis, Cape Town
Miss Q V Paine, Sea Point, Cape Town

Mrs E M Parker, Constantia, Cape Town
B P Southern Africa (Pty) Ltd, Cape Town
Ackermans Ltd, Cape Town
Munisipaliteit Goodwood
Mr D R Susman, Kenisworth, Cape Town
Mobil Oil SA (Pty) Ltd, Cape Town
VLV-tak Stellenbosch
Munisipaliteite Stellenbosch
VLV-Ring Ceres, Breërivier, Hamlet, Tulbagh en
Wolseley
VLK-tak Durbanville
VLV-tak Paarl-Vallei, Paarl

Kaaplandse Landbou-Unie, Paarl
VLV-tak Suider-Paarl, Paarl
Nederburg Estates (Pty) Ltd, Huguenot
N G Kerk, Robertson
WAA Circle Border & Transkei, East London
VLV-tak Cradock
VLV-tak De Aar
VLV-tak Humansdorp
Porterville Ko-operatiewe Landboumaatskappy,
Porterville
Lower Albany Historical Society, Port Alfred
Afdelingsraad Uitenhage

Natal

Natal Witness, Pietermaritzburg
Mej J W C Schutzler, Pietermaritzburg
Fidelity Shoes (Pty) Ltd, Pietermaritzburg
The Natal Tanning Extract Co Ltd, Pietermaritzburg
Mrs F L Humphreys, Pietermaritzburg
Macrorie House Museum, Pietermaritzburg
Robert E Levitt & Co, Durban
Mr C L Renaud, Durban
Mr H & Mrs M M Tayler, Cowie's Hill, Durban
Lever Bros (Pty) Ltd, Durban
The Stafford Mayer Co (S A) Ltd, Durban
Dunlop S A Ltd, Durban
Mr G W H Rodel, Durban
Lion Match Co Ltd, Durban
Munisipaliteit van Vryheid
The Natal Mercury Ltd, Durban
Mr G D R Armstrong, Howick
Mr H Johnston, Durban
Mr D Franklin, Durban
Mr G W MacDonald, Kloof

Oranje-Vrystaat

Oranje Vroeuevereniging Hoofbestuur, Bloemfontein

Suidwes-Afrika

Oryx Sement (Edms) Bpk, Windhoek

Oorsee

Sir Alfred Beit, Ireland
Mr C H Michaelis, Paris, France
Mnr A M de Kloof, Utrecht, Nederland
Dony van Landschot Stichting, Vught, Nederland



Stigting Simon van der Stel Foundation

Suid Afrikaanse Nasionale Heemsleut · South African National Trust
Incorporated Association not for Gain · Ingelyfde Vereniging sonder Winsoogmerk

RESTORICA VOL. 1 No. 1 DESEMBER/DECEMBER 1975

Redakteur/Editor

Mnr Willem J Punt

Ere-redaksionele Assistent/Honorary Editorial Assistant

Mev Elsa Liebenberg

Ere-Redakteur Engels/Honorary English Editor

Mr Merwyn Woodrow

Korrespondente/Correspondents

Suid-Afrika/South Africa

Pretoria – Dr C de Jong
Cape Town – Mrs G Mills
Pietermaritzburg – Mr A S B Humphreys
Paarl – Mev B van Vuuren
Worcester – Mrs Helen Walters
Stellenbosch – Dr J T Botha
Bloemfontein – Prof dr W J Richards
Johannesburg – Mnr L Lochner, Mnr G M van der Waal
Windhoek – Mev C Malan
Graaff-Reinet – Mnr C Els
Uitenhage – Mrs P M Coates
Port Alfred – Mr A S Basson
Vereeniging – Mnr L B Rood
Queenstown – Mr G B Kettle
East London – Dr E H Bigalke

Europe/Europe

Amsterdam – Mnr Ton Koot
Den Haag – Mnr Piet Korthuis
VSA/USA
Pittsburg – Mr John Wakefield
Carnegie-Mellon University

Ere-fotografe/Honorary Photographers

Frik Dreyer, Pretoria
Matthew March, Cape Town

Uitleg/Layout

Heer Drukkers (Edms) Bpk

Omslag/Cover

THOMAS BAINES GRAHAM'S TOWN 1848

From the Brenthurst Collection. Reproduced by the kind permission of Mr H F Oppenheimer. Colour separations kindly supplied by the Brenthurst Press, publishers of The Brenthurst & Baines

Hoofbeskermbeer/Patron-in-Chief

Die Staatspresident/The State President
Dr N Diederichs

Nasionale Raad/National Council

Nasionale Voorsitter/National Chairman
Dr S Meiring Naudé

Nasionale Onder-voorsitter/National Vice-Chairman

Mnr F D Conradie, LUK/MEC, *Kaap/Cape*

Nasionale Raadslede/National Councillors

Dr J M Hyslop – *Kaap/Cape*

Sy Edele Regter/Mr Justice M A Diemont – *Kaap/Cape*

Mnr I M Hoogenhout – *Kaap/Cape*

Sy Edele/The Hon B J van der Walt – *Suidwes-Afrika/South West Africa*

Sy Edele Senator/The Hon Senator C C Herlerson – *Natal*

Mnr J B C Roets – *Transvaal*

Prof dr W J Richards – *OVS/OFS*

Mev J M Raath – *Transvaal*

Direktoraat/Directorate

Hoofkantoor/Head Office

Mnr W Punt – Direkteur/Director

Dr W H J Punt – Geskiedenis-Adviseur/History Adviser

Mrs Irene Pienaar – Accounts/Rekeninge

Vakant – Typing and General/Tik en Algemeen

Mev V C Brand en L van Zyl – Biblioteek/Library

Philemon Kgwadi – Mailing and Deliveries/Bode

Wes-Kaapse Takkantoor, Kaapstad/

West Cape Branch Office, Cape Town

Mev Hettie Claassens – Sekretarisse/Secretary

Mrs Gwen Mills – Skakelbeampte/Public Relations Officer

Boekenhoutfontein

Mnr Philip Redelinghuis – Kurator-opsigter/Curator-custodian

Bothsabelo

Mnr Werner Gastrow – Ere-opsigter/Hon. Custodian

Bradshaw Mill

Mr T S Fitzgerald – Ere-opsigter/Hon. Custodian

Macrorie House

Mr Cecil Francis – Ere-opsigter/Hon. Custodian

Agente/Agents

Graaff-Reinet – Els en Els

Cape Town/Kaapstad – Property Administrators (Pty) Ltd

Tulbagh – Boland Bank Bpk

Pietermaritzburg – C Francis & Co

Hoofkantoor/Head Office

Ground Floor, Raadsaal, Church Square, Pretoria 0002

Telephone 2-6748, 2-8651

Posbus/P O Box 1743, Pretoria 0001, R S A

Takkantoor/Branch Office

Groote Kerkgebou 709,

Adderleystraat, Kaapstad 8001

Telefoon 43-2942

709 Groote Kerk Building,

Adderley Street, Cape Town 8001

Telephone 43-2942

Posbus/P O Box 4451, Kaapstad/Cape Town 8000, RSA

Plaaslike Komitees/Local Committees

Kaapstad/Cape Town Posbus/P O Box 4451 – Tel 43-2942

Stellenbosch Posbus/P O Box 3003 – Tel 3290

Paarl Posbus/P O Box 456 – Tel 2306

Worcester Posbus/P O Box 345 – Tel 5031

Pietermaritzburg Posbus/P O Box 1194 – Tel 5-3048

Pretoria Posbus/P O Box 1743 – Tel 2-6748

Windhoek Posbus/P O Box 21345

Bloemfontein p/a Paul Kruger-weg 251, Universitas, Bloemfontein

Port Elizabeth Word heropgerig/Being re-established



Contents

Deurbraak vir bewaring	6	Van Riebeeck's dam	31
South Africa's national trust	7	Dam: Support for MEC	31
Conservation grows	8	Groeneveld	31
Call for conservation	8	Miniature "Dutch House" collection box	32
Erkenning vir Bewaring	8	New committee for Worcester	32
Die bewaardes juig	8	"So much to do" – Mr. Eric Vertue	32
Tande vir bewaring	8	"Buffelskraal" – Hex River Valley, district Worcester	32
Aanspraak op die ingenieur	9	Paarl's old building on TV	32
Is hulle diktators?	11	Jaarvergadering	33
Wesentlike elemente in stadskoonheidbeleid	11	Stigting Simon van der Stel – Nasionale Jaarvergadering, Paarl, 16 Augustus 1975	33
Time to pause	13	Stellenboschse geboue	33
Medal of honour for conservation	13	Raad Proklameer in Idasvallei vir bewaring	33
Een markante persoonlikheid in de heemschut-wereld	14	"Het Molen Water" – die bekende meulsloot van Stellenbosch	34
Op 75 nog 'n ywerige Kulturele Kampvegter	15	Schröder House the oldest documented dwelling in S.A.	36
Why preserve?	15	Old Harbour Museum, Hermanus	38
Wie is Wie in die raad vir nasionale gedenkwaardighede	16	Morgenster Somerset, West Cape	39
In the wreck of the Haerlem	18	Bid to preserve historic Cape Village	40
Presentation to Mr. Justice M.A. Diemont	20	Gately house, East London	41
Van der Stel Foundation	20	Oudste huis op Groot Brakrivier gerestoureer	42
The English chair at the Cape	20	Mooi Museum in Montagu	42
The English chair exhibition	21	Somerset Museum officially opened	43
A success story	21	Stigting se Vergadering	43
Roeland Street Prison	22	Plans for museum shelved	43
Roeland Street Prison	24	Streekverebiging vir baai	43
Archives on Prison site	24	Preserving the past	43
Roeland Street jail from good taste to bad times	24	Stigting byeen op Uitenhage	43
Die mens en die stad	24	Cuyler manor reveals secrets	44
Those who care must organize	25		
Ontwikkeling en bewaring, belowe Munnik	25	Natal	
Move to enforce redecoration	26	No civic moss for rolling stone	48
Malay Quarter	26	The Lost Pastorie of Pietermaritzburg	49
Slamse Buurt – raad wil praat	27	Plea on old buildings	49
Proud Cape Town, School	27	Move to list important spots	49
Old Cape warehouse	28	Gold in ancient piles	49
Doodskaduwee oor mooiste tuin	29	Durban plea goes out to Vorster – save our tavern	51
Aanslag op Kaapstad se erfgoed, bome en huise in die pad	29	Rorke's Drift to be rebuilt	51
Mense wen dalk nog stryd om plein	30	Americans could be allies in the fight to preserve the beautiful sand dunes of Mapelane	51
City plaques link with the past	30		
Kaap wil sy ou geboue lys	30		
Historic finds in company vaults	31		



Inhoudsopgawe

R40 million ore rights threaten coastline	52	Kerkplein	79
Mapelane forest will be safe says IDC boss	52	Stemreg	79
Beauty spot, visitors merely spotted the beauties	53	Heroorweeg die nee	80
A Natal Pioneer	53	Die laaste stryd	80
S.W.A.		Erfgoed	80
Bruno von Bach sterf	54	Dink weer	80
Nuwe voorsitter	54	Eerbare uitweg	80
Stigting Simon van der Stel soek ou foto's van Windhoek	54	Kerkplein dink weer 'n slag	81
Konferensie nuus	55	Over to the PM	81
Transvaal		Die Volkstem	81
Pretoriase streekkomitee herkies	59	Daar skort niks met Kerkplein	81
Boekenhoutfontein	59	Fasade oor erfenis	82
Boekenhoutfontein revived	59	Square – back to square one	82
List of items needed for Boekenhoutfontein main house	62	Kerkplein	82
Die Cuiper expedition commemorated	63	Church Square	83
Bit of old Barberton	63	They met to right a wrong	83
Ou Boerehuis	64	Die volkstem reg en verkeerd	84
Twee kanonen van het V.O.C. schip Middelburg	64	O.V.S.	
Langste klipheining in die land	65	Skoolkoshuis word nasionale gedenkwaardigheid	86
Die Z.A.S.M. hyskraan op Witbank	66	Elizabeth le Roux-huis	86
Historiese gebou kan dorp R $\frac{1}{4}$ miljoen kos	66	Bultfontein	86
City Hall should be preserved	67	Overseas – Buiteland	
Heilige herrie oor RAU-rugbyveld	68	A future for our past	87
Beeldhouer van Wouw se huis	68	European Architectural heritage year	88
Bad vir 'n edelman	69	The beautiful Bradbury building	88
Sunnyside se Reitzhuis	70	What made the Byzantines desperate for Persian silk	89
City to save prison	71	Buckinghamshire's revolving fund	90
Pretoria's Church Square – South Africa's Heritage	73	Movement – but in what direction?	91
Citizens committee for the preservation of Church Square	74	Fontein openent jaar van de monument	91
Oorsig	74	Ere-lid	92
Die historiese bekoorlikheid van Pretoriase stadskern gaat verdwynen	76	Dit kan gedoen word	92
Argitekthe pleit om behoud aan plein	76	Europees monumentenjaar 1975	93
Vroue stryd om Kerkplein geloof	77	Amsterdam 700 years old	93
Square could yet be saved	77	Stadsherstel voltooië honderd restauraties in de hoof- stad	94
The Mayor takes the field	77	Huge Dutch sea dam delayed	95
Rescue Square – expert	78	Oor Boeke – About Books	96
Monumente: 'n wet is nodig	78	Briewe – Letters	102



Deurbraak vir bewaring ?

Die bewaringsopset in Suid-Afrika is, in vergelyking met lande soos Nederland, Frankryk en Brittanje, besonder moeilik. Bewaringsinstansies in daardie en ander lande, het natuurlik ook 'n stryd om te voer en probleme om te oorbrug, maar dit het ons ook en nog meer, in dat bewaring nog nie die diepe en breë inslag by ons publiek en owerhede gevind het nie as wat wel in Wes-Europa die geval is. Wetgewing met betrekking tot bewaring is op plaaslike, provinsiale en sentrale vlakke by ons rudimentêr en ongekoördineerd. Owerheidsfinansiering vir bewaring en restourasie is in Suid-Afrika onvergelykbaar met die geval in Wes-Europa en die VSA. Die Stigting, die nasionale heemskutorganisasie, kry uit bydraes van plaaslike provinsiale en sentrale owerhede saam nog geen R35 000 per jaar nie. Die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, die statusêre bewaringsliggaam, kry saam met sy ad-hoc restourasietoelaes nog geen R200 000 per jaar nie.

Om nou maar net Nederland as voorbeeld te neem, daar word jaarliks 600 geboue gerestoureer teen 'n koste van ongeveer R80 miljoen waarvan die verskillende owerhede nagenoeg 50% bydra. Dat dit daar moontlik is het verskeie oorsake waarvan die belangrikste die positiewe oriëntasie tot bewaring aan die kant van die amptenare en politici op al drie owerheidsvlakke is, wat dit moontlik maak vir private inisiatief om bewaringswerk op so 'n groot skaal te onderneem, en die feit dat bewaringswaardighede maklik te identifiseer is. Dit is dus gewoonlik maklik om vas te stel welke restourasieprojekte vir restourasiesubsidies kwalifiseer omdat daar deeglike rekords van bewaringswaardighede bestaan en nagehou word.

In Suid-Afrika staan die saak anders. Benewens die nog onvolwasse stand van ingesteldheid tot bewaring by die owerhede en die publiek, is daar nog geen nasionale lys van bewaringswaardighede nie. Tot dusver was dit private inisiatief wat in Suid-Afrika in bewaring die leiding geneem het, en hierin het die Stigting die voortou geneem tot waar hy vandag met dankbaarheid toenemend kollega-liggame tot die bewaringsterrein kan verwelkom. Die RNG het hom in die

verlede by sy hoofsaak gehou, te wete, bewaring in die vorm van beskerming deur proklamasie, tot gedenkwaardigheid of monument dan. Onlangs het die RNG ook die restourasietrein betree wat natuurlik verwelkom word. Maar dit het, omdat die RNG en die private liggame uit dieselfde bron vir staatshulptoelaes moet put, meegebring dat private eienaars van geproklameerde geboue weinig aan restourasiesubsidies via die aangewese kanaal, die RNG, kan bekom. Dit het 'n remmende uitwerking op restourasiewerk deur privatenie-komersiële eienaars. Die oplossing lê in 'n dramatiese toename in die beskikbaarstelling van fondse vir bewaring deur die owerhede wat op sy beurt weer private investering in bewaring skerp sal stimuleer. En interessant genoeg, is so 'n toedrag van sake nie inflasionisties so gevaarlik as wat die vernietiging van nog bruikbare geboue en hul vervanging deur nuwebou is nie.

Die tweede aspek van die gebreke in ons Suid-Afrikaanse bewaringsopset is dan die gebrek aan 'n maklike manier om bewaringswaardighede te identifiseer vir bewaring, restourasie en versorging. 'n Lys van bewaringswaardighede sal dit vir beplanners van allerlei aard op alle vlakke moontlik maak om vooraf te weet hoe en waar ontwikkelingsplanne voorsiening vir bewaring moet maak. Sodoende sal latere kontroversie oor en weerstand teen die beoogde ontwikkeling tot 'n minimum beperk kan word, indien nie heeltemal uitgeskakel kan word nie. So 'n nasionale lys van bewaringswaardighede sal dit ook vir owerhede aansienlik makliker maak om sinvol te kan oordeel oor die toekenning van subsidies.

Die opstel van so 'n nasionale lys is egter geen geringe taak nie. Om dit van bo af te wil doen is uiters moeilik. Die RNG, wat logies gesien so 'n taak sou moes onderneem, beskik eenvoudig nie oor die leerskare van amptenare wat daarvoor nodig sou wees nie. En al was die manekrag en fondse daarvoor beskikbaar, sou die amptenare uiteraard nie oor voldoende plaaslike kennis kan beskik om te kan verseker dat alles wat gelys behoort te word wel op die lys kom nie.

Die Stigting is van mening dat plaaslike kennis en plaaslike inisiatief ingespan moet en kan word om plaaslike lys van bewaringswaardighede op te stel wat dan later deskundig geëvalueer en gekonsolideer

kan word tot 'n nasionale lys met streeks-indeling en indeling volgens die soort van bewaringswaardigheid.

Dit is dan ook een van die redes waarom die Stigting positief gereageer het op die Genootskap Oud-Pretoria se voorstel van April 1973 dat die Stigting 'n nasionale konferensie belê van persone en instansies wat belang het by en aktief is in bewaringswerk. In sy voorbereidings vir so 'n konferensie het die Stigting kontak opgeneem met plaaslike historiese verenigings, bewaringsliggame, argitekte, historici en andere. Daar is ook 'n waarskynlike vorm vir 'n lys van bewaringswaardighede aan die hand gedoen. Die beoogde konferensie het in September 1974 plaasgevind. Hierdie Eerste Nasionale Konferensie van Historiese Verenigings en Bewaringsinstansies het verskeie aanbevelings gemaak waaronder die noodsaak van die eventuele daarstelling van 'n nasionale lys van bewaringswaardighede.

Dit is besonder verblydend dat daar noual praktiese reaksie hierop gekom het. Die Stadsraad van Durban het in medewerking met die Natalse Provinsiale Instituut van Argitekte onlangs die eerste plaaslike lys van bewaringswaardige geboue, in Durban, gepubliseer. Dit is 'n knap stuk werk en die outeurs verdien daarmee gekomplimenteer en bedank te word vir die leiding wat hulle geneem het.

In Kaapstad is daar ook nou begin met 'n soortgelyke projek en in Windhoek het die Stigting se streekkomitee aldaar ook al 'n hele ent gevorder met hulle optekening, beskrywing en fotografering van bewaringswaardige geboue. In Pretoria het die Studiegroep van Pretoriase Argitekte al tien jaar gelede begin met so 'n taak maar kon dit ongelukkig nog nie verder as 'n basiese konseplys bring nie.

Ons meen dat daar geen beter spesiale projek vir enige plaaslike historiese vereniging, museumkomitee, plaaslike owerheid, argitekte groep of streekkomitee van die Stigting is om te onderneem nie as juis die opteken en op rekord bring van plaaslike bewaringswaardighede nie. Dat so 'n projek nie sonder fondse verrig kan word nie is natuurlik waar. Op die uiteraard beperkte skaal van 'n plaaslike lys en met gebruikmaking van vrywillige opnemers, hoef dit egter nie onmoontlike bedrae te verg nie. Plaaslike owerhede kan gerus simpatieke oorweging skenk



aan versoeke vir hulptoelae van liggame of groepe wat so 'n belangrike diens aan hul gemeenskappe wil lewer.

Daar is in Suid-Afrika ongeveer 70 plaaslike historiese verenigings. Saam met die ander kollegiale groepe soos museums en andere, is daar ongeveer 200 instansies wat bykans die hele of 'n baie groot deel van Suid-Afrika dek. Indien elk nou 'n lysingsprojek sou onderneem, sal ons oor 'n jaar baie naby aan die ideaal van 'n nasionale register van bewaringswaardighede kan wees. Dan sal en hiervan is ons oortuig, owerheidsopptrede om die register 'n werklikheid te maak nie uit bly nie. En dit sal 'n besondere deurbraak vir bewaring in Suid-Afrika wees.

—W J P

South Africa's national trust

Does South Africa have need of a National Trust? Does it Exist? The answer to both questions is fortunately in the affirmative. The Simon van der Stel Foundation was established in 1959 as the first and still only national conservation body, for the expressed purpose of promoting conservation and acquiring and restoring properties to be kept in trust or preserved for the benefit of the nation and for posterity.

The Foundation's constitution or Memorandum and Articles of Association, for it is a registered public company not for profit, describes its purposes as: the main business which the company shall be entitled to perform shall be to operate as a cultural body and national trust organisation, as an association of members, in the Republic of South Africa and in South West Africa, by promoting the preservation, by purchase and restoration or otherwise, of buildings or groups of buildings and or of areas with or without buildings and or of objects that have historic, cultural historical, anthropologic, architectural, aesthetic, artistic or natural merit.

The concept of a national trust organisation has been slow in developing in South Africa. Only recently has public awareness of the urgent need for conservation gained any semblance of wide spread or general recognition, as evidenced by the recent dramatic growth in

the Foundation's membership and the emergence of a number of conservation, historic and purely environmental, bodies and new local history, vernacular architecture societies and restoration companies.

Public awareness and demand for historic conservation has outpaced government recognition and action in this field. Local, regional and national authorities have not kept up with their publics in this regard. Legislation and financing for conservation at these levels of government is poor, lacking, uncoordinated or rudimentary in comparison to other countries. Fortunately there are signs which indicate that the authorities are no longer unaware of the change that has come about in the minds and attitudes of the citizens in regard to what is happening to their heritage. This new awareness could lead to developments at governmental levels which should be beneficial to conservation.

However the authorities still require indications of public sentiments and concern, require to be shown the depth and breadth of the national demand for conservation. This demand can be demonstrated, and is, in several ways. The recent events regarding the western facade of Church Square can have left little doubt in any objective observer's mind that many tens of thousands of South Africans from all walks of life and political persuasions want those buildings to be preserved. Public reaction to the planned freeway through the Knysna forests also demonstrated quite clearly that South Africans have become aware of the need for a conservationist approach to development.

A national trust such as the Foundation relies on public support and on government grants for funds. In terms of numbers the Foundation has good support, 6 500 members being quite a large membership in the South African context. Financially the Foundation has inadequate support, from both the private and public sectors, for it to be as effective as the national conservation need demands of it.

In spite of this and its relative youth, although it is the oldest and only national conservation association, the Simon van der Stel Foundation has succeeded in acquiring properties in the West Cape, East Cape, Natal and Transvaal. Of these Macrorie House in Pieter-

maritzburg, 22 Kerk Street in Tulbagh and Boekenhoutfontein near Rustenburg are open to the public. Bothsabelo near Middelburg, Transvaal is still being restored, although its Fort Merensky has been open to the public for the past 12 years. The Bradshaw Mill near Bathurst is open to the public but not yet completely restored. De Oude Bakkerij in Tulbagh, 2 Parsonage Street in Graaff-Reinet and Coornhoop in Cape Town are completed projects but privately let and so only open to visitors by special arrangement.

The British National Trust has 400 000 members, the Dutch Bond Heemschut has been operating for 65 years. Their sheer size and age make them strong and effective bodies apart from their other merits. In both countries public interest, the legal set-up and state financing for conservation are quite different from the position in South Africa. This has to change and it will, but it will take time and effort. Imagine what the Foundation could do with 20 000 members and a R1 million annual budget instead of only 6 500 members and a R100 000 budget. With that kind of support the Foundation could provide fully developed national trust amenities in all regions of the country.

The National Monuments Council, formerly the Historical Monuments Commission, is a government agency, as such it is a 'national' body, for the protection of national monuments by ministerial declaration. Recently the N M C has increased the scope of its conservation function by undertaking its own restoration projects. The N M C however still suffers from two serious problems, lack of adequate funds and the curious proviso that it may not declare government owned property to be a national monument! A peculiarly South African condition that visiting foreign conservationists can only shake their heads at in disbelief. Lack of funds means that the N M C has a huge backlog in plaques for already declared monuments, cannot police or protect declared monuments against decay and vandalism, cannot implement a much needed national crash programme of declarations and listing and cannot provide adequately for restoration and maintenance subsidies to owners of declared monuments. The N M C is now also providing restored properties as a national

amenity, but as a statutory body lacks the element of participation by the people which one expects to find in a true national trust body.

Conservation is for people and in a democratic country, by the people, which implies for the state, provision of funds and laws for conservation and for the citizens, provision of funds and effort or participation in conservation activities.

Members of the Simon van der Stel Foundation by their membership are jointly and severally participating in South Africa's national trust movement and contributing to change for the better in conservation and the preservation of their common national heritage.

W J P

Conservation grows

Dr S Meiring Naudé, national chairman of the Simon van der Stel Foundation, had an encouraging story to tell the annual general meeting at Paarl recently when he presented his yearly report on the activities of a body that, starting rather uncertainly in 1959, is today enjoying the support of dedicated conservationists in most parts of the Republic and South West Africa. In the first place membership of the Foundation has in the past year shot up by 32 per cent and now stands at 6 500 as against 4 800 the previous year.

The chairman understandably takes pleasure in the Foundation's having become the leader in the preservation of South Africa's national heritage in buildings, sites and objects of historic and aesthetic value. But he emphasizes the immense task that lies ahead and calls not only to fellow-conservationists to join the Foundation, but for more enlightened legislation for conservation and the care of monuments and for the funds to do so. It is essential, he says, that the Foundation increase its portfolio of fixed properties, especially as far as income-producing urban ones are concerned, and in this respect he appeals to both companies and individuals either to give appropriate properties or to provide funds for their purchase and restoration.

The state must play its part and does so through the National Monuments Council, he says, but in the end it is the citizen who must decide and direct the state in what should be done and how.

—Cape Times, August 8, 1975

Call for conservation

Conservationists will be encouraged by the forthright views expressed by the new Mayor of Cape Town, Mr John Tyers, in his inaugural address.

He believes that the city "is rapidly losing its architectural and historical character through destruction of its old buildings and their replacement by ones of modern architectural design." The divergent interests of development and conservation are not easily reconciled, but Mr Tyers is seeking to restore some sort of balance in a situation where, in recent years, the scales have dipped heavily in favour of the bulldozer. As he quite rightly pointed out, "we are trustees for future generations." He advanced the basic proposition, so often overlooked, that if children are to have any sense of history they must be able to see how their forebears lived. Mr Tyers will need no reminding of the urgency and practical difficulties surrounding the task he has set himself. The pace of change, not always for the better, has accelerated in the past few years and it will require considerable vigour and diplomacy to reverse a trend which embodies the philosophy of "off with the old, on with the new." There is, however, a welcome groundswell against the steady erosion of the city's heritage which should be of great assistance to Mr Tyers.

—The Cape Times, September 8, 1975

Erkenning vir Bewaring

Die Nasionale Raad van die Stigting Simon van der Stel het besluit om die Stigting se ere-penning in brons, silwer of goud toe te ken in verdienstelike gevalle van buitengewone bydraes tot die vordering van die Stigting en sy werksaamhede en doelstellings.

Enige persoon of liggaam, genomineer en geselekteer en volledig gemotiveer deur lede van die Stigting, kan in aanmerking kom vir die brons of silwer penning. Slegs lede van die Stigting kan vir die ere-penning 'n goud in heel besondere gevalle in aanmerking kom. Die goue penning is slegs nog drie keer toegeken, aan Sy Edele B J Vorster, aan Caltex SA Bpk en aan dr W H J Punt. Die penning in silwer en brons is nog nie van te vore toegeken nie. Slegs die Raad kan besluit oor toekennings wat periodiek by geleentheidsfunksies aan bekroondes oorhandig sal word.

Die bewaarders juig!

Die bewaarders juig! In die laaste maand of wat het 'n hele klompie vooraanstaande mense, o.a. twee met die grootste gesag in die saak, by herhaling te kenne gegaan het dat hulle die aftakeling van ons omgewings- en geboue-erfenis wil stuit. Die Administrateur het sy standpunt on-

omwonde gestel en lede van die Uitvoerende Komitee van die Provinsiale Raad het hom sterk gesteun. Nou het die nuwe Burgemeester van Kaapstad sy standpunt gestel – ewe sterk. Tussenin was daar die weldeurdagte rede van dr Anton Rupert, wat opnuut laat blyk het waar hy staan.

Die burgemeester van Kaapstad, mnr John Tyers, het vorentoe beweeg met sy leuse: "Bewaar Ons Erfenis." Dit is duidelik sy erns. En dit volg logies op die gedagte van sy voorganger dat die stad aan die mense teruggegee moet word.

Van die grootste verwoesting wat in die laaste jare in Kaapstad gesaai is, kan direk herlei word tot die afgod Motor. As die nuwe burgemeester probeer om die stadbouers se beheptheid met die motor teen te werk, sal hy 'n groot bydrae lewer tot die bewaring van ons erfenis.

Almal sal hom sterkte toewens.

—Die Burger, 6 September 1975

Die boukuns het 'n staatkundige funksie; publieke geboue is die versiering van 'n land, hulle bevestig die bestaan van 'n volk en trek mense en nywerhede na daardie land. Hulle skep liefde by die volk vir hul land en hieruit word groot dade in die volksgeskiedenis gebore.

SIR CHRISTOPHER WREN

Tande vir bewaring

Deel van toespraak van mnr F D Conradie, LUK, gelewer tydens bekendstelling van die kunsboek „Kerkstraat in't Land van Waveren" (resensie elders), 17 Julie 1975, in Kaapstad.

As 'n kunsskilder hom moet beklae, soos David Botha gedoen het:

“Die onderwerpe in die Boland raak nou skaars omdat geboue en ou muurtjies, wat so kenmerkend is van die dorpe, vinnig gesloop word”

dan moet ons dit stellig sien en aanvoel as 'n aanklag teen die gemeenskap wat vir so 'n toedrag van sake verantwoordelik is. 'n Aanklag teen almal wat daaraan meedoen – eienaars wat sloop sowel as owerhede wat dit toelaat.

Dit lui blykbaar daarop dat daar tog nog nie genoeg van 'n klimaat van bewaringsbewustheid, van respek vir wat bewaringswaardig is, geskep is nie.

Daarom temeer sal die positiewe geluide wat ons nuwe Administrateur reeds in dié verband laat hoor het, in breë kring verwelkom word.

Saam met die Burger sal alle bewaringsbewustes ook nou die verwagting koester (aan die adres van die Administrateur)

dat, waar daar 'n botsing sou wees tussen ontwikkeling en vooruitgang aan die een kant en bewaring aan die ander kant, daar waar enigsins moontlik ten gunste van bewaring gekies en beslis sal word. Daar word die laaste tyd dikwels gepraat van hierdie teenstelling, en moontlike botsing. Maar ek weet nie of dit altyd 'n suiwer siening van die saak is nie. Ons moet waak teen cliches. En dit is in sulke situasies dikwels onbillik teenoor 'n voornemende ontwikkelaar, teenoor 'n eienaar wat sy wettige regte beter en meer ekonomies wil benut, deur veranderings of uitbreidings aan bestaande geboue of deur herontwikkeling van sy perseel – onbillik teenoor hom om sulke planne sonder meer te brandmerk en veroordeel as 'n botsing met of onverskilligheid teenoor bewaring.

Dit sal na my oordeel suiwerder wees, en billiker teenoor die betrokkenes, om die vraagstuk te sien en benader as 'n kwessie van prioriteite – en dan meer bepaald prioriteite wat betref die bewilling van fondse van owerheidsweë.

Want bewaring is, en moet gesien word as 'n facet van beplanning – owerheidsbeplanning. Anders gestel: Bewaring kan alleen deur regte beplanning effektief verseker word. Maar dan moet dit natuurlik beplanning “met tande” wees – rand-en-sent tande.

Beplanning wat die moeite werd is, moet gerugsteun word deur geld. So nie, sal dit nie behoorlik geïmplementeer kan word nie. Dit is die geval selfs wat gewone ruimtelike ordening betref – om ordelike, planmatige nuwe ontwikkeling te verseker. Maar dit is des te meer essensieel wanneer dit kom by beplanning wat die andersins normale en wettige gebruik van eiendom aan bande lê – met die verklaarde of klaarblykbare oogmerk om aktiwiteite te voorkom of belet wat uit 'n bewaringsoogpunt skadelik of onwenslik geag word.

Oor die hele vraagstuk van die aantasting deur die owerheid van die individu se regte ten opsigte van vaste eiendom, het ons in die afgelope dekade 'n merkbare klimaatsverandering en klemverskuiwing kon waarneem. Teenoor die vorige houding van vanselfsprekende voorkeur van die staat se regte en belange bo dié van die individu, is die benadering vandag beslis een van billikheid, amper oordrewe billikheid, teenoor die individu.

Die een oorblywende leemte in ons houding en benadering vandag, en wat dikwels nog in die pad staan van bewaring – altans in situasies waar daar inderdaad 'n botsing ontstaan en gekies moet word tussen ontwikkeling en bewaring – is die kwessie van prioriteite wat betref die bewilling van fondse.

Dit kan met 'n paar konkrete voorbeelde geïllustreer word. Ingryping van Provinsiale owerheidsweë was nodig – gerugsteun deur die nodige geldbewilling – om die Schreuderhuis op Stellenbosch en

“Môreson” op Swellendam van gewisse sloping te red.

Min of meer dieselfde kan gesê word van die Rynse Hoek op Stellenbosch “Ravenswood” in die Tuine, die ou Slawe-kerkie en ander historiese geboue op Nieuwe Plantatie in die Paarl, Fort Selwyn by Grahamstad en “Rust en Vreugd” in die Buitekant, om net 'n paar te noem.

Volgens dieselfde beginsel sal die lot van verskeie ander ewe bewaringswaardige geboue, ens. in die nabye toekoms beslis word – sal die bewaring aldan nie daarvan bepaal word enkel en alleen deur owerheidsprioriteite wat betref die bewilling van fondse.

Selfs die huidige mees aktuele, en kritieke geval – dié van die westelike fasade van Kerkstraat, Pretoria – gaan beslis word deur die vraag hoeveel waarde, in terme van rand en sent, die owerhede heg aan die behoud van 'n reeks historiese geboue, oor die meriete waarvan, wat bewaringswaardigheid betref, daar stellig by niemand in 'n verantwoordelike posisie enige twyfel kan bestaan nie.

Dit is ook nie 'n regstreekse botsing met ontwikkeling of vooruitgang nie. Die kantoor- en ander akkommodasie waarvoor daardie historiese geboue plek moet maak, kan fisies en funksioneel maklik elders in die Hoofstad voorsien word. Maar dit sal vir die staat baie meer geld kos. En dit is die rede, indien nie die enigste nie dan ten minste die hoof-oorweging, waarom die voorgestelde staatsgeboue nie elders opgerig en daardie historiese waardevolle en onvervangbare geboue nie gered kan word nie. Die prys van bewaring word eenvoudig as te hoog beskou.

Nog 'n voorbeeld is die wingerdplase van die Paarl, wat aan die dorp sy unieke karakter gee. Daar is taamlik algemene konsensus oor die skoonheid van hierdie uitsonderlike verskynsel, en oor die wenslikheid dat soveel as moontlik daarvan behou moet word. Maar dit is duidelik – by my altans is dit 'n uitgemaakte saak – dat die ideaal nie sonder geld verwezenlik sal kan word nie. Sonder redelike vergoeding aan plaaseienaars wie se potensiële ontwikkelingsregte hulle permanent ontnem moet word, sal dit – daar hou ek my oortuig van – prakties net nie moontlik wees om vir die Paarl sy unieke wingerddorp-karakter te laat behou nie. Bowendien sal dit ook nie billik wees teenoor die betrokke eienaars en kan nie van hulle verwag word om daarby te berus nie.

Sonder vergoeding sal 'n permanente verbod teen onderverdeling net nie moontlik en uitvoerbaar blyk te wees nie, sal daar op die lange duur niks kom van dié mooi ideaal nie. As die beginsel wat ek hier bepleit, nie aanvaar sou word nie, dan vrees en voorspel ek dat ons strewe vir die behoud van die Paarl se unieke wingerddorp-karakter (om nie te praat van die beskerming van goeie

landbougrond nie) – dat dit in die toekoms al meer en meer sal wees wat dit alreeds begin word het, naamlik 'n futiliteit, frustrerende agterhoede-geveg teen ekonomiese en ander hedendaagse werklikhede.

Dit bring ons dan elke slag weer terug na dieselfde refrein – prioriteite ten opsigte van fondse-bewilling van owerheidsweë. Met ander woorde, sekere aspekte van bewaring sal 'n hoër prioriteit moet kry in terme van staatsbesteding, en behoort as't ware as staatsprojekte erken en behandel te word.

Wat betref die funksionele, die praktiese implementering van die staatsoptrede wat ek bepleit, is daar een aspek wat ek hier wil noem, en dit is die noodsaaklikheid van meer effektiewe owerheidskontrole oor die sloping van en selfs verandering aan geboue ens. wat enigsins vir behoud en bewaring mag kwalifiseer.

Aanspraak op die ingenieur

deur D. F. Malan*

Die *moderne* tye begin by René Descartes (1596-1650). Hy was die uitdinker van analitiese meetkunde, waarsonder ingenieurswese ondenkbaar is. Helder denke hang vir Descartes af van diagramme; dit wat voor oë gestel kan word. Die voorstelling kom in homself op. Ander maniere om sekerheid en nut te verkry bly 'n kritieke probleem – tot op die mens vandag.

In die wintervakansie van 1948 het ons gaan toer. Dit was na die nywerheidsgebiede van Transvaal. As ek reg ont hou, was dit die eerste verenigingstoer van die Stellenbosse ingenieurstudente. Ek was destyds in my vierde jaar, en bewus van my bedrewendheid met wiskundige bewerkings en tegniese sake wat daardeur gehanteer kon word. Die toer was 'n avontuur. Ons wou die wêreld gaan ontdek met die hoop om dit meer en meer te beheers.

Frustrasie en verval

GEDURENDE vorige vakansies het ons almal al praktiese werk gedoen. Daar het ek ervaar dat 'n nywerheid erg vervelig kan wees. 'n Mens staan voor 'n outomatiese draaibank van kwart voor sewe in die oggend tot halfses in die aand. Jy produseer voorwerpe – baie moet inpas in 'n skema wat vooraf op 'n tekenbord ontwerp is; byvoorbeeld rollertjies vir 'n skuifdeur in 'n treinkompartment. Die ontwerp bepaal daarbenewens méér as die dinge wat geïnstalleer moet word. Dit bepaal die stukkies wêreld van die mense wat hul daarbinne gaan bevind.

Aan die duskant bepaal die vervaardigingsproses weer die wêreld van die man wat voor die draaibank staan. Die doel was om vir almal 'n menswaardiger wêreld tot stand te bring. Sover dit 'n trein-kompartement betref, kan dit gaan. 'n Treinreis is tydelik. Maar nou het almal gevange geraak in die proses van ontwerp en produksie en konstruksie, op 'n manier wat dreig om sinloos te word. Die daaglikse aktiwiteit word nie meer – soos nog in die sestiende eeu – verstaan in die lig van 'n verligtingsproses wat vreugde gee in die hantering van gewone dinge, en blymoedige volharding wanneer gebeurtenisse nie na ons smaak verloop nie.

Wat skynbaar verligting gee, is die etensuur-onderbrekings wanneer medewerkers skerts en klets oor interessante hede wat nie direk met ingenieurswese saamhang nie. Sommige ingenieurstudente (voor 1948) het gebloos by die aanhoor daarvan.

Die probleem van sinloosheid ontstaan deurdat ons vir onself 'n wêreld ontwerp het. 'n Wêreld as voorstelling, 'n wêreld wat nie kan bevredig nie. Ons eie plek daarin het problematies geword. En om onself aan te dryf tot groter aktiwiteit, los nie die probleem op nie. Baie mense ken die gevoel van vervreemding en neerslagtigheid tussen die massiewe beton-, staal- en glasstrukture wat die omgewing van 'n moderne stad kenmerk. Baie van ons mymer *waarheen?* as ons *hiervandaan* gery het *daar* na toe op 'n opgeboude snelweg of in 'n straalvliegtuig, net om tot die besef te kom dat dit *daar* nie wesenlik anders is as *hier* nie.

Die ingenieur se menslikheid

Of gekunstelder tegnieke en produkte die moderne gemoedservaring gaan verhelp, moet ek betwyfel. Wat ek byvoorbeeld van televisie in Amerika gesien het, laat my nie alte hoë verwagtings daarvan vir Suid-Afrika koester nie. En of *luxury living* in hiper-super-ultra-moderne toringblokwoonstelle 'n waarborg is teen vereensaming en neerslagtigheid, moet u aan die verslaggewers van koerante vra wat selfmoord en dergelike voorvalle rapporteer.

Ontwikkeling het ongelukkig sinoniem geword met *geldmaak*. En die gedeeltelike onwetende, soms gedeeltelik teësinne konstrakteur van projekte wat tot menslike verval *moet* lei, is die ingenieur. Die proses het nie doelbewus selfsugtig begin nie. Dit het eenvoudig begin in mense se gedagtes met 'n wêreld as voorstelling. Die dwaling waarin dit verstriek geraak het word in ons eie tyd merkbaar aan protesverskynsels soos Hippies, Flower People, en so meer.

Laat my duidelik verklaar dat die aandrift van tegniek nie as sodanig boos en verkeerd is nie. Ons bevind ons op 'n aarde wat bewerk en bewaar moet word.

Doen ons dit nie, word die wêreld om ons heen woës. Alles wat menslik is, word dan mettertyd deur die oerwoud of erger groeisels soos oorbevolking oorweldig. Dit is, intendeel, menslik om daarop aangesê te wees om te heers oor alles wat ons as ongetemde natuur teëkom. En hierin vind ook die ingenieur sy taak – blykbaar op die aanskoulikste wyse van almal wat meewerk om dinge en kragte aan die mens diensbaar te maak. Die ingenieur is onmisbaar om vir ons 'n leefbare plek op aarde in te rig.

Die wese van wetenskaplikheid

Die ingenieurstudente se toer in 1948 was 'n opvoeding. Aan die een kant was Vanderbijlpark in aanbou. Die magtige stukke masjien-gereedskap wat vir monteurs en operateurs staan en wag het, het ons monde laat oophang. Aan die ander kant was die kragstasies en fabriek van Vereeniging reeds lank in werking – met bedrukkende neweprodukte. Soos Totius jare tevore van die Witwatersrand geskryf het: *Dis heuwels, heuwels, heuwels net sover 'n mens se oog kan speur; maar heuwels sonder struik of gras en droewigwaal, nes as gekleur.*

Origens het die *Vaaldrieboek* tot by Pretoria, kombinasies vertoon van wat opwindend en bedrukkend was. Agter die konstruksies sit natuurlik navorsing. Die WNNR, soos ons dit in 1948 aanskou het, was skaars te vergelyk met die ingewikkeldheid en afmetings wat dit nou, 'n kwarteeu later, aangeneem het. Maar wesenlik bly dit dieselfde. Deur wetenskaplike navorsing word dinge en kragte meer en meer onderwerp aan menslike beheer. Dinge en kragte word aangeval en in hegtenis geneem deur die mens se waarneming, berekenings, beplanning, kweking en bewerking – alles, natuurlik deur die wêreld te maak tot voorstelling.

En agter wetenskaplike navorsing staan die universiteite. 'n Universiteit is per slot van sake veronderstel om beter mense te vorm. Dink aan die vertaling van Stellenbosch se universiteitsleuse: *Die regte opvoeding versterk die inbors*, d.w.s. versterk die gesamentlike geestelike eienskappe. Ek het myself in die Transvaalse winter van 1948 afgevra: wat kom van *geestelike eienskappe* by my as ingenieurstudent tereg?

Teenwoordigheid van gees

Om van *gees* te praat is 'n twyfelagtige onderneming. By verskillende mense wek dit verskillende houdings. Gedurende die 1948 toer op Vereeniging het 'n paar van ons in 'n eenvoudige losieshuis eet- en slaapplek gekry. 'n Ander loseerder was lid van 'n sekte en het daar geen geheim van gemaak nie. Gou was hy en ek in 'n argument betrokke. Hy wou almal laat verstaan hoe *geestelik* hy is – in teenstelling met die lidmate van erkende kerke. Hy en sy geesverwante sou byvoorbeeld

nie daarvan droom om bioskoop toe te gaan nie. Dit laat my dink aan wat Langenhoven glo gesê het: *Hulle is só vroom dat hulle aan die aarde moet nashou om te keer dat hulle hemel toe val.*

Dit het geklink of die sektariër ook geneig was om *aardse* professies soos ingenieurswese as minderwaardig te beskou. Ek het hom probeer oortuig dat om deur die Gees (nou met 'n hoofletter) gelei te word, nie beteken wêreldontvlugting nie. Intendeel, die Gees spreek deur die Bybel. En Bybelstudie stel 'n mens juis in staat om uit te gaan en ten volle te *leef* in jou wêreld. Die sektariër het nie gehou van so 'n verklaring nie. Hy kyk my aan, sluk 'n slag, en sê driftig: Dit sal die *donderse* dag wees! Sy taal het verrai dat hy voorwaar aan die aarde moet vas hou.

In die jare daarna het ek geleer verstaan dat 'n mens se *geestelike eienskappe* nooit hoofsaak kan wees nie. Want om kenmerke van die mens te ontleed en daarop te konsentreer, beteken dat van die mens 'n voorstelling gemaak word soos van die voorwerpe wat wetenskaplikes oor die algemeen en ingenieurs in die besonder, onder beheer kry. Die metode het weliswaar nut. Dink aan *geesteswetenskappe* soos antropologie, psigologie en sosiologie. Maar dit het perke. Erken ons die perke nie, verwag ons alles van wetenskap en tegniek, verdwaal en verstriek ons in die troosteloosheid wat ek hierbo aangedui het.

Twee denkwyses

Hoofsaak is dat die mens méér is as dit wat voor oë gestel kan word hetsy by wyse van eksperimentele waarneming, hetsy by wyse van diagrammatiese ontwerp op teoretisering. Die menslikheid van die mens – laat ons nou verder gaan – bestaan daarin dat hy sy lewe *buite* homself kan soek, en kan vind, omdat hy gevind *word* deur die Onsiënlike, die Onvoorstelbare. Die waarheid daarvan kan nie ten volle bevat word selfs met behulp van Einstein se teorie van 'n *vierde dimensie* ensovoorts nie. Einstein se denke volg nog maar die tradisie van Descartes. Laasgenoemde is eintlik nie so *modern* nie. Descartes, met sy denkopset, is erfgenaam van die Grieke in die eeu voor Christus, al het hy dit blykbaar nie besef nie. Onder die klassieke Grieke was wiskundiges van naam.

Ons is opmerkzaam gemaak op die Onsiënlike. Uit wat gesê is, kan ons dit noem die Oorsprong van alles wat goed is. En terwyl dit nie *gesien* kan word nie, kan ons ten minste daarvan *hoor*. Ek het gepraat van 'n verligtingsproses. By die antieke Hebreërs, onderskei van die Grieke, verneem ons die getuienis. Die profeet Jesaja spreek tot almal wat frustrasie en verval beleef het: *Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die HERE gaan oor op jou!* Die HERE is die Gees; en HY is meer.

Daarby is *lig* vir die Hebreër 'n beeld van heil en vreugde. *Word verlig* beteken dat die Goddelike magswoord aan 'n mens die krag verleen om te volbring dit wat die woord eis. Onder meer bedoel die profeet dat gesdrif geskenk word vir 'n taak wat gewoonweg so saai kan wees as om voor 'n outomatiese draaibank te staan, of om geboë jou jare deur te bring oor 'n tekenplank. Maar dis nie al nie. Die profeet verkondig die roemryke dade van dié Een wat ook gewone mense met gewone professies in Sy diens neem om die wêreld te verander.

Elkeen wat die roepstem verneem, elkeen wat daarvolgens handel, leef deur sy geloof. Dit wil sê hy ken en vertrou die onsiglike Een dermate deur sy geloof. Dit wil sê hy ken en vertrou die onsiglike Een dermate dat God nie vir hom 'n abstrakte begrip is nie, maar 'n lewende Persoon; paradoksaal Persone, van wie Hy hom nie direk 'n beeld mag voorstel nie, maar met Wie hy woordgemeenskap kan hê. Die Christen-gelowige noem God *Vader, Christus, Heilige Gees*. En die gelowige laat hom lei ook waar, en hoe, hy met sy talente en toerusting moet dien.

Alles is nodig

Talente en toerusting: daar is verskeidenheid van gawes, en gelukkig so. Wat die Grieke en Descartes ons nagelaat het, moet opgeneem word om sekere dinge mee reg te kry. Dus, wie *oë* het om te sien, laat hy dit gebruik! Werk met 'n wêreld as voorstelling. Moet net nie meen dat dit die enigste manier van ken en dink is nie. En moenie daardeur selfsugtig probeer heers nie.

Want fundamentele is dit wat die Hebreërs ons nagelaat het, dit wat nou ten volle deur die Christelike Kerk verkondig word. Dus, wie *ore* het om te hoor, laat hy dit hoor en doen! En eendag, wanneer die huidige lewe verby is, sal hy weereens verneem: *Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal Ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou Heer.*"

D F MALAN
BSc Ing, MA en MTh

—*Erkenning Sigma 1974 Stellenbosch*

Is hulle diktators ?

Wie maak die finale besluit i v m dorpsbeplanning? Die Stadsuitlêer? Die Stads- of Dorperaad? Die Provinsie miskien? Nie een van hulle nie.

Tegnies berus die stad se beplanning by een man: die Administrateur. Volgens wet het hy algehele gesag oor die dorps-

of stadsontwikkeling van die hele Transvaal!

Hierdie feit is aan die lig gebring tydens 'n kursus "Planning Places for Living" wat deur die Universiteit van die Witwatersrand se Somerskool aangebied is. James Clark, wat die kursus bygewoon het, vertel verder:

"Indien 'n spekulant 'n yslike wolkekrabber in u buurt wil oprig, dan is dit nie die stadsontwerper wat die belangrike persoon is nie – hy het die minste gesag van almal – maar die Administrateur. Al sou die belastingbetalers in hul honderde protes aantekens, selfs al sou die Dorperaad beswaar maak of 'n voorgestelde bebouing afkeur, kan die Administrateur almal te bowe gaan.

"Hy kan sy besluit in die geheim maak en niemand, nie eers die Stadsraad, hoef te weet waarom hy besluit het om die spekulant sy sin te gee nie. Volgens die Wet het hy nie nodig om redes hiervoor aan te voer nie."

"Daarenteen word hy ook nie verbied om redes te gee nie."

Het die Transvaalse Administrateurs al van hierdie mag gebruik gemaak? Dikwels.

"Al sou Administrateurs aangestel word vanweë hul deskundigheid op die gebied van stadsbeplanning, word die plaaslike owerhede nogtans erg hierdeur gekniehalter."

Mnr A Pike, regsadviseur i v m stadsbeplanning, het 'n paar van die moeilikhede waarmee die plaaslike owerhede te kampe het, aan die lig gebring. Die gehoor het hierdie feite skokkend gevind, alhoewel hierdie toestand al vir jare heers.

"As 'n gewone persoon byvoorbeeld sy grond wil verdeel of vir 'n ander doel gebruik, moet hy publieke kennisgewings van sy voorneme plaas en dit ook in twee koerante, in twee tale, adverteer. As die Provinsie egter 'n tamaaie hospitaal wat miljoene rande sal kos, op een van die mooiste koppies in Johannesburg wil bou – soos tans gedoen word – is dit nie nodig om van iemand toestemming te vra nie.

"Volgens Professor Ivan Schlapobersky kan die Provinsie bou wat hy wil, waar hy wil, sonder om enigsins van sy voorneme kennis te gee en derhalwe sonder om die belastingbetalers die geleentheid te bied om beswaar te maak."

"Professor Nick Patricios, deskundige op die gebied van stadsbeplanning, stel voor dat die hele beslissingsopset verander word sodat daar kan beplan word vir mense, pleks van vir landgebruik."

Is die ander Provinsies gelukkiger as die Transvaal in hierdie opsig?

Ons Administrateurs het almal feitlik dieselfde magte, hoewel Natal, met sy Stads- en Streekbeplanningskommissie, die beste daarvan afkom.

"Die Kommissie is 'n buffer tussen die publiek en die Administrateur. Die Administrateur bemoei hom nie direk met die publiek se netelige klagtes nie en as

mev. Smith byvoorbeeld beswaar maak teen die oprigting van haar buurman se gemakhuise na aan haar grens en wil weet waarom sulke dinge toegelaat word, word haar klagte aan die Kommissie gestuur."

Die Stads- en Streekbeplanningskommissie dien ook as klankbord en tussen-ganger. Onlangs het die Kommissie die plaaslike owerhede van die kusdorpe "dringend versoek" om te verhoed dat hoë geboue na aan die strande opgerig word. Dit het gebeur voor die publiek so sterk onthuts was oor die oprigting van 'n voorgestelde 17-verdieping gebou in Ramsgate.

Hoewel die Kommissie gemagtig is om by plaaslike skemas in te gryp en op wysigings aan te dring, is hy verplig om die plaaslike owerheid aan te hoor. Sodoende kan gesien word dat die reg laat geskied. As die plaaslike owerhede met dié beslissing ontevrede is, kan hulle by die Administrateur appèl aantekens, hoewel dit baie selde gedoen word.

As u nie met die beslissing van u plaaslike owerheid eens is nie, kan u by die Stadsbeplanningsappèlraad gaan aanklop. Dié Raad se uitsprake word gegee en gepubliseer, en u mag miskien ondersteun word deur die deskundiges van die Dorps- en Streekbeplanningskommissie wat die verhoor kan bywoon en 'n onpartydige mening uitspreek oor tegniese aspekte i v m beplanning.

Maar om regverdig te wees is dit misleidend om al die skuld op ons Administrateurs te pak. Die Administrateur het die toestemming van sy Uitvoerende Komitee nodig, die Uitvoerende Komitee tree vir die Provinsiale Raad op en die Provinsiale Raad word deur u gekies. As u dus ontevrede is met die besluite i v m stadsbeplanning wat in u kontrei geneem word, weet u waar om die aksie te voer.

—*African Wildlife, Volume 29, No 2*

Wesentlike elemente in Stadskoonheidsbeleid

Nederland is by uitstek 'n stedeland met Amsterdam voorop. Sy stede het in die 17e en 18e eeuse Nederland groot gemaak. Die magtige Staten van Holland (teenwoordig Noord- en Suid-Holland) is gekies deur die stede, deur stedelike besture gevorm deur die welvarende koopliede. Uit die geleedere van hierdie invloedryke en gedugte stadsbestuurders, het ook gekom die direkteure van die magtige wêreld-maatskappye, die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie, die

Geoktrooïeerde Wes-Indiese Kompanjie en die Groenlandse Kompanjie. Tans ken die Nederlandse Grondwet net een groot stad, Amsterdam, wat ook nou 'n gemeente (munisipaliteit) is soos die ongeveer 900 kleiner stede en dorpe. Maar wat wel oorgebly het van die vroeëre bestel is 'n vorm van stedelike outonomie erken en gerespekteer deur beide provinsie en ryk (staat). Gemeentes of munisipaliteite het sekere regte om baas in eie huis te wees. Van belang vir bewaringskundiges is dat die gemeentebesture in Nederland se reg om bouvergunninge binne sy gebied te verleen deur die hoëre owerhede gerespekteer word. Hierdie bouvergunninge word slegs verleen by voldoening van sekere tegniese en estetiese vereistes. Die tegniese aspekte word deur stedelike amptenare oorweeg. Die estetiese word deur kommissies vir skoonheid en welstand bestaande uit amptenare en burgers oorweeg. Hoe nuwebou in 'n gemeente gaan plaasvind en wat die voorkoms daarvan gaan wees, word deur hierdie kommissies bepaal, bepalinge wat gelyk geld vir private, stedelike, provinsiale en staatsgeboue. Belangrik ook is die algemene bepalinge in Nederland dat hoogbou slegs kan geskied op 'n stuk grond wat vier keer groter is as die basismaat van die beoogde gebou. Appèl na hoëre instansies is natuurlik wel moontlik, soos by die regspleging, maar die demokratiese reg van die stadsburger om op sy eie werf te bepaal wat met sy eie omgewing gaan gebeur, word altyd geag. Die Nederlandse Parlement is natuurlik oppermagtig en het die mag om stedelike outonomie aan te tas deur wetgewing. Maar so 'n voorstel het nog nooit in die Parlement ter tafel gekom nie. Ek het Suid-Afrika al dikwels besoek, ek is lief vir die land en sy mense en sy geskiedenis en vir die skoonheid van sy natuur en stede. Daarom was ek so geskok toe ek vir die eerste keer die Transvaalse Provinsiale Administrasiegebou aan Pretoria se Kerkplein gesien het, daardie gebou wat met sy onpaslikheid en onmenslike skaalvergroting so 'n verpletterende indruk op Kerkplein maak. Gesien uit die oogpunte van stedeboukunde en stadskoonheid en ook van op die mens aangepaste maat en skaal, word hierdie nasionale Plein se bekoring bepaal deur Anton van Wouw se meesterstuk, die Kruger-beeldegroep, die Wierda-meesterstukke van die ou Raadsaal en die Paleis van Justisie en hul pragtige skakel, die geboue aan die Westelike front van die Plein. Hierdie baksteen en sandsteen geboue pas voortreflik bymekaar aan, vorm 'n fraaie geheel. Hulle sorg vir waardigheid, 'n goeie profiel, 'n juiste ritme van menslike skaal en van tekstuur en verteenwoordig boonop 'n stuk nasionale geskiedenis in die hart van Transvaal.

Na wat verneem word was daar vroeër in Pretoria 'n stedelike verordening wat

'n maksimale bouhoogte van ses verdiepings neergelê het. Tog het die TPA-gebou met sy sestiende verdiepings, aan Kerkplein nogal, verrys. Hoe is dit moontlik? Is die Stadsraad van Pretoria dan nie baas op eie werf nie? Blykbaar nie, dit wil my voorkom of die Provinsiale Administrasie meen dat hy as hoëre instansie, en die sentrale owerheid as nog hoëre instansie, nie gebonde is aan die magsgewing wat hyself gedelegeer het nie. Hy beskou homself dus as die hoëre instansie ook op munisipale terrein wat hom dan die reg gee om na eie wil op te tree en die wil van die stedelike owerheid en burgers te ignoreer. U sal begryp dat ek so 'n situasie moeilik kan verwerk. Gesien dat so 'n situasie blykbaar wel bestaan, hoe is 'n ewewigtige stedeboukundige beleid aan die kant van die plaaslike owerheid moontlik? Ek weet nie en kan maar net dink dat dit tot chaos in stadsbeplanning en onuithoudbaarheid in die bewaring van kulturele erfgoed moet lei.

Toe die TPA se hoogbouplanne eenmaal uitgevoer was, was die weg vry gemaak vir verdere ontwrigting van die stedeboukundige beeld van Pretoria. Wat die Provinsie en Staat hom toegeëien het, kon toe nie meer aan partikuliere persone en instellings geweier word nie. Die gevolg is die Poyntongebou, die SA Landbou-uniegebou, Munitoria, Civitas en so meer, tot skending van die stadsgepig, tot nadeel van die maat, ritme en profiele en silhoeët van die stad as menslike omgewing. Die hoogbou-kanker versprei. Met elke besoek merk ek dit. Pretoria se fraaie stadsilhoeët, sy atmosfeer en skoonheid word verbreek en geskend. Met weemoed moet ek vanaf die hoër geleë Muckleneuk die stad benede my gade slaan en sien hoe talle toringblokke die natuurlike rantjies-horison na die noorde verbreek. En dit duur voort. Hoogbou in die Fonteinedal? Kan seker wel. Met al die snelweë ingeforseer in hierdie mooiste stedelike natuurreservaat in die land, is enigiets seker moontlik. Ek voorsien met hierdie soort beleid nog veel stedeboukundige ellende vir Suid-Afrika.

Maar my grootste skok nog het gekom toe ek moes verneem dat die Departement Poswese en die Provinsie besluit het om die wesfasade van Kerkplein te sloop en dit met nuwe hoogbou te vervang. Onvoorstelbaar, hoe is dit moontlik? Van Pretoria tot in Kaapstad het ek nog nie een algemeen beskaafde en gekultiveerde Suid-Afrikaner raakgeloop wat die "voortgang" verwelkom nie. Verbete het die land se voorste bewaringskundiges en kultuurmanne geveg vir die behoud van die hele Kerkplein en sy fraaie wesfasade. Tevergeefs? Onbegryplik!

Ek merk dat die Poskantoor en TPA sê dat hulle die beoogde hoë geboue juis op dié terrein aan Kerkplein nodig het, ja móét hê. Hoe so? Ek kan as modern

denkende mens nie aanvaar dat die hoofgebou van die nasionale kommunikasiewese nêrens anders kan staan nie. As ons met die maan kan kommunikeer sou ons dan nie kon kommunikeer met 'n telekommunikasiegebou wat 'n paar honderd meters of selfs 'n kilometer of drie verder staan nie?

Laat ons nou maar nie fabeltjies vertel word nie, die saak is veel te ernstig daarvoor. My indruk is eerder dat die betrokke instansie hul geboue nie wil aanpas of elders oprig nie. Maar is dit in die algemene kulturele volksbelang. Ek glo nie, en buitendien kultuur gaan voor tegnologie soos my 40-jarige ervaring in bewaring en stedeboukunde beplanning my terdê geleer het.

Na my beskeie mening is die oplossing vir die stedeboukundige toekoms in Suid-Afrika geleë in die erkenning van stedelike outonomie gepaard met bewaringskundigheid van die uitvoerders van stadsbeplanning. Hierby moet ook gevoeg word groter effektiwiteit vir die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede. Hierdie Raad adviseer die minister verantwoordelik vir kultuursake insake die proklamering, of dan beskerming van 'n gebou of voorwerp van historiese, volkekundige of estetiese belang. Dit geskied in die algemene volksbelang en moet dus alle sulke gevalle insluit, óók staats-eiendom. Dit is nie die kwaliteit of soort van eienaar wat bepaal of 'n gebou monument-waardig is of nie, maar die gebou self, onafhanklik van wie die eienaar is. As die staat nie toelaat dat sy geboue geproklameer word nie, omdat hy dan die sogenaamde hoëre owerheid is, mag hy nie vir homself daardie voorreg toeëien wat hy nie aan sy burgers toestaan nie. Die beoordeling van 'n gebou se gedenkwaardigheid of bewaringswaardigheid geskied tog immers aan die hand van die oorwoë mening van deskundiges wat die hoogste owerheid self vir daardie doel aangestel het, teweete die lede van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.

Die situasie betreffende die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede in Suid-Afrika is werklik vreemd, in geen ander land kan sy monumenteraad net sekere private eiendom, proklameer en nie alle monumente op meriete behandel nie. Finansiële ook, is ek verbaas oor die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede se posisie, asook oor die posisie met betrekking tot restourasiesubsidies deur owerheidsinstansies. Dat slegs verklaarde nasionale gedenkwaardighede deur die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede met 'n subsidie gesteun mag word, veral waar daar só min sulke monumente in Suid-Afrika is en so veel vernietig word, is al vreemd genoeg. Die wete dat die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede buitendien onvoldoende fondse kry vir selfs die nominale steun vir bewaring, is verstommend. Dat die weinige fondse wat die Raad vir Nasionale Gedenkwaar-

dighede wel kry deur hulle vir hul eie restaurasieprojekte gereserveer word is verstaanbaar, hoewel moeilik verdedigbaar. 'n Land se monumenteraad is 'n adviserende beskermende liggaam, nie 'n eiendomsbesittende restourerende liggaam nie. Dit is die taak van die betrokke eenaars – selfs die departemente van openbare werke, stadsrade, maatskappye, Stigting Simon van der Stel, en andere, kerke en private persone, met volwaardige steun van die owerhede. In Nederland verlede jaar is 600 geboue gerestoureer teen 'n koste van R80-miljoen waarvan die owerhede R40-miljoen aan restaurasiesubsidies bygedra het aan alle soorte eenaars.

Dit lyk my of dit haas tyd is dat bewaring in Suid-Afrika die erkenning moet kry wat dit toekom, dat tot suiwerder verhoudinge gekom word, dat voldoen word aan die kulturele eise van die moderne tyd. Vooruitgang moet ware vooruitgang wees nie vernietiging en verarming nie. Die kulturele vooruitgang van 'n beskaafde volk lê nie in die sloping van sy Kerkpleine en Sawanhuise nie. Bewaring is vooruitgang!

TON KOOT

(Uit *Nederlands verbaal deur WJP*)

Time to pause

The forethought which the Government, The Province and municipalities are giving to the future of the Southern Transvaal is commendable. The Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging Road Grid is certainly an attempt at an overall plan and indeed it is described as providing for the needs of the area for at least 50 years.

It is naturally far better to plan intelligently ahead than to have to deal later with vast problems caused by neglect and the passage of time.

But having said this, it must also be recognised that incalculable danger exists in planning on such a scale. For if the overall scheme is wrongly conceived or based on faulty premises, even greater evils could be perpetrated.

The R1 000-million PWV scheme, released last November, provides for a master freeway network and will have a vital bearing on all industrial, township and local government planning in the area; in other words, on the future life of everyone in the country's most populous region.

It is against this background that Mr John Joslin, a Johannesburg business executive who has concerned himself with environmental matters, has perhaps done the community a signal service with the paper he presented at a recent property conference. For in his view the scheme is nothing but a plan for disaster. In a wide-ranging and searching examination he offered one reason after the

other why the planned grid – and in his words, “the pattern of cancerous development it will dictate” – will duplicate the worst mistakes of America.

It is a road plan, not a regional plan, he said. It will accelerate disorganised growth and urban sprawl. It will lead to a totally car-dependent society which will inhibit mass transport, destroy the city centres and limit pedestrianism.

According to Mr Joslin, the grid acts particularly against the interests of the young, the poor and the old by constraining their mobility.

The plan completely ignores the natural ecology of the region and will also lead to increased pollution through its encouragement of the automobile – and simultaneously takes no account of the developing shortage and cost of oil.

And most basic of all, Mr Joslin said, there had not been any real public debate on the plan.

This is a devastating, and frightening, view of what could lie ahead. It certainly provides reason for officialdom to pause before leaping over the brink and to satisfy both themselves and the public that the grid scheme is well-founded.

Let's know exactly what we are letting ourselves in for before we put the future into a straitjacket.

—*Rand Daily Mail*, June 21, 1975

Medal of honour for conservation

Mr Ton Koot, former secretary and presently a council member of the Bond

Mnr en mev Ton Koot, Mei 1975.



Erepenning, Bond Heemschut, muntkant.

Erepenning, Bond Heemschut, kruiskant.



Heemschut, presented the Medal of Honour for Conservation to Dr Punt on the occasion of Dr Punt's 75th birthday celebration in Pretoria.

Mr Koot, Holland's “Mr Conservation”, said that this unique honour was due to

—Foto: Frik Dreyer

Dr Punt for his exceptional contribution to the preservation of the visible Dutch cultural heritage in South Africa, such as Cape Dutch architecture and artifacts relating to the Dutch East India Co period. In particular Mr Koot referred to Dr Punt's work in connection with the origins of early South African architectural styles, tracing of Dutch works of art relating to South Africa and his important contribution to the restoration of the Jan van Riebeeck House in Culemborg, Holland.

The medal is cast in bronze and was sculpted by the Amsterdam sculptor Geurt Brinkgreve. It is 11 cm in diameter and bears the head of Mr Koot in recognition of his central rôle in the development of the conservation concept and his influence on the scope of restoration in the Netherlands and Flanders.

On the obverse of the medal appears a snake being killed by its natural enemy, the hedgehog and the words "Noli Me Tangere," Latin for "Do Not Touch Me". The timid hedgehog's fearless attack on the poisonous snake symbolises the preservationists struggle against environmental defacement and the destruction of the national heritage.

The Bond Heemschut, the Netherlands equivalent of the Simon van der Stel Foundation, was established in 1911. Today there are 40 000 historic monuments in Holland and 250 protected townscapes. The Dutch authorities contributes R30-million annually in restoration subsidies to the R80-million spent on restoring 600 buildings per year in the Netherlands.

Een markante persoonlijkheid in de heemschutwereld

Hier volgt het verhaal van een opmerkelijke man, zo één, de je maar zelden in je leven ontmoet, maar die je dan verder altijd bij blijft. Willem Punt werd op 26 april 1900 te Elandsfontein (nu Germiston) geboren uit Nederlandse ouders.

Thans 75 jaar later is hij de "Grand Old Man" van de bewaringsgedachte, de monumentenzorg, in Zuid-Afrika. Gekend, geacht, geëerd, gevreesd, gedingen en algemeen geraadpleegd als historische vraagbaak voor burger en autoriteit. Hij genoot zijn opleiding aan de Oosteind Hogere School te Pretoria, studeerde aan het Pretoriase Onderwijs College en aan het Transvaalse Universiteits College. In 1923 werd hij hoofd van een tweemans-school en 37 jaar later sloot hij zijn onderwijs carrière af in het Pretoriase Danville, na een 25-jarig schoolhoofdschap.

Dr Punt heeft zich van jongs af aan aangetrokken gevoeld tot de geschiedenis van zijn land en daarover gepubliceerd. Reeds in 1928 maakte hij een grote studiereis door de Springbokvlakte, waarover hij in 1932 een magisterthèse schreef. Zijn doctorsthèse of dissertatie was gewijd aan de pionier Louis Trichardt. Diens laatste trek naar Delagoabaai volgde hij meter voor meter en registreerde hij. Zeker twintig jaar lang maakte hij studiereizen en expedities langs de lange, moeizame en tragische trek van deze voortrekkersleider. In 1952 promoveerde hij hierop te Stellenbosch.

Tweeden leven

Eigenlijk begon zijn tweede leven pp 8 april 1959, toen de Stichting Simon van der Stel, zijn geesteskind, in het Kasteel te Kaapstad in het leven werd geroepen. Dat hij stichter was van het Genootschap Oud-Pretoria, het Trichardt-genootschap, dat hij lid werd van de Monumentenraad, de Raad voor Heraldiek, bestuurslid van de Nederlandsche Stichting Jan van Riebeeckhuis en de Stichting Jan van Riebeeck, ik laat dat terzijde, erop rekenend, dat het u bekend is, hoe mannen van deze allure altijd tijd en aandacht vinden om vele andere werken en taken op hun schouders te nemen.

De Stichting Simon van der Stel is voor Zuid-Afrika de particuliere instelling, die zich de bewaring, conservatie en het herstel van onroerende en roerende monumenten van cultuur en geschiedenis ten doel stelt. Zij het dat voor die gedachte eerst de burgerij wakker geschud moest worden en rijp gemaakt. Men moest zich bewust worden van de waarde van eigen cultuur. Voor te velen nog had men die niet en moest men er voor naar Europa.

Dr Punt werd de eerste directeur van de Stichting. Al spoedig reisde hij naar Europa, voor eigen rekening. Waarom er nooit een van de vele subsidie-verstrekkende instellingen is geweest die hem in de gelegenheid zou stellen zich op dit gebied te oriënteren, zal wel een raadsel blijven. Al spoedig ontmoetten wij hem in Holland. Uiteraard, sinds de V O C in 1652 aan de Kaap een groentetuin en halfwegstatie stichtte, was dit de bron en voedster van culturele activiteiten. Sinds dat contact is een hechte samenwerking ontstaan met dr. Punt, de Stichting Simon van der Stel en parallel strijdende organisaties in Nederland en België, waaronder Heemschut. Het is zeker niet overdreven te stellen, dat de ervaring, zoals wij die met de Bond Heemschut en Monumentenzorg hebben verkregen verstrekkende invloed heeft uitgeoefend op de ontwikkeling van de Stichting Simon van der Stel en de bewaringsgedachte in Zuid-Afrika, zoals die belichaamd werd in dr W Punt. De

woeste vechter en taaie volhouder die dr Punt is, heeft zich veelvuldig ter plaatse gelaafd aan de ervaring in de harde strijd die Heemschut in die jaren voerde, om daarna als een opgeladen batterij ginds de machine met vernieuwde kracht te werk te stellen.

Vurig verdediger

Daarbij trad hij in eigen land krachtig naar voren om de invloed van de V O C op bouwwerken (Kaaps-Hollandse huizen), de Transvaalse bouw onder Nederlandse invloed (Kruger-Hollanders) zijn bijzondere aandacht te geven en overall op de bres te springen om oorspronkelijke waarden met grondig doordachte argumenten onder breder aandacht te brengen. Zo was een van zijn eerste grote daden in een daarvoor moeilijke tijd, de verwerving en restauratie van Coornhoop, de schuur bij Kaapstad, waar Jan van Riebeeck's eerste vrijburgers gronden hadden toegewezen gekregen en dit huis bouwden. Zo kwam hij op tegen hen, die trachtten Hollandse commandeurs en gouverneurs, zoals Jan van Riebeeck en Willem Adriaan van der Stel in een minder gunstig daglicht te stellen. Samen met hem hebben wij de aanzet gegeven tot wat een galerij moet worden van portretten van Hollandse commandeurs en gouverneurs aan de Kaap. Zo werd verder een dissertatie op haar plaats gezet, die ten doel had de Kaaps-Hollandse huizen onder de Grootduitse invloedsfeer te brengen. Andere buitenlandse invloeden, zoals die der Hugenoten, wier betekenis onevenredig werd opgeblazen, werden tot juister proporties teruggebracht ten aanzien van hun cultuurbeïnvloeding. Dr Punt kwam niet enkel naar Nederland om nieuwe kennis, geestdrift en strijdkracht op te doen, als wetenschapsman reisde hij ook naar de plekken waar de Nederlandse compagnieën hun invloed op de bouwkunst hadden laten gelden, in Afrika aan de Goudkust, Mozambique, Mauritius, in de West op Curacao, Aruba, Suriname, in Brazilië. Als hij terugkeert schrijft hij zijn befaamde artikel "n Vergete Wereldrijk", waarin hij vraagt: "Waarom word ons Kaaps-Hollandse boustijl nie meer gebruik nie? Sou dit dan 'n misdaad wees om die mooi, tradisionele landelike boustijl van weleer, weer in Suid-Afrika te doen herleef? Mag alleen geboue wat navolging van Italiaanse, Spaanse, Griekse en Amerikaanse boustyle is hier te lande verrys; boustyle wat, waar hulle by ons in Suid-Afrika gebruik word, vreemd en uitheems lyk? Die Kaapse gewelgeboue is deel van ons volk se kultuurerfenis, en dit is sedert 'n paar eeue 'n wesenlike bestanddeel van ons beskawing."

Toen de Bond Heemschut in 1966 zijn cursus Heemschut en Monumentenzorg gedurende een maand lang hield, bracht dr Punt acht landgenoten mee om van

deze cursus te profiteren. Hij heeft niet nagelaten jonge landgenoten naar Nederland te zenden om op het terrein van de "bewaring" met eigen ogen te komen zien, wat hier in Nederland en in België te bereiken is. Krachtig heeft hij zich beijverd om het "Museum De Fonteyn", Jan van Riebeeck's geboortehuis in Culemborg te helpen restaureren.

Volledig heemschutter

Allerwege drong hij aan op verbeterde restauratie-methoden naar Holland's voorbeeld. Toen wij onder het Nederlands-Zuidafrikaans Cultureel Accoord naar Zuid-Afrika werden gezonden, bevorderde dr Punt, dat door geheel het land voor culturele gezelschappen en op universiteiten voordrachten en discussies konden worden gehouden over de bescherming, werkwijzen en de resultaten van de acties van Heemschut en Monumentenzorg. Voordrachten die in achter-eenvolgende jaren konden worden voortgezet. Hij was de stuwende kracht, waardoor Paul Kruger's "Plaas" Boekenhoutfontein in Noord-Transvaal kon worden verworven, gerestaureerd en ingericht. Ook op het gebied der taal was hij bij voortduring waakzaam als Nederlandse woorden van hun plaats dreigden verdrongen te worden onder vreemde invloed. Hij is een volledige heemschutter, die ook in Zuid-Afrika heemschut tot een begrip heeft weten te maken, dit mede door het tijdschrift, "Bulletin", dat hij samen met dr Jan Ploeger redigeerde.

In april jl. bereikte dr. Punt de 75-jarige leeftijd. Hij heeft na 15 jaar zijn taak als directeur van de Stichting neergelegd, maar deze onvermoeibare strijder, doorzetter en stuwkracht zal niet stil kunnen zitten. Als adviseur zal hij actief blijven, in het bijzonder voor de contacten met het zo uitgestrekte platteland, waar nog zoveel behouden is, wat in de grote steden al verloren ging.

Nederland heeft geen British Council, zoals Engeland, geen Institut Francais, zoals Frankrijk, geen Goethe Institut, zoals Duitsland, die alle zeer actief zijn óók in Zuid-Afrika. Zolang er mannen zijn zoals dr Punt, die de Nederlandse cultuur met kracht en overtuiging uitdraagt, is buitengaats nog niet alles verloren.

—TON KOOT

Op 75 nog 'n ywerige kulturele kampvegter

Praat van historiese erfenisse en dadelik kom die naam Willem Punt by jou op. Dink aan Boekenhoutfontein, die pragtige ou opstal van President Kruger, en dis weer so! Tussen al die duisende koe-rantberigte wat oor die een of ander be-

waringspoging van 'n gebou of terrein handel, staan sy naam en poging prominent.

Willem Henry Jacobus Punt is op 26 April 1900 in Germiston gebore. As enigste seun het daar al vroeg in sy lewe 'n liefde ontstaan vir die geskiedenis en aardrykskunde. 'n Mens kan amper sê dié liefde was daar met geboorte want selde kom 'n mens iemand teë vir wie sy landsgeskiedenis soveel saak maak.

As kind onthou hy nog goed hoe interessant sy onderwyser die geskiedenis oorvertel het. Daar was daardie dae maar min boeke en om soveel moontlik in te neem moes die ore gespits word.

Daar was byvoorbeeld nie boeke oor die Groot Trek nie maar oor Jan van Riebeeck is heelwat gepubliseer – daarom dan ook sy groot liefde vir die Volksplanter!

Pretoria lê baie na aan die hart van hierdie kulturele kampvegter. Dis in hierdie stad dat hy werklik uiting begin gee het aan die bewaringsgedagte. Met reeds 75 somers agter die rug, straal daar die begeerte om nóg meer vir sy volk te doen. Hy praat opgewonde van sy kinderdae en waar die kind van vandag staan. Die jeug is vir hom pragtig en daar skort niks met die huidige opkomende geslag nie, sê hy.

Maar, waarsku dr Punt, die Staat se eerste plig is om saam met opvoeding, sorg te dra dat daar iets sigbaars en tasbaar vir die jeug moet wees, wat as anker sal dien vir die toekoms. Dit sal deel moet vorm van Volksgeskiedenis.

"Maar hoe kan die kind 'n liefde vir iets ontwikkel wat daar nie is nie? Hier bedoel ek nie die geestelike nie maar dit wat volkseie is soos ons kulturele erfenisse wat gister nog vaste fundamente gehad het.

"Ek bepleit nog steeds die behoud van en die uitbouing van geskiedenis en aardrykskunde op skool. Hierdie twee vakke loop hand-aan-hand," sê dr Punt. En nou dat hy inderwaarheid by die afdraand van lewenskragte gekom het, probeer dr Punt nog steeds veld wen. Hy gesels ywerig wat daar nog gedoen moet word.

Daar is só baie. Maar, dit bly by hom 'n uitgemaakte saak: "Ons moet die jong mense die geleentheid gee om die sleutel van die verlede vir die toekoms te behou, sover dit kultuurerfenisse betref."

Dr Punt het die graad BA en later MA aan die Universiteit van Pretoria behaal en sy doktorsale proefskrif in die geskiedenis met sukses aan die Universiteit van Stellenbosch voorgelê.

Sy seun, Willem, het nou die leisels by sy bekwame vader oorgeneem en te oordeel aan die toegewydheid wat hierdie jong Punt aan die dag lê, is dit geensins te betwyfel nie dat die Stigting vir nog baie jare vorentoe sterk in die bewaringsveld van ons erfenisse gaan staan . . .

WILLEM-JAN PRINSLOO

—Hoofstad, 29 April 1975

Why preserve ?

The preservation of the best of our architectural past, and creating a national awareness in the Republic of the need for the preservation of our heritage, its history and social background, is the work of the Simon van der Stel Foundation.

But why must we preserve our buildings? Why should the Simon van der Stel Foundation adopt its positive policy for the encouragement and mobilisation of voluntary effort in the towns and cities of the Republic – and all towards the preservation of buildings?

Is there any need for buildings to be preserved?

In the past buildings were seldom in danger unless their functions ceased to exist. Today with our modern techniques of building construction, the preservation of the older and smaller buildings becomes a problem. We are able to demolish very efficiently with mechanical tools and inventions at our disposal.

It is much easier for the developer to effectively clear the chosen site for development of all existing structures and to start with a clean slate. The task of the planner is also made easier. He need not take into consideration any existing buildings, which would be a constraint on his operations.

Until the 20th century, buildings remained in use as long as they were sound. These buildings were only adapted as needs changed. Wholesale demolition was practised in periods of great prosperity. The new building would usually then be a replacement of an architecturally inferior older building.

One must question, whether there is merit in preserving historic buildings?

To be able to answer this question it is necessary to take into consideration the need of a people to have as far as possible a visual contact with their history. The building then presents its own historic valuation; both the appearance and design of the building go concurrently with its history and earlier social background.

With the change in lifestyle, it can be argued, it is valuable and necessary for us to see the circumstances under which our ancestors lived. Towards this end, the preservation of their earlier environment is essential and should be encouraged, instead of the steady erosion and loss of buildings and monuments in the Republic.

Which buildings must be preserved?

If we have to make a decision as to whether a building merits preservation, the decision could be based on various grounds.

For example:

(A) **The building is a particularly fine example of its kind.** (Boschendal in the Rhodes Fruit Farms Estate, Groot Drakenstein.)

(B) Though not an exceptionally good example, it is a rare or perhaps the only example of its kind. (No 71 Wale Street, Cape Town. A modest, flat-roofed house in the Malay Quarter . . . one of only two surviving examples of a type of parapet with a wavy, moulded outline.)

(C) It forms a part of a group of buildings which as a whole would suffer through the demolition of one. (Kerkstraat, Tulbagh.)

(D) The building has exceptional architectural merit. (Groot Constantia, in the Constantia Valley, Cape.)

(E) The building is the first of its kind – a prototype. (Governor Willem Adriaan van der Stel's original home 'Vergelegen' at Somerset West.)

(F) The building has important historical associations with either people or events. ('Treaty House'. The house in which the Treaty of 1806 was signed near Bromwell Road, Woodstock, Cape.)

The emphasis should be placed on the preservation of buildings in these categories, rather than on the precipitate restoration of such buildings.

In the 19th century, we must remember it was largely due to the existence of corrugated iron that so many of our 18th century thatched houses were preserved without financial assistance. To a great extent their preservation was also due to careful maintenance by responsible owners, especially in the Republic during the times of depression.

In our campaign we are interested in **Preservation – Restoration** comes after, if necessary.

The consideration being given to shifting buildings is interesting. It is possible in certain cases to move buildings to new sites. But **our Cape Dutch buildings** do not lend themselves to this treatment.

The reason is mainly because of the type of construction practised when these houses were built.

In addition it should be emphasised that the removal of buildings to new sites should only be resorted to when no other means of preservation is feasible. Naturally buildings may be treated as 'artifice', to be displayed in museums!! Examples where buildings have been 'placed' are in Bokryk in Belgium an Open Air Museum, and in our Open Air Museum, Pretoria.

The problem here, in spite of the many advantages, is one of the setting of the buildings. This is a problem extremely difficult to resolve.

In this field, as in others concerning our heritage of buildings the campaign should be carried through steadily, rather than rapidly. The Simon van der Stel Foundation can play an important part.

D VAN VELDEN VISSER

*Member of Cape Town Regional Committee,
SudsF.*

Wie is wie in die raad vir nasionale gedenkwaardighede

Kaap

1. Regter M R de Kock (Voorsitter)
Regterskamers, No 20
Hooggeregshof
Kaapstad 8001
2. Mr E Vertue
P O Box 2157
Cape Town 8000
3. Prof F Smuts
Van der Stelstraat 17
Stellenbosch 7600
4. Prof D J Kotzé
Verreweide 2
Stellenbosch 7600
5. Dr P L Scholtz
Boshoffstraat 31
Linton Grange
Port Elizabeth 6001
6. Dr J V L Rennie
7 Oatlands Road
Grahamstown 6140

O V S

1. Prof J J Oberholster (Onder-voorsitter van die RNG)
Dept Geskiedenis
Universiteit van die OVS
Bloemfontein 9301
2. Mnr J C Loock
Dept Geologie
Posbus 339
Bloemfontein 9300
3. Mnr C B Nolte
Posbus 628
Kimberley 8300

Natal

- Mr G A Chadwick
"Balbroch",
4 Nicolai Crescent
Glenmore
Durban 4001
2. Mnr J L W de Clercq
Dept Volkekunde
Universiteit van Zoeloeland
p/s Kwa Dlangezwa, oor
Empangeni 3886

Transvaal

1. Dr J H Esterhuysen
Privaatsak X236
Uniegebou
Pretoria 0001
2. Dr C K Brain
P O Box 413
Pretoria 0001

3. Prof J S du Plessis
Dept Geskiedenis,
Universiteit vir CHO
Potchefstroom 2520

4. Prof J F Eloff
16de Straat 27
Menlopark
Pretoria 0002

S W A


1. Mnr S J Schoeman
Privaatsak 13250
Windhoek, S W A
9100
2. Mnr C G Coetzee
Die Staatsmuseum
Posbus 1203
Windhoek, S W A 9100
3. Mnr E W Neef
Posbus 512
Windhoek, S W A 9100
4. Mnr J B H von Prittwitz und Gaffron
Posbus 1728
Windhoek, S W A 9100

Sekretariaat

Ou Mutualgebou 927
Darlingstraat
Kaapstad 8001
Posbus 4637
Kaapstad 8000
Tel: 021-435747
Sekretaris: Mnr George Hofmeyr

In memoriam

Mev F A van der Merwe, Kaapstad
Dr P A Smuts, Kaapstad
Prof E van Heyningen, Pietermaritzburg
Oud Sen S von Bach, Windhoek
Mnr A C Wessels, Grootbrakrivier
Mnr A W Albrecht, Constantia
Mnr T A Murray, Kaapstad
Mnr C A De Bruijn, Zevenaar, Holland
Mr T A Murray, Cape Town
Mr W Rossler, Pretoria
Mnr H J H Claassens, Halfway House
Ds D R van der Meulen, Bellville



What's the past worth to you?

A graceful Dutch gable, built by original Dutch settlers; the farm Paul Kruger grew up in; a small town the Voortrekkers founded; these are the physical proofs of our unique civilization that was born and grew to maturity in Southern Africa.

But they are in danger. With each passing year a few more disappear.

We need to protect and conserve every one we can.

To show our children the ways of our fathers.
To show strangers to our land the way we grew up.
To show the world the way we live.


The Simon van der Stel Foundation, South Africa's **National Trust Organisation** is committed to all these aims.

We need your help

With a little of your money, with a little of your time we can make the past a foundation stone for the future. Your involvement would only be as much as you want it to be; you could help save a house, a street, a townscape.

Membership of the Simon van der Stel Foundation is R7 p.a.; R15 p.a. for corporate bodies; R75 for life membership; R200 for donor members and R200 p.a. for sponsor members; R2 000 or more for patron members.

Build for your country's future; preserve her past.



Simon van der Stel
Foundation

PO Box 1743
Pretoria 0001



In the wreck of the Haerlem


Tracing of hydrographical chart by Admiralty, 1933, shows wreck of HAERLEM approximately three Dutch miles from Fort Goede Hoop.

On the 25 March 1647 the Dutch ship Haerlem ran aground in the surf at Table Bay.

There is considerable vagueness about the exact position of this wreck and writers generally refer to it as being at or near the mouth of the Salt River. In attempting to assess its position let us look at the evidence of its position as stated by various sources. Here we must however bear in mind that the distances given are rough estimates and that a Dutch mile is actually about three English miles and may be as much as four on land.


In the diary of Leendert Janssens for March 26 1647, he states the position as being 1½ miles (4½ Eng. miles) from the roads and records the ship as sitting fast on a sandy shore. We are further told that on March 31 they commenced to throw up a fort on a hill near the ship. Near to this fort they dug a deep fresh water well.

Later a report by Commissioners who visited the fort describes it as being square and built on a high steep sand dune with a gun at each corner. The breastworks which were 8 or 9 feet high were planted with briars and had sharpened canes sticking out horizontally. On the north-west side there was an outwork (Hoorwerk) and a battery of three guns. In a letter from Janssens, one of the survivors, he gives the size of the fort as 450 feet square. Hondius in his description in 1652 locates the wreck as in "Sardaigne Bay" 2½ miles (7½ Eng. miles) from the roads. Major R. Ravenhart in his book "Before Van Riebeeck" to which I am indebted for much of the information states that Sardaigne is a curious Survival of the old name for a bight (that is a small curved bay). Hondius produced a map which suggests a spot slightly south of Bloubergstrand. A letter from Van Riebeeck dated 25 May 1652 gives the distance as fully 3 miles (9 Eng. miles) from the fort. In April 1648 a letter from Janssens states that the fort which had been appropriately named Zandenburgh (Sand Castle) was some 2 miles (6 Eng. miles) from the Salt River. (Presumably the True Mouth).





Kaap



Plan of the Salt River, by Lieut. Fanshawe, 1806.

That the fort was fairly close to the sea is certain from the fact that a store was erected on the shore to hold pepper salvaged from the wreck and that this was covered by the guns of the fort above.

Relating the foregoing vague clues to a map (The Admiralty Survey Map of 1933 was used) it appears that the position of the fort would have been slightly north of the present Riet Vlei and just before the present parking area. High

dunes still exist today at this point and many pieces of porcelain have been found in this vicinity. The record states that 140 barrels of porcelain were landed here, some of which were damaged. I have also examined oak timber cut from buried beams on the beach at this point. The previous items are in the possession of Richard Boberg who has done considerable scratching in the area.

Regarding the Salt River it appears that originally the Liesbeeck and the Black


Rivers met at a point where they still do, just to the north of the Royal Observatory. From here the river became the Salt River and flowed into the sea at the true mouth where it still does. This is just beyond the Northern Dock entrance and about 1/2 mile before the Power Station.

The early maps show that the Salt River also flowed into a vlei which surrounded Paarden Island to link up with Riet Vlei. The Diep River flowed down via Vissers Hok and issued to the sea and linked with the Salt River at Riet Vlei, where originally the Salt Pans were located. This was the position known as the "False Mouth" of the Salt River and marked on later maps as "Eerstmond". It would appear that during periods of heavy rains a further point of issue to the sea would open up between Riet Vlei and the "True Mouth". This latter position is where today, with the silting up of the Riet Vlei, the Diep River now exists. Paarden Island still has its isolating vlei on the east side and only a thin strip of land separates this vlei from the sea at the point where the Diep River now issues.

In exploring the area I located a site just on the north side of the present Diep River mouth where a depression in the ground formed a small water-filled lake measuring approximately 400 feet in circumference. I was tempted to think that here was a trace of the original fort but this point is only about 5 miles from the position of the original fort and it is at sea level whereas the fort is described as being on a high dune.

The map illustrated is drawn from the Admiralty Hydrographical Chart of 1913. This map has been compared with a Cape Archives Map drawn up by Lieut. Fanshawe in 1806 and the rivers show surprisingly little positional change. I have shown the location of Fort Zandenburgh to be at the 9 mile (3 Dutch miles) point from the Fort of Van Riebeeck. This is exactly the spot where the 1806 map shows what appears to be a square cattle kraal and/or farmhouse and the wording "Riet Valley" so it would seem reasonable to conjecture that a later settler seized the opportunity of using the same position possibly because some trace of Fort Zandenburgh still existed at that time.

Early map of Table Bay and rivers. R marks the wreck.



MERVYN EMMS



Presentation to Mr. Justice MA Diemont

Following his election to the national council of the Simon van der Stel Foundation, Mr Justice M A Diemont has relinquished the chairmanship of the Cape Town Regional Committee of the Foundation, a position he occupied for 16 years.

Judge Diemont was presented with a copy of A Gordon Brown's book "Pictorial Africana", by Mr Douglas Andrews, vice-chairman of the Cape Town Regional Committee.

The publication, is a survey of old SA paintings, drawings and prints to the end of the 19th century, with a biographical dictionary of one thousand artists.

In making the presentation to Judge Diemont, Mr Andrews said the gift carried with it the appreciation of the committee, and was a token of the committee's regard for the leadership shown the committee by Judge Diemont during his long term of office as chairman of the Cape Town Regional Committee of the Foundation.

Van der Stel Foundation

Mr Eric Vertue, vice chairman of the South African Permanent Building Society, was elected chairman of the Cape Town branch of the Simon van der Stel Foundation at a monthly meeting of the foundation.

He takes over from Mr Justice M A Diemont who has been elected to the council of the foundation.

—Cape Argus, April 15, 1975

The English chair at the Cape

On March 19, an exhibition entitled "The English Chair at the Cape", held at the SA National Gallery, Gardens, was opened by Mrs Tini Vorster, wife of the Prime Minister.

The selection of chairs on display was arranged in the gallery's room devoted to the Sir Abe Bailey collection of paintings of British sporting pictures. The antique chairs were drawn from private homes of members and friends of the Simon van der Stel Foundation, as the Foundation's contribution to the Cape Town Festival.

In her interesting opening address Mrs Vorster paid tribute to the quality of the selection of 38 antique chairs from the Elizabethan era (1558-1603) to the Victoria (1837-1901). For more than half a century Groote Schuur, Mrs Vorster's home in Cape Town, has been the official residence of South Africa's Prime Ministers. Her interest in conservation and her personal attention and dedication to the cataloguing of the historic and antique treasures in Groote Schuur made her so fitting a personality to open this exhibition - a function attended by over 200 guests.

The exhibition of chairs is the first of furniture staged in the gallery. It is hoped that other exhibitions may take place in the impressive rooms, a superb environment for antiques.


William and Mary high-backed walnut chair from design by Daniel Marot, a French architect who followed William III to England.



Late Elizabethan oak panel back chair, with top-rials and ear-pieces inlaid with typical floral arabesque decoration. Circa 1590.

Yours very obediently
signed E Houghton.

Another character of the time was old Bobbejaan who brought milk to Barberton from the Lomati daily. He used to receive food as well as payment by the Stopforths. He lived to about 103 and collapsed on their back verandah. Somehow he got back to his kraal but was not seen again. His milk was good and he never missed a day.
—ESME LOWNDS

Ou Boerehuis

In die Suikerbosrand Natuureservaat wat tans deur die Afdeling Natuurbewaring ontwikkel word, staan 'n pragtige ou boerehuis wat uit die vyftiger jare van die vorige eeu dateer. Hoewel die dakkonstruksie van 'n grasdak met gewels na 'n sinkdak verander, is die res van die huis nog feitlik ongeskonde. Sels die geelhoutbalke van die plafon is nog in 'n uitstekende toestand. Langs die huis is die leidammetjie en die ou vrugteboord met sy peer-, granaat- en ander vrugtebome met 'n klipmuur omhein. Tans word ondersoek gedoen na die restourasie van hierdie hele kompleks as voorbeeld van 'n vroeë Transvaalse boereplaas.

Overvaal Musea Nuus

Twée kanonen van het V.O.C.-schip Middelburg

Dichtbij de Hartebeespoortdam ten westen van Pretoria is enige jare geleden een groot akwarium met vele vissen en

Foto van twee kannonnen van een 18e eeuws schip in Saldanhaabaai gesonken – waarskynlik van het VOC-schip "Middelburg". (Foto: C de Jong)



een grote vijver met zeeleeuwen, welke kunsten vertonen, geopend. De zoon van de eigenaar heeft als dienstplichtige aan de Saldanhabaai bij Kaapstad kans gezien om twee oude scheepskanonnen te bergen en in eigendom te verwerven.

Die kanonnen moeten afkomstig zijn van het wrak van het schip 'Middelburg' van de Vereenigde Oost-Indische Compagnie. Dit schip is bij een aanval door een Britse vloot op de Saldanhabaai in juli 1781 in brand gestoken door de bemanning en in ondiep water gezonken. Van tijd tot tijd zijn zaken uit het wrak geborgen.

Naast de twee kanonnen voor het akwari-um is ook een groot scheepsanker geplaatst. De zwaar verwerde kanonlopen, elk ongeveer 1,5 meter lang, zijn een mooie aanwinst voor het akwari-um, diep in het binnenland gelegen. Zij brengen een vleugje van de zeewind aan de kust en een herinnering aan een verleden, toen Transvaal nog een wildernis was, over.

—C DE JONGH



Mnr Jozia Joubert by die klipheining wat sy oupa in 1872 gebou het, en wat die geslagte daarna steeds in stand hou. Hierdie heining is meer as 3 200 meter lank.

So lyk die klipheining. Dit strek tot oorkant die koppie, maak 'n draai en kamp meer as 80 ha in. Dit is 'n kuns om hierdie heiningklip te pak dat die klippe nie los raak nie. Dat hierdie heining stewig is, ly geen twyfel nie. Nie 'n bees, skaap of perd sien kans om daaroor te spring nie, want afgesien van die hoogte, is dit ook lekker wyd.

Foto's: *Landbouweekblad*

Langste klipheining in die land

Waar in die wêreld kry 'n mens vandag nog klipheinings van 'n paar kilometer lank? In die dae van die Voortrekkers, toe draad nog skaars was, is sulke heinings gepak, maar die oorblyfsels daarvan kry 'n mens vandag net hier en daar en dan meesal in die vorm van 'n ou klipmurasie.

Kom, gaan saam met ons na die plaas Bergvliet in die distrik Amersfoort op die Oostelike Hoëveld. Hier hou die Jouberts die klipheinings wat hul voorgeslag in 1872 voltooi het, steeds in stand.

Oral op die plaas is daar ronde en vierkantige klipmuurkrale en drukgange van ronde en plat ysterklip gebou. Maar die treffendste is die breë klipmuurheining van meer as 3 000 meter wat 'n kamp van 80 ha inkamp.

Hierdie heining is oral tussen 'n meter en 1,5 m hoog; die meeste plekke 'n raps minder as 'n meter wyd, behalwe in die turfdele waar dit heelwat wyer is, om groter stewigheid te verleen. 'n Bees, pers of skaap sal nog sy kop tussen 'n paar doringdrade deursteek en 'n pad oopbeur, maar vir hierdie soliede klipmuur sien hulle nie kans nie.

Mnr Jozia Joubert vertel dat die klipheining nie deur sy voorgeslag begin is nie. Toe sy oupa, kommandant „Rooi” Jozia Joubert in 1872 vir Bergvliet gekoop het, was die heining halfpad. Die kommandant het voortgebou. Elke klip op die plaas is uitgebreek en met sleë aangery.



Erosiespore

Hierdie sleë het sulke diep spore teen die rantjies gemaak dat dit, ondanks al die herwinningswerke deur die jare heen, vandag nog geneig is om oop te spoel en erosiespore te laat.

Sy oorlede vader het uit agting vir die handewerk van die voorgeslag die klipheinings, -mure en -krale al die jare 'n stand gehou. En só doen hy.

Maar dit gaan al hoe moeiliker, vertel mnr. Joubert. Die probleem is dat 'n mens vandag nie meer Bantoes kry wat die kuns verstaan om 'n klipmuur met los klippe stewig te pak nie, want in hierdie heining is die klippe nie net opgestapel nie; dis behoorlik gepak om te hou. Jy moet 'n klip uit sy posisie uitlig as jy dit uit wil hê, en daar is nêrens klei of bindsel tussen die klippe nie.

Die tweede probleem is dat die heining

'n alte geskikte broeiplek vir meerkatte, muishonde, rotte en ander knaagdiere is. Kleintyd was dit vir hom pret om saam met die klonkies op die plaas die knaagdiertjies te agtervolg, deur die klippe een vir een af te pak totdat hulle op die broeies afkom. Dan moes die grootvolk maar weer kom oorpak.

Ongelukkig het die pikaniens op die plaas hierdie stoutigheid by hul voorgeslagmakers geërf, en nou sit mnr. Joubert telkens met die ontwrigte heining en los klippe. Soek hy die sondebokke, is hulle net weg.

Nogtans, sê mnr Joubert, is hy daarop trots dat hy die heinings en klipkrale nie alleen in 'n goeie toestand kon hou nie, maar hulle steeds gebruik. Hy hoop sy kinders sal kans sien om die tradisie voort te sit.

—*Landbouweekblad*, 7 Maart 1975

Die Z.A.S.M. hyskraan op Witbank

In die tuin voor Witbank se stasie staan daar 'n historiese spoorweghyskraan met 'n besondere stukkie geskiedenis. Dit is naamlik een van vier soortgelyke hyskrane wat gedurende 1895-1902 deur die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij (die NZASM) vanaf Nederland ingevoer is vir gebruik op die spoorweë van die Zuid-Afrikaansche Republiek.

Die kraan is in 1897 deur die Haarlemse Machinefabriek te Haarlem, Nederland, vervaardig, en die volgende inskripsie is daarop aangebring: **Haarl. Machinefabriek, voorheen Gebroeders Figeë. No: 501, 1897.**

Navrae in Nederland het aan die lig gebring dat hierdie firma vandag nog bestaan en steeds een van die grootste lewenswantsiers van hyskrane en hefwerktoe in Nederland is. Tans is hulle egter bekend onder die naam Machinefabriek Figeë, en is geleë te Hendrik Figeeweg No. 1, Haarlem. Dit dui ook seker aan dat die firma oorspronklik deur 'n sekere Hendrik Figeë gestig is.

Soos die inskripsie op die kraan aandui, was die oorspronklike naam van die firma Gebroeders Figeë, welke naam omstreeks 1895 tot Haarlemse Machinefabriek verander is. Sedert enkele jare gelede is hulle egter bekend as Machinefabriek Figeë.

Die firma deel mee dat hulle gedurende die jare 1895 tot 1902 'n bestelling vir vier hyskrane van die NZASM ontvang het. Die hyskrane, nommers 499 tot 502, is spesiaal volgens NZASM-spesifikasies vervaardig en na die Zuid-Afrikaansche Republiek verskep. „De kranen zijn inderdaad speciaal vervaardigd volgens ontvangen bestek. Het ontwerp was tweeledig. Zowel voor lossen en laden van goederen als voor ongevallen”, berig die vervaardigers. Nommer 499, 500 en 501 het 'n hefvermoë van 5 ton gehad, terwyl nommer 502, tien ton kon lig. Die krane was handgedrewe en 4 persone was nodig om die twee slingers, een aan elke kant, te draai en sodoende die hefkrag aan te wend.

Slegs genoemde vier krane is deur hierdie firma aan die NZASM gelewer. Verdere tegniese gegewens ontbreek aangesien 'n gedeelte van die firma se argief gedurende die Tweede Wêreldoorlog verlore gegaan het.

Wat het van die krane geword? Nommer 501, vervaardig in 1897, staan tans voor Witbankstasie as 'n geskiedkundige stuk. Nommer 499, vervaardig in 1896, het jare by die Breytense lokomotiefdepot gestaan, maar dit is laat in 1974 na Koedoespoort se spoorwegwerkinkels verwyder waar dit in Februarie 1975 op-

gebreek en vernietig is. Daarmee het 'n waardevolle stukke ZASM-Afrika tot sy einde gekom. Soos dit dikwels met sulke sake gaan, het die museumkomitee van Waterval Boven kort daarna aansoek gedoen om genoemde kraan as 'n deel van hulle beoogde ZASM-museum op Waterval Boven op te rig, maar toe was dit te laat, die smeltpot het hulle voorgespring.

Miskien is daar van ons lesers wat meer inligting oor krane nommers 500 en 502 kan verskaf.

Die wedervaring van kraan 501 (die Witbankkraan) sedert die end van die Tweede Vryheidsoorlog is relatief onbekend. In 1972 is dit in 'n verwaarloosde en gehewende toestand in Middelburg (Transvaal) se stasieterrin opgemerk, van die spore af en in onbruik. Die stasiemeester het meegedeel dat dit die afgelope 30 jaar op Middelburg gestaan het waar dit tot ± 1950 nog gebruik was om goedere te laai. Ou inwoners van die omgewing kan die kraan ook goed onthou.

Die destydse distriksingenieur van Witbank, (die skrywer van hierdie artikel - Red.) het die geskiedkundige waarde van die ou kraan besef en by die Spoorweë toestemming gevra om dit as 'n historiese stuk voor Witbankstasie te monteer. Toestemming hiertoe is gedurende September 1972 van die lokomotiefsuperintendent, Pretoria, ontvang, en kort daarna het die lokomotiefvoorman van Witbank, mnr. Haaroff, gereël om die kraan weer op die spore te sit en na Witbank te vervoer. In 1972 het die kraan dan ook sy laaste rit per spoor afgelê toe dit deur 'n lokomotief van Middelburg na Witbank se lokomotiefdepot gesleep is. Daar het mnr. Haaroff se manne onmiddellik aan die werk gespring om die kraan skoon te maak en te restoreer. Die roes en verweerde verflae van 80 jaar is afgeskraap, herstelwerk aan beskadigde onderdele is gedoen, en na 'n nuwe verflaag het die kraan so goed soos nuut gelyk. Met 'n bietjie ghries en olie sou dit sekerlik weer doeltreffend kon funksioneer. Of daar vrywilligers sou wees om die twee slingers te draai, is natuurlik 'n ander saak!

Daar is gevind dat sommige van die kraan se onderdele nie meer die oorspronklikes was nie. So is die een askas SAR 1912 gemerk, die ander twee CSAR 1910 (Central South African Railways), terwyl die vierde een naamloos is. Een vakuumpyp is gemerk CSAR 1903, en die klem wat die kraan in posisie hou gedurende vervoer, is gemerk NGR (Natal Government Railways).

Die rolmerke "Gutehoffnungshutte" op die kraanarm en kraanbalke dui aan dat dié onderdele deur die Kruppstaalfabriek van Essen, Duitsland, vervaardig is. Dis natuurlik oorspronklike onderdele. Op die kraan is ook 'n bronsplaat deur die SAS aangebring wat soos volg lees: "Kraan No. 140, Maks. vrag 10 000 lb.

Maks. straal 14'5". Datum van ondersoek: 20/1/34, 29/8/34, 7/9/48."

Nadat die distriksingenieur van Witbank se manne die nodige platform voor die stasie gebou het, is die kraan gedurende Sept. 1973 deur die lokovoorman en distriksopsiener se manne van die lokodepot vervoer en op die platform geplaas, alles onder blyke van groot publieke belangstelling. Die spoorstawe waarop die kraan geplaas is, het die rolmerke BOCHUM 1892, en is spesiaal uitgesoek weens hulle geskiedkundige verbintenis met die Oosterlyn - tradisionele naam vir die Pretoria - Lourenco Marques-spoorlyn. Bochum is 'n dorpie naby Essen, Duitsland, en die spoorstawe vir die Oosterlyn is almal by die staalfabriek van Bochum uitgerol.

Wat nou nog nodig is om die voorkoms van die kraan finaal af te rond, is 'n bronsplaket wat die geskiedkundige besonderhede van die kraan aantoon. Daar word vertrou dat die Spoorweë binnekort so 'n plaket sal aanbring.

Sedert die kraan se oprigting voor die stasie het dit al hoë besoekers ontvang. Gedurende November 1974 het die hoofbestuurder van die Spoorweë, mnr. J G H Loubser, 'n besoek aan Witbank gebring en by dié geleentheid ook by die ou kraan aangedoen. Hy was vergesel van mnr. H A Loots, asst.-hoofbestuurder (bedryf), en dr. G T Ferreira, afdelingsbestuurder, Pretoria.

Intussen het die kraan ook 'n maat bygekry in die vorm van 'n klas 11-lokomotief wat gedurende September 1974 as 'n historiese stuk voor die stasie opgerig is. Die lokomotief is in 1925 vervaardig en het dus nie die trotse verlede wat die kraan het nie.

Tussen die palmbome voor Witbank se stasie geniet die stoere ou hyskraan nou 'n welverdiende rus. Sover bekend, is dit nou die enigste van die vier krane wat oorgebly het. Dit kon net sowel die lot van die Breytenkraan gedeel het en op die afvalhoop beland het.

Nou is dit te hope dat die kraan besoekers aan Witbank altyd sal herinner aan die dae van die NZASM en die Oosterlyn; 'n besondere tydperk in die geskiedenis van die Transvaal.

Dank is verskuldig aan die Direktrise van die Nederlandse Spoorwegmuseum te Utrecht, wat meegehelp het om van die inligting te bekom.

—L A WILDENBOER

—SASSAR, Augustus 1975

Historiese gebou kan dorp R1/4 m. kos

Opknep óf restoreer - R25 000 óf R250 000?

Dié twee woorde - op die oog af feitlik met dieselfde betekenis, maar wat tog 'n

verskil van R200 000 maak – moet oor die lot van 'n historiese gebou in Krugersdorp beslis.

Sowat 'n jaar gelede het die staatsamptenare van die dorp na 'n pragtige nuwe gebou laer af in Kommissarisstraat getrek. Sedertdien het die ou landdroshof leeg gestaan.

Die hoeksteen van die gebou is in 1890 deur pres. Paul Kruger gelê. Sedertdien het die gebou deel van ons land se geskiëdenis geword.

In 1896 is die Jameson-irvallers daar aangehou nadat hulle naby Randfontein aangekeer was. Volgens oorlewering het die Engelse soldate glo lustig „After the Ball is over” gesing onderwyl hulle een nag in die hofsaal geslaap het voordat hulle die volgende dag na Pretoria gebring is.

Nou het die stemme stil geword in die hofsale waar menige menslike dramas hulle oor byna 85 jaar afgespeel het.

Die ou gebou is tans in 'n taamlik vervalle toestand en is in die hartjie van Krugersdorp geleë.

Daarom het die stadsraad reeds etlike jare gelede onderhandelinge met die Departement Landboukrediet en Grondbesit aangeknoop.

Die gedagte is om die gebou tot 'n nasionale monument verklaar te kry. Terselfdertyd het die stadsraad op die gedagte gekom om dit as 'n museum te gebruik – iets waarvoor daar lank reeds 'n behoefte in die dorp bestaan.

Die staat was vir dié idee te vinde. Een van die voorwaardes wat gestel is, was “dat die gebou opgeknop en/of gerestoureer moet word tot bevrediging van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.”

Kort daarna het 'n brief van die Raad gevolg waarin as spesifieke voorwaarde gestel is dat die gebou op die koste van die stadsraad gerestoureer moet word.

'n Onderzoek het aan die lig gebring dat dit tussen R20 000 en R25 000 sal kos om die gebou op te knop.

Restourasie was 'n ander storie. Dit sal na raming sowat 'n kwartmiljoen rand kos om die gebou te restoureer!

Hiervoor was die stadsraad gewis nie te vinde nie en die onderhandelinge het op die dooie punt beland.

“As die ou gebou gerestoureer moet word soos dit oorspronklik daar uitgesien het, sal dit nie aan die doel waarvoor ons dit wil gebruik, naamlik 'n museum beantwoord nie. Vir R250 000 kan ons 'n baie doelmatiger museumgebou oprig;” sê die waarnemende stadsklerk, mnr J J L Nieuwoudt.

Maar die Krugersdorpers is baie sentimenteel oor hul historiese geboue soos die onlangse besluit oor die ou stadsaal net oorkant die straat bewys het.

Ná 'n jarelange twis is daar besluit om die stadsaal, die oudste in Transvaal, in stryd met die aanbeveling van kenners te behou en nie te sloop om plek te maak vir 'n nuwe burgersentrum nie.

Gevolgtrek het die stadsraad nie sommer tou opgegooi nie en met sy pogings voort gegaan.

Aangesien 'n kommissie van ondersoek insake museums tans 'n omvattende ondersoek oor historiese geboue doen, is daar besluit om 'n afwagterende houding aan te neem.

Die kommissie se verslag word voor einde vanjaar verwag. Dan sal daar groter duidelikheid wees oor onder meer watter geboue die staat, die provinsie of plaaslike bestuure se verantwoordelikheid is.

Intussen word daar nie stilgesit nie. Só het die LV vir Krugersdorp, dr J J Vilonel, byvoorbeeld die aangeleentheid self onder hande geneem. Hy wend tans pogings aan om die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede tot ander insigte te bring.

—Die Vaderland, 29 Mei 1975

City Hall should be preserved

Dennis Godfrey writes on old Johannesburg.

Somebody tells me – I'm certainly no expert on such things – that there are signs that acids in Johannesburg smog, generated mainly by motor vehicle exhaust fumes, are beginning to cause damage to Johannesburg's venerable City Hall.

Overseas there has been definite evidence of the effects of such smog acids on buildings, both ancient and relatively

new, as Johannesburg's City Hall is, for it was only taken into use in 1915.

There has, of course, been great discussion in the past few years about the desirability of demolishing the old City Hall.

Remarkably enough, the idea of demolishing it was supported by Dr Doreen Greig, president in chief of the Institute of South African Architects, who said: “Do away with it. We could then have a really fine garden stretching from the front of the library to the old post office in Rissik Street.”

I say: Fiddlesticks. There are two practical arguments – even before one considers the demolition mania that makes Johannesburg look like a bombed city most of the time – in favour of keeping the City Hall. One is that in spite of the new civic centre the old building is needed as a central rates hall and for everything from concerts to flower shows.

Mania

The other is that it is a part of older Johannesburg and should not be another victim of the “knock-down” mania which is obliterating all that is precious in the way of old buildings, from the Golden City's past.

While the Johannesburg City Hall was not completed and put into use until 1915, the foundation stone was laid in November 1910 by the Duke of Connaught, son of Queen Victoria and uncle of King George V.

The Duke and Duchess arrived in Cape Town in the Balmoral Castle to open the first session of the brand-new Union Parliament. And they arrived in Johannesburg on November 28 that year and

Ou stadshuis, Johannesburg . . . waardige monument vir die nageslag.

—Foto: Coen Oosthuysen



and on the next day the Duke laid the foundation stone of the Town Hall, as it was known in those days. Incidentally, he also laid the foundation stone of the Rand Regiment's Memorial in Hermann Eckstein Park and inaugurated, in temporary premises, Johannesburg's art collection, the moving spirit behind the establishment of which was Lady Florrie Phillips. It was only later that the Art Gallery in Joubert Park was built to house the collection. The Duke, laying the City Hall foundation stone, remarked that only 24 years previously Johannesburg had been bare veld, and now (in 1910) had 25 000 inhabitants.

Invitation

An impressive invitation was designed by Denis Santry and was sent to distinguished guests to attend the ceremony on November 29, 1910 and the Duke replied to an address given by the then Mayor of Johannesburg, colourful Mr Harry Graumann.

There was another celebration when the City Hall was occupied in 1915, and on many subsequent occasions the building has been the central pivot of celebrations or special occasions, and always it has been specially lit and hung with bunting and flags.

Johannesburg received city status in 1928, and the City Hall was the centre of official ceremonies and celebrations. By this time the municipal area covered 128 sq km and the population was 400 000.

Proclamation

John Connell wrote: "The Musical Shout" for the occasion, and it was sung by a choir on the City Hall steps from where the Administrator of the Transvaal read the Proclamation at about midday on September 5, 1928 and then presented it to the Mayor, Mr W H Port. Johannesburg then proceeded to celebrate for six days without stop.

The Johannesburg City Hall steps have been the rallying point of many political meetings and demonstrations, and also wartime gatherings.

General Smuts, among other notabilities, addressed gatherings in front of the City Hall.

Thank goodness the City Council has been wise enough to veto any demolition plans.

—*The Star*, February 8, 1975

Heilige herrie oor RAU-rugbyveld

'n Heilige herrie is in Johannesburg los omdat studente van die Randse Afrikaanse Universiteit rugby speel op 'n

lappie grond wat moontlik deel van 'n historiese monument is.

Vier jaar nadat die Universiteit 'n kontrak geteken het om 7 ha van die stadsraad te huur, raak dit vandeeweek bekend dat dié grond deel is van die historiese Melville-Koppies. Dié grond is in 1933 deur die eienaar, mnr. Frans Geldenhuys, aan die stadsraad geskenk en is in 1968 tot nasionale monument verklaar.

Dit is 'n smal strook grond tussen Westdene se bekende Padda-dam en Melville se hoofstraat aan die noordekant van RAU se sport terrein wat in die gedrang is.

Mnr Ritzema de la Bat, die vise-reaktor (bedryf) van RAU, sê dat hulle nooit geweet het dat hulle eintlik 'n "heilige grondjie" aan die soom van Johannesburg se middestad gehuur het nie.

"Ons was al dikwels onder skoot oor misverstande. Mense het ons byvoorbeeld beskuldig dat ons sou gedreig het om die twee damme toe te gooi vir sportterreine. Maar niemand het ooit geweet dat ons 'n nasionale monument betree het nie – die stadsraad het ons niks daarvan gesê nie."

En indien van die rugbyvelde waar RAU se manne deesdae speel op die monumentgrond is, is dit ook nie RAU se skuld nie. Die rugbyvelde is 'n paar jaar gelede al ontwikkel en gebruik deur die rugbyklub Diggers.

Maar nou die stadsraad se argument: hulle het die grond onvoorwaardelik aan RAU verhuur en die wet sê die huurder moet sorg dat hy niks onwettigs op die stukkie aarde pleeg nie. Só sê mnr Eddie Magid, voorsitter van die stadsbeplanningskomitee ná die nuus dat die grond deel is van die nasionale monument.

"Dit is 'n ou plat stukkie aarde wat in die gedrang is, maar nogtans is dit deel van die grond wat wyle mnr Geldenhuys aan die stadsraad geskenk het. Ek gaan nou sorg dat ons, die universiteit en die mense van die omgewing bymekaar kom en die hele saak bespreek. Niemand mag te na gekom word nie," sê hy. Mnr Magid sê die stuk grond is ongetwyfeld deel van die nasionale monument.

—*Rapport*, 4 Mei 1975

Beeldhouer van Wouw se huis

Min mense ken die mooi grasdakhuis waar Anton van Wouw van 1938 tot met sy dood in 1945 gewoon het. Die huis met sy mooi tuin is nommer 299 Clarkstraat, Brooklyn, Pretoria, en is nou 'n spesiale Van Wouw-museum, besonder fraai gerestoureer.

In hierdie huis word herinnerings aan die beeldhouer bewaar. Hier kan besoekers

van sy kleiner werke bewonder. Foto's, boeke, briewe, modelle en die instrumente waarmee hy gewerk het kan in die sfeer waarin hy die laaste sewe jaar van sy lewe gearbei het, besigtig word.

In 1973 het dr Anton Rupert aan die Universiteit van Pretoria fondse beskikbaar gestel om die huis wat in 1946 die eiendom van prof S F Oosthuizen geword het, te koop. Na restaurasie is dit in 1974 aan die Universiteit oorgegedra.

'n Gedeelte van die Van Wouw-werke wat die Universiteit oor die afgelope veertig jaar verkry het, is na die huis oorgebring. Die vertrouwe word gekoester dat die huis 'n eie besondere plek in die kulturele lewe van Pretoria sal inneem. Ook vir besoekers uit ander dele bied die museum 'n mooi geleentheid om hulle terug te trek van die alledaagse gejaagdheid en stil van die kunswerke in gips wat die groot kunstenaar geskep het, te geniet.


Die meeste Suid-Afrikaners ken natuurlik die groot werke van Van Wouw. Duisende het in die loop van die laaste halfeeu die beeld van stoere Paul Kruger soos Van Wouw hom geskep het, bewonder. Dit het aanvanklik voor die spoorwegstasie in Pretoria gestaan, maar is ongeveer twintig jaar gelede na Kerkplein verskuif. Daar pryk dit nou, bewaak deur vier Boerekrygers. Talle besoekers lees die skrif op die voetstuk: "Met vertrouwen leggen wij onze zaak open voor de gehele wereld. Hetzij wij overwinnen, hetzij wij sterven, de vrijheid zal in Afrika rijzen als de zon uit de morgenwolken."

Die beeld is in opdrag van mnr Sammy Marks vervaardig en in 1899 van Lourenco Marques na Transvaal gebring.

Anton van Wouw is ook die skepper van die indrukwekkende Vrouemonument wat die smart van die Boerevrou in die Engelse konsentrasiekampe vertolk. Dit is in 1912 in Bloemfontein onthul. Nog 'n beeld van 'n Boervrou en kind, deur hom geskep, staan by die Voortrekkermonument in Pretoria.

Van sy kleiner werke is in gipsmodelle in die Van Wouw-huis te sien, soos die borsbeelde van Jan F E Celliers, sy swaer, waaruit die gevoelige persoonlikheid van hierdie digter spreek, die Bantoe-daggaroker, die Basoetoe-getuie, en ook die borsbeelde van dr Andrew Murray, prof A Morrees en oom Koos de la Rey. Laasgenoemde kunswerk is deur mnr Murray Schoonraad, dosent in die kunsgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, ontdek in Libertas, die woning van die Eerste Minister. Dit is tydens 'n klein plegtigheid deur mnr G S Pool, adjunk-sekretaris van Openbare Werke, aan die Van Wouw-museum oorhandig.

Antonie van Wouw is in 1862 in Driebergen naby Utrecht, Nederland, gebore en aan die Rotterdamse Akademie, waar ook Hendrik Pierneef en Anton Hendriks gestudeer het, opgelei. Hy het in 1889 na Suid-Afrika gekom. Sewe jaar



Van Wouw-huis, Pretoria, nou oop vir besoekers

Foto: Universiteit van Pretoria

later het hy met 'n suster van Jan F E Celliers getrou. Sy is vroeg oorlede. Twee dogters is uit die huwelik gebore. In 1925 het hy mej L Mulder, skoonsuster van president Reitz, getrou. In 1930 het hy die ridderkruis in die orde van Oranje-Nassau ontvang. In 1936 is 'n ere-doktoraat deur die Universiteit van Pretoria aan hom toegeken en 'n jaar later het die Suid-Afrikaanse Akademie hom met die erepenning vir beeldhoukuns vereer.

Met die restourasie van die Van Wouw-huis het dr Anton Rupert 'n groot geskenk aan die Suid-Afrikaanse gemeenskap gegee en opnuut 'n verheugende bewys gelewer van sy liefde vir die kuns van sy vaderland.

—PIET KORTHUYS
Den Haag, 1975

Bad vir 'n edelman

Legendes het gewoonlik hul oorsprong in die waarheid. Dit is om hierdie rede dat die bewaarders van ons kultuurhistoriese erfenis in Pretoria, by name dr Willem Punt-hulle van die Stigting Simon van der Stel, gerus die geskiedenis van die ou huis in Reitzstraat, nommer 527, kan naspeur. Want as die verhale wat oor hierdie huis en sy aangrensende „buitegou” enigsins op die waarheid gebasseer is, wag 'n aangename verrassing op hulle.


Ek het die huis „ontdek” deurdat ek op soek was na Art Studios Pretoria, 'n kunssentrum wat vier jong studente verlede jaar gestig het. Hierdie kunssentrum

is in hierdie huis, alom bekend as die Reitzhuis, gevestig.

Nadat ek met Carl en Lynn Jeppe gesels het oor die sentrum, het hulle my van die „fantastiese badkamer” van die huis vertel. En sowaar, dié ou badkamer is iets besonder om gade te slaan: afgesien van die pragtige groot vensters met hul gekleurde glasruite daarin, staan daar 'n enorme bad-stortbad in die middel van die vloer. Groot gechroomde pype met verskeie krane en knoppies vorm 'n indrukwekkende handreling bo-oor die bad.

Lynn Jeppe het met groot opgewonden-

Die spoggerige bad in Reitzhuis. Gebou vir 'n edelman?



heid verduidelik wat die doel van elke kraan of knop is, en glo my, dit is imponerend. As jy dié een oopdraai, word jou hele liggaam liggies deur water natgesproei; daárdie een veroorsaak 'n gekonsentreerde straal water wat reg op jou kop val en daárdie een 'n ligte sproei. Ensovoorts.

„Die bad is volgens vertelling spesiaal vir die prins van Wallis gebou toe hy in die jare dertig in Suid-Afrika was en in hierdie huis oornag het,” vertel mev. Jeppe.

Die huis self het glo in 'n stadium aan ene Reitz behoort, wat 'n sekretaris-generaal, of iets van dié aard, in die Kruger-tydperk was. In die „buitegebou”, wat nou in 'n ekstra woonkwartier omskep is, is koetse gehuisves; dit is gebou in 'n eg Kaapse styl, wat van voor af nie baie opsigtelik is nie, weens die verbouings deur die jare, maar van agter af blyk dit baie duidelik.

Met hierdie inligting het ek dr. Punt geskakel. Sy reaksie was kort en saaklik: „Waarvoor sou die prins van Wallis in daardie huis tuisgegaan het?” Of die huis van enige historiese belang is, weet hy nie, maar hy verwys my darem na ene mnr. Vorster by Munitoria.

Mnr Vorster het baie moeite gedoen om vas te stel of 'n Reitz in enige stadium die eienaar van die huis was. Tot dusver is die antwoord negatief. Maar hy wys nogtans daarop dat die huis donkiejare gelede reeds aan maatskappye behoort het; miskien was Reitz 'n aandeelhouer. Volgens dokumente is die geskiedenis van die huis kortliks as volg: dit het eers op 'n plaas gestaan, wat later aan ene Mears verkoop is (die Mears na wie Mearstraat vernoem is). Die Pretoria Estate and Market Co. het die huis in 1895 van Mears gekoop. Dit was die eerste maatskappy waaraan die huis behoort het.

Mnr T H Davis, skoolhoof van die Sunnyside Primary School, het vertel dat hy jare lank reeds bekend is met die geskiedenis van die huis; die feit dat die prins van Wallis wél daar oornag het en dat die huis tóg aan Reitz behoort het. Die buitegebou was volgens hom beslis 'n stoorplek vir koetse.

Hoe dit sy, die huis is steeds in 'n pragtige toestand. Art Studios Pretoria trek een van die dae uit die huis, want dit is aan Capital College verkoop. Tiksters sal voortaan daar opgelei word. Dat verbouings aan die huis gaan plaasvind, is nie altemit nie.

Sulke huise word al hoe skaarser in Pretoria, veral in Sunnyside en Arcadia waar woonstelle teen 'n enorme tempo opgerig word. Dr Punt-hulle moet miskien maar nog 'n slag nadink oor die Reitzhuis, siende dat hy blykbaar nie eens by die Stigting Simon van der Stel bekend is nie: dalk is dit 'n groot fonds vir hulle.


—PAUL ALBERTS
—Beeld, 8 Februarie 1975

Sunnyside se Reitzhuis

Reitzhuis, Sunnyside – ietwat verwaarloos, tans woonplek van studente. Die huis is waarskynlik gebou deur Johnny Reitz, neef van president F W Reitz van die OVS. 'n Latere eienaar, H Katzenellenbogen, winkelier in Pretoria, het omstreeks 1913 in die huis gewoon. Die huis bestaan uit 'n potpourri van boustyle, tipies van huise van die nouveau riche van die Edwardiaanse era in Pretoria. Dit is hoofsaaklik Edwardiaans met Elizabethaanse vagwerk en Kaaps-Hollandse buitegeboue. (Red.)



Die Kaaps-Hollands-geinspireerde buitegeboue van Reitzhuis, nou omskep in woonplek vir studente.



Agter-aansig van die buitegeboue, met die tipiese Kaaps-Hollandse soldertrap.

'n Ander aansig van Reitzhuis.



City to save prison?

The decision to tear down the old Pretoria prison in Potgieter Street and replace it with new buildings has aroused anger among preservationists in the city. Dr Willem Punt, who retired recently from his post at the head of the Simon van der Stel Foundation, said recently: "It is a terrible mistake to destroy this interesting old facade.

"Modernise the interior by all means, that is essential, but a clever architect could adapt and preserve the street frontage of the building with its imposing portico while replacing the building behind."

Dr Punt said the Foundation had suggested this a number of years ago and been told that the department already had plans to pull the whole building down.

Dull


Nothing was done for some time and when work went ahead the Society was not consulted again.

"We shan't see buildings like that again," said Dr Punt. "Looking at the new building that has already gone up beside the old one I cannot be very hopeful that anything worthwhile is going to emerge - it's terribly dull."

The facade of the old Opera House in Pretorius Street was being preserved while fresh development went on behind it which showed that this sort of thing could be done.


Dr Punt pointed out that the old jail had a place in South Africa's history - Jopie Fourie had been executed as a traitor.

—*Pretoria News*, January 17, 1975




The old Pretoria Prison in Potgieter Street, Pretoria.

Bewaar
ons
erfenis



Preserve
our
heritage


Main entrance, Pretoria Prison, Potgieter Street.



Main entrance as seen from the courtyard.



Typical row of cells.





Cast-iron fireplace in one of the offices.

Mr W Punt, director of the Simon van der Stel Foundation, and a prison official, Lt Col P H Pretorius, point to the bricks which replaced the bullet-shattered bricks left in the wall after the execution of Jopie Fourie.

—Photos of Pretoria Prison: *Frik Dreyer*



Aesthetic Facade



Dr Punt pointed out that the old jail, built between 1902 and 1910, had a place in South Africa's History – Jopie Fourie was executed as a traitor there and General Smuts consigned the 1922 strikers on the Rand to its cells. But it should be preserved on architectural grounds, not merely because some notorious criminals had been incarcerated there, he said.

—*The Star*, January 17, 1975

Pretoria Futura ?

BIRD'S EYE VIEW OF THE PRETORIA CANYON.

The Staatsmodel School on its concrete bridge will force unobservant motorists to observe and to drink in its beauty, and to become enriched by its cultural and historical value. Will the motorist's psyche be anointed by its gracious new environment ?




This is not a model train enthusiast's lay-out. It is a model of the centre of Pretoria as our urban planners would have it. Note (top right hand corner) how Pretoria's gentle Apies River has been magically transformed from a rivulet of clear water to a roaring stream of concrete, asphalt and automobiles. Who said the Apies could not be mighty ?


—Photos: *City Council of Pretoria*

Krugerplein, en Goedehoop-woonstelkompleks, breinkind van die Departement van Gemeenskapsbou. Hierdie maanlandskap sal in Pretoria verrys tussen Schoeman-, Bosman- en Bloedstraat, met Steenhovenspruit en Prinsespark aan die westekant. In die middel kan die Krugerhuis en Gereformeerde Kerk gesien word, met die Krugerstandbeeld net links daarvan. Na raming sal die projek by voltooiing R10 miljoen kos. Grond is alreeds onteien en een van die woonstelkomplekse word tans gebou.

—Foto: *Oggendblad*



Pretoria's Church Square - South Africa's Heritage



This sketch of the south-western corner of Church Square shows three of the seven buildings on the western side of Church Square which are in danger of being demolished, ie the Old Netherlands Bank, the Law Chambers and the Cafe Riche.

The sketch further clearly indicates that the Old Raadsaal is in harmony with the other old buildings on Church Square and, with the Palace of Justice, will be lost if the suggested new developments are to be carried out.

Reproduction of the Citizen's Committee for the Preservation and Restoration of Church Square pamphlet advertising the 26th July 1975 public meeting on the Square.

The Three Important Elements

- The Square
- East Facade - Reserve Bank to the Standard Bank
- West Facade - Old Raadsaal to the Palace of Justice

Highlights of Church Square's History

1854 On the advice of dominee Dirk van der Hoff, Cmdt gen M W Pretorius agrees to a church manor for the fifth Transvaal parish being laid out on Elandspoort.

- Englishmen, Louis and Lionel Devereux draw the layout plan for Church Square.
- Three morgen of land chosen by Cmdt-gen Pretorius, his secretary Jan Visagie and church elder Jacobus (Koos Tiernek) Erasmus. Demarcation done by the Devereux Brothers, William Skinner and Jan Visagie.
- William Skinner and the Devereux Brothers design the church and start laying the foundations.

1856 Devereux, Devereux & Skinner complete the church. Pretoria's first architects/builders complete Pretoria's first church.

1857 The church is inaugurated by ds Van der Hoff.

1865 Ds A J Begemann, Pretoria's first permanent predikant, instructs DD & S to add a wing and vestry. Pretoria shopkeeper/poet Albert Broderick, writes "with your DDS initials standing on your gable there".

1877 Sir Theophilus Shepstone is sworn in in the church, by Judge Kotze and ds H S Bosman.

1882 Struck by lightning, the thatched church burns down.

1883 S J P Kruger sworn in as State President on Church Square.

1885 A new steepled church, the first in the Transvaal, is built by Marinus Franken to the design of Tom Claridge.

1888 S J P Kruger sworn in for his second term as President.

1893 S J P Kruger's third inauguration.

1898 S J P Kruger's fourth inauguration.

1899 Church Square and its church are sold to the ZAR government for £50 000 on the proviso that the church be used for an educational purpose such as a museum.

1900 British forces occupy Pretoria. The Union Jack is hoisted.

1904 Colonial government demolishes the church.

1905 Church Square transferred to the City Council of Pretoria. The plinth intended for the Kruger statue is demolished.

1910 As a result of a suggestion by architect W J de Zwaan and *De Volkstem* editor, F V Engelenburg, Poole and Barber design a layout for the Square. M G van R Mostert's tender of £36 000 is accepted. Basically unchanged, this is still the layout 65 years later.

1954 The Kruger statue ends its wanderings on a new plinth in the middle of Church Square. At last Church Square is complete but with the highrise backdrop which mars it today.

1961 The Republic of South Africa's first State President, Mr C R Swart, sworn in on Church Square.

1965 Plans are announced to demolish the West Facade to make room for international style high-rise buildings. The citizens object strongly.

1971 The government announces that the two 50-storey tower bloc section plans are to be dropped and the Netherlands Bank and National Bank retained.

Public reaction still insists on the retention of the entire West Facade.

1974 Government announcement that all the West Facade western line of buildings are to be demolished in January 1978. Strong reaction from the public and cultural organisations.

1975 This public resistance to the destruction of so an important part of South Africa's heritage, leads to the formation of the Citizen's Committee for the Preservation and Restoration of Church Square.

The South African Heritage on the Western Side of Church Square

The Old Raadsaal. Sovereign Boer Parliament – by architect Sytze Wierda and builder John Kirkness. Corner stone laid by Paul Kruger 1888. *ZAR.*

The Capital Theatre – Last remaining of its kind in South Africa. Grandiose, rich in atmosphere, bringer of bright life to the Square. Opened by Gen. Hertzog 1931. *Union of SA.*

Old Netherlands Bank Building – jewel of the West Facade. Beautiful, in excellent condition. Architect W J de Zwaan. 1896. *ZAR.*

Old Law Chambers – Second oldest building on the Square. Sound building, harmonious in style. Corner stone laid by Cmdt-gen P J Joubert 1893. *ZAR.*

Cafe Riche (Reserve Investments building) – Sound building for shops and open-air cafe. Famous sandstone owl. Corner wall relief "Commerce" by Van Wouw. Architect Frans Soff, who later again co-operates with Van Wouw on the Women's Memorial in Bloemfontein. *Transvaal Colony, 1904.*

Post Office – imposing building suitable for a post office or even a hotel. Architect William Hawke. Corner stone laid by Lord Selbourne, first Governor-General of the *Union of SA, 1910.*

Old National Bank Building – sound, attractive, gabled building. Architect Frank Enley. Corner stone laid by Paul Kruger 1892. *ZAR.*

Old State Mint (behind National Bank). First mint in the Southern Hemisphere. The wrought iron gate is a declared national monument. *ZAR.*

The sandstone building in front of the Mint, adjacent to the National Bank, was added in 1906.

Bank of Africa Building – Charming, northern corner piece for the West Facade. Could very well serve as a visitors' bureau. Also served as the town office of the famous Pretoria builder, J J Kirkness. *Transvaal Colony, 1906.* Architects T A & R Sladdin.

Palace of Justice – another of Sytze Wierda's master pieces. Beautiful end piece for the West side of Church Square. *ZAR 1896.*

What Church Square means

Pretoria's Church Square reflects the Republic of South Africa. Church Square

represents the precipitate of South Africa's development from its pioneering days, Voortrekkers, British pioneers and other immigrants built South Africa. Church Square still presents visual evidence of four great eras, the free and independent Zuid-Afrikaansche Republiek, the British Transvaal Colony, the unification of the provinces into a free South Africa in 1910 and the establishment of the Republic of South Africa in 1961.

Church Square is a symbol of goodwill and co-operation in South Africa. Together Boer and Britisher, Hollander and Foreigner created the spirit and the tangible evidence of a national heritage still to be seen on and around the Square.

The legacy of the West Facade is the tangible proof of our ancestor's energy, co-operation and civilizing influence. This heritage is evidence of your and your children's children's claim to a peaceful existence in South Africa.

(Issued by the Citizens Committee for the Preservation and Restoration of Church Square, PO Box 558, Pretoria 0001, RSA)

Citizens' committee for the preservation and restoration of Church Square

Pretoria's Church Square is in danger. Church Square, the heart of the city and of South Africa, the scene of many a historic event, is threatened by the demolisher's bulldozers.

Church Square belongs to the people of South Africa. The citizens as the true co-owners of the Square, have had the opportunity of expressing their opinion on its future on Saturday 26 July 1975 from 10.00 a.m. on the Square itself. This was a civic duty and right.

We, the undersigned citizens of Pretoria, are perturbed at the previously announced plans regarding the future of Church Square. These plans will result in the disappearance of the historic buildings on the west side and the desecration of the Square's historic and aesthetic character.

A nation's history is not only recorded in books and monuments, but especially in the manner in which a people impose the stamp of their spirit upon an environment. Nowhere in South Africa is this stamp of our pioneer origins more clearly to be seen and experienced than on Church Square.

Church Square tells the story of people who, in putting down roots, also provided for creations of beauty and intrinsic value in their physical environment. Church Square is a national square. It is the centre of the capital of South Africa. The buildings on its perimeters, the Western Facade in particular, represent three outstanding phases in our history – the ZAR, the Transvaal Colony and the free and united provinces after 1910. Historically and aesthetically Church Square is important to everybody – Afrikaans and English speaker alike. Also the immigrants, the New South Africans, realise the value of preserving the national heritage. Church Square particularly symbolises mutual co-operation. Church Square should once again become a vibrant human environment. Government offices do not contribute to that ideal – but a restored Western Facade with café's, art gallery, museum, post office or hotel and tourist bureau would.

We may not allow the rich heritage represented on Church Square to be destroyed for short-sighted materialistic considerations.

We realise that the Prime Minister can save Church Square from the demolishers. We also realise that the citizens of Pretoria have procrastinated for too long in expressing their feelings on Church Square to the authorities.

Citizens Committee

Oorsig

Pretoria se Kerkplein is vanjaar 122 jaar oud. Behalwe vir die plein self, is die oudste nog bestaande onderdeel daarvan, die ou Law Chambers-gebou van 1893. Op Saterdag 26 Julie het 10 000 mense in die kort bestek van vier ure oor die plein beweeg om uiting te gee aan hulle gevoel vir die plein, 6 500 van hulle het 'n pleitskrif vir die bewaring en restourasie van die geboue aan die Wesfasade en die plein in sy geheel onderteken. Nog ruim 3 000 mense het per telegram, brief en boodskap hul ook vir bewaring uitgespreek. Hierby is nie ingereken 'n brief namens 6 300 ATKV (SAS en H) lede en die telegram namens 13 000 Transvaalse onderwysers wat van die hoofbestuur van die TO gekom het nie. Stemme vir bewaring het gekom van oud en jonk, vanuit Pretoria, Kaapstad, Stellenbosch, Paarl, Tulbagh, Worcester, Swellendam, Port Elizabeth, Windhoek, Pietermaritzburg, Bloemfontein, Potchefstroom, Pietersburg, Volksrust, Groblersdal, Verwoerdburg, Johannesburg, Lichtenburg, Roodepoort en elders.



Hierdie mense het wisselende menings oor die historiese en argitektoniese waardes van die geboue aan die Wesfasade, maar hulle is eensgesind dat hulle dit wil behou. Hierin lê na ons mening, die "nuwe" rede wat dan nodig sou wees om die owerheid sy slopingsbesluit te laat heroorweeg. Die volk beskou daardie geboue as 'n stuk volkerfenis wat behoue moet bly ongeag wie meen dat dit histories en argitektonies van hoogstaande of van laagstaande gehalte is. Duisende Suid-Afrikaners wil hulle Kerkplein nie verder deur moderne karakterlose hoogbou geskend hê nie. Die vergadering op die plein was geen protesoptog of betoging nie. Die mikrofoon is aangebied aan wie ook al sy sê wou sê, ook diegene wat ten gunste van sloping is maar geneen van hulle het van

Lede en ondersteuners van die Burgerkomitee. Van links na regs: mnr Willem Punt, mnr Albrecht Holm, argitek, Dotman Pretorius, kunsfotograaf, mnr Adriaan Mocke, Swellendamse onderwyser en mnr Piet Muller, uitgewer.

die aanbod gebruik gemaak nie. Dit was 'n gemoedelike, ordelike vergadering wat onomwonde gepleit het vir bewaring. Die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein meen eerlik dat daardie vergadering 'n onmiskenbare uitdrukking van volkswil is wat vryelik op demokratiese wyse in die openbaar tot uiting gekom het.

Kerkplein, Pretoria, Saterdag 26 Julie 1975 . . . ou Staatspresident Paul Kruger kyk hoe die skare aangroei.




Deel van die 10 000 mense wat kom luister en kom saampraat het.



Sal oom ook skiet as hulle aan my erfenis vat?

(Foto's: Frans Fouche)

Sy Edele Hans Abraham, voormalige Kommissaris-Generaal van die Transkei aan die woord: "Bewaar ons erfenis!"



Die stryd om die behoud van die geboue aan die Plein se Wesfasade, duur noual bykans tien jaar. Tot hede toe weet niemand, buiten die betrokke amptenare, presies wat daar in die plek gaan kom van die bestaande geboue nie. Einde 1973 was daar egter wel 'n geleentheid geskep. Die Kerkpleinkomitee van die Departement Openbare Werke het die publiek uitgenooi om na 'n "model" te kom kyk en kommentaar te lewer. Wat die kommentaar was is nie bekend gemaak nie maar, met een uitsondering, is ons nie bewus van iemand wat ten gunste van die skema was nie. Die "model" was buitendien slegs 'n Montini-blokkiesvoorstelling, nie 'n akkurate argitekmodel nie. Mens kon nie aan die "model" aflei hoe die nuwe Wesfasade daar sou uitsien nie.

Die Eerste Minister het in 1969 'n rondskrywe aan alle staatsdepartemente gerig waarin hy gevra het dat die historiese waarde van geboue eers oorweeg moet word voordat slopings beplan word. Ons is nie bewus dat dit in die geval van Kerkplein gedoen is nie. Die staat se eie deskundige liggaam, die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, se advies is nie ingewin nie. Verlede jaar het die RNG se volle raad uit sy eie eenparig verklaar dat hy van mening is dat al die Wesfasade-geboue wel van groot historiese belang is en bewaar behoort te word. Dit was egter slegs 'n mening van die RNG, want hy het geen seggenskap oor Kerkplein nie en kan, vreemd genoeg, nie staatseiendom tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar nie.

Die liggame wat lank reeds die behoud en restaurasie van Kerkplein en die Wesfasade bepleit, met die Stigting Simon van der Stel aan die spits, se menings is oorbekend. Hulle kon nie daarin slaag om die owerhede van hulle ontwikkelingsplanne te laat afsien nie.

Uit dié omstandighede en die gevoel vir bewaring wat wyd en diep ook by 'n menigte ander mense loop, is die gedagte aan 'n Burgerkomitee vir die Bewaring en Restaurasie van Kerkplein gebore. Dertig persone, Afrikaners en Engelsprekendes en immigrante, ondersteuners van die regering en ondersteuners van die ander partye, sakemanne, argitekke, dokters, prokureurs, akademici, wisselend in ouderdom tussen 25 en 75 jaar, het byeengekom en eenparig besluit dat die behoefte bestaan by die publiek om uitdrukking te gee aan hulle wens en hoop en wil dat die Wesfasade behou word, gerestoureer word, funksioneel benut word en dat Kerkplein weer 'n leefbare, genietbare omgewing in die sentrum van Pretoria, die hart van Suid-Afrika, moet word.

Die Burgerkomitee is nie 'n groepie anti-regerings-agitators nie maar mense van kwaliteit en aansien wat op 'n ernstige wyse 'n pleidooi lewer oor 'n ernstige saak.

—W J P

De historiese bekoorlijkheid van Pretoria's stadskern gaat verdwynen

Van stonden af heerst beroering en teleurstelling omtrent het gevaar waarin de "historische" gebouwen aan de westkant van het Kerkplein verkeren. De materialistische geest van het moderne leven geeft er niet veel om de erfenis van verschillende generaties gewoonweg te vervangen door gebouwen die in een nieuwe stijl zijn gedacht.

Nergens dan te Pretoria kwam her besef van deze onverantwoorde schending zo scherp op tijd. Komitee's en kranten sprongen in de bres om het behoud van deze unieke Zuidafrikaanse stadskern af te dwingen. Vergeefs echter: De bulldozers staan paraat . . .

Onteigeningen hebben altijd en eender waar tot een felle strijd aanleiding gegeven wanneer het ging om het behoud van een doorgegeven kultuurhistorisch bezit. Ook te Pretoria waardeert men de architecturale waarde en betekenis van the Kerkplein als een onvervangbaar levend historische getuigenis.

In deze door afbraak bedreigde gebouwen weerkaatst het karakter van de maatschappij, de geest en gesteldheid der samenleving waarvoor ze ontstonden. Alhoewel zij behoren tot de periode waarin oude bouwstijlen werden herontdekt, dragen zij toch de stempel van hun tijd. De hele 19de eeuw werd beheerst door de eerbied voor de kunstgeschiedenis. De bouwers hebben geput uit een rijke kultuurhistorische bron en niet gezocht naar een nieuwe stijl. Dus niet als gevolg van wat men de machteloosheid der 19de-eeuwse architecten pleegt te noemen.

Stijlvormen evolueren. De schoonheid van de vorm is echter konventioneel. Wat men vandaag schoon noemt zal morgen misschien worden verworpen.

Op het gebied van de Europese en Zuidafrikaanse monumentale architectuur uit de 19de eeuw zijn heel wat parallellen te trekken. De verschillende toegepaste stijlelementen van het uiterlijk vormvertoon stoten mekaar niet af. Zelfs zijn ze gemakkelijk verzoenbaar.

In dit verband is het een ware behoefte, de aandacht te trekken op de onverklaarbare verwijdering van wat er van de oude stede nog overblijft. Nieuwe pogingen kunnen wel tijdelijke wijzigingen of modekunst ten gevolge hebben, maar brengen geen wezenlijke vooruitgang van kunst.

Tal van prominente persoonlijkheden hebben het betreurenswaardig regerings-

besluit met open vizier aangeklaagd: "Nêrens in Suid-Afrika is die spore van ons pioniersverlede so diep ingekerf as juis op Kerkplein nie". ("Transvaler", 11-7-1975).

De miskenning van deze tijdsdokumenten die met de levensgemeenschap van het volk verworteld zijn, omsluit de gevoelens van diepe ontgoocheling door drongen van iets dat men heimwee naar een historisch verleden dat wordt weggeewist zou kunnen noemen.

Belangstellenden in oude kultuurmonumenten: Piet Muller, Willem Punt, H Rex, M Smit e.a. hebben niet geaarzeld uitdrukking te geven aan hun geërgerdheid. Het valt niet te ontkennen, dat een typische architectuur uit het stadsbeeld - "the heart of Pretoria, the heart of the Republic" - gedoemd is te verdwynen. Daar staan de bulldozers paraat.

—C V TREFOIS
Melle, België

—Vrienden van Zuid-Afrika, Juli-Aug 1975

Argitekthe pleit om behoud van Plein

Die veldtog om die Kerkplein se voorkoms soos dit nou is te behou, groei steeds. Die jongste organisasie wat nou die strydbyl opgeneem het, is die Transvaalse Argitekthe-instituut wat 'n brief aan die Eerste Minister en Minister van Gemeenskapsbou in dié verband geskryf het.

Etlke kultuurliggame en ander instansies het tien jaar lank geveg om die behoud van die geskiedkundige geboue in die middel van die stad. Verlede jaar het die Eerste Minister egter bekend gemaak dat die geboue gesloop gaan word en dat provinsiale geboue daar opgerig gaan word.

Ses van die ou geboue om die Plein se doodvonnis is toe gevel. Dit sluit die huidige Hoofposkantoor en die ou Nederlandse Bank se geboue in. Dit is beplan dat die slopingswerk aan die begin van 1978 gedoen sal word.

Die Stigting Simon van der Stel was tot dusver die hooforganisasie wat vir die behoud van die Kerkplein gesorg het. Met die argitekthe se organisasie wat nou ook aan die kant van die Stigting staan, is die getal name wat veg aansienlik groter.

Die argitekthe het op hul instituut se jaarvergadering 'n besluit aanvaar dat hulle nie die Regering in die voorneme om die ou geboue te laat sloop, kan steun nie. Die 1 109 argitekthe in Transvaal, wat aan die instituut behoort, het ook besluit dat die Eerste Minister en Minister van Ge-

meenskapsbou in kennis gestel moet word.

Die argitek het reeds antwoord van die kantore van die betrokke ministers gekry, waarin gesê word dat die saak aandag geniet.

Die Transvaalse Argitek-instituut het ook besluit om die nasionale liggaam se samewerking in dié verband te vra en so doende 'n groter organisasie te kry om vir die behoud van die land se argitektoniese erflatings te veg en te stry.

Die geboue om die Kerkplein wat nou gedoem is om plek te maak vir moderne kantoorblokke, is verteenwoordigend van drie belangrike tydperke in die land se geskiedenis. Die meeste van die geboue is vóór die einde van die vorige eeu gebou. Ander is nêr ná die Vryheidsoorlog opgerig en die Poskantoor is kort ná die Uniewording gebou.

Elkeen van die geboue het 'n eie styl van die tydperk en volgens 'n argitek in Pretoria is dit omtrent 'n onvervangbare stukkie geskiedenis wat gesloop gaan word.

'n Ander gebou wat nou leeg staan en op sy slooping wag is die ou Capitolteater. Al die binneversiering van die gebou, wat nog amptelik deur die destydse Eerste Minister, genl. J B M Hertzog, geopen is, is al op 'n veiling verkoop.

Die ander geboue dien almal nog 'n goeie doel en huisves 'n kunsgalery, kantore en ander sake-ondernemings.

—Hoofstad, 11 Maart 1975

Vroue stryd om Kerkplein geloof

Die onderhoud tussen die Eerste Minister, mnr Vorster, en die afvaardiging van die Federale Vroueraad (Volksbelang) oor die toekoms van sommige historiese geboue om Kerkplein, sal moontlik in die Uniegebou plaasvind.

Die afvaardiging sal gelei word deur mev Betsie Verwoerd wat 'n baie groot kampvegter is vir die bewaring en behoud van historiese geboue en in die besonder teen die karakterskending van Kerkplein gekant is.

Die afvaardiging is die verteenwoordigendste tot dusver van vroue-organisasies om in die bres vir die bewaring van historiese erfenisse te tree.

Verskeie ander vroue-organisasies wat nie by die Federale Vroueraad (Volksbelang) ingeskakel is nie, het reeds hul steun toegesê. Die afvaardiging vergader moontlik aanstaande maand in Pretoria om die riglyne neer te lê waarlangs die Eerste Minister genader sal word.

Die adviseur vir die Stigting Simon van der Stel, dr Willem Punt, het gesê dat

hierdie onafhanklike poging deur die vroue van Suid-Afrika verwelkom word. „Dit is prysenswaardig dat die vroue-organisasie van die Republiek ook toetree tot die stryd om behoud van ons Suid-Afrikaanse erfenis. Dit was die vroue-organisasies van dié land wat in die verlede ook die pas moes aangee en in die opsig dink ek veral aan die beskerming en bewaring van Boeregrafte. „Dit was ook die vroue en moeders van Suid-Afrika wat die neergeslane volks-genote na die Tweede Vryheidsoorlog op die been help bring het.

„Maar wat hierdie poging so groot maak, is die feit dat sowel die Afrikaans- as Engelssprekende deel van die bevolking in hierdie afvaardiging na die Eerste Minister verteenwoordig sal word,” het dr Punt gesê.

Dit is ooglopend dat hierdie poging deur die vroue baie goed beplan is. Dit is nie net tot albei die twee amptelike taalgroepe beperk nie, maar die verwagting is dat andertaliges in Suid-Afrika ook 'n beroep op die Eerste Minister gaan doen om die besluit – om die geboue te sloop – te herroep.

Dr Punt het dit duidelik gestel dat hoewel die Stigting niks met die poging te make het nie, hierdie as 'n ewige vingerwysing moet kom en dat die nadraai van 'n besluit tot in die uithoeke van ons toekomstige geslagte weerklank sal vind.

Die Afrikaanse lewenswyse, wat ook die beskawing insluit, is aan die vrou net so bekend as aan die man en daarin staan sy as vrou en moeder net so vier.

Dr Punt sê die teenwoordigheid van die talle vroue-organisasies en hul bedrywig-hede het nog altyd die werklike belangstelling in die kulturele erfenis tevore laat kom.

„Dit was derhalwe te-wagte dat die Suid-Afrikaanse vrou en moeder in die een of ander stadium tot die stryd sou toetree,” het hy gesê.

Die afvaardiging sal eers in Pretoria vergader waartydens 'n datum en tyd bepaal sal word om die Eerste Minister te spreek voordat hy gevra sal word om hulle te woord te staan.

'n Woordvoerder van die Federale Vroueraad (Volksbelang) het gesê dat hierdie aangeleentheid nie net tot Pretoria beperk is nie. Dis vir die hele land van belang en derhalwe 'n poging van nasionale belang.

—Hoofstad, 21 April 1975

(By ons le perse gaan het die onderhoud nog nie plaasgevind nie—Red).

Square could yet be saved

The Simon van der Stel Foundation feels that there is good reason now to be more optimistic about the preservation of Church Square's historic character.

Mr Willem Punt, director of the foundation, said today that the decision by the Federal Women's Council to discuss the square's future with the Prime Minister was indicative of the strong feeling which was building up throughout the country against the demolition of the square's historic western facade.

It was believed that the number of people represented by committees and organisations which have deplored the plans to destroy the buildings had now reached the 150 000 mark, he said.

—Pretoria News, April 22, 1975

The Mayor takes the field

The Mayor of Pretoria, Mr Coetsee, today came out strongly in support of the mounting campaign to save Church Square's historic west facade from demolition, to keep the Government's bulldozers at bay and preserve this unique architectural entity, a precious heritage from the past, for the Pretorians of today and for future generations.

Nor is the Mayor alone. A *Pretoria News* canvass of opinion among city councillors has revealed that a number of councillors share his views. There are, admittedly, some who favour demolition and others who have made no comment, but there is clearly sufficient support for the preservation campaign among councillors to warrant a major debate on the issue at the council's meeting next week.

By then the *Pretoria News* will have published the result of its public opinion poll on the question – a poll which has enjoyed an unprecedented response from readers – and the citizens' mass meeting on Church Square to plead for its preservation will have taken place. The council will be presented with a magnificent opportunity to take the lead in a fight for the city's rights.

It should not be deterred from taking its proper place in the vanguard of the preservationists either by the argument that it is not a municipal matter or by the contention that the facade is not worth preserving. True, the Government owns the buildings and does not need municipal approval for its plans, but the council, the elected body representative of the people, has every right to make its voice heard in condemnation of the proposed destruction. And the Administrator's refusal to admit the worth of the facade cuts no ice at all – the highest authority, the National Monuments Commission, is against him on that score.

The Mayor has pointed the way. The whole city should rally to stand by him.

—Pretoria News, July 21, 1975



SIR, THERE'S SOMEBODY TO SEE YOU. HE SAYS IT'S ABOUT THE DEMOLISHING JOB ON CHURCH SQUARE.

Walter Pichler, *Pretoria News*, 25/7/75

Rescue Square -expert

Mr Philip Terblanche, well-known Cape artist and restorer of historical buildings, today called for a re-appraisal on the Church Square issue.

He said it was incredible that Pretorians should even consider demolishing the historic buildings forming part of the western facade of Church Square.

"It is one of the finest public squares in the Southern Hemisphere, and should be retained in its present form – at whatever cost.

"I am sure the people of Cape Town would never have allowed a scheme such as the one now threatening the very existence of Church Square. They would have been up in arms and would not have given in to the Government or anyone on an issue like this."

Mr Terblanche, who lives in a famous old Dutch homestead on the farm Rheebokskraal, near McGregor, is in Pretoria for an exhibition of his paintings. He was out today gathering "last-minute" material on Church Square to take back to the Cape.

He has restored several old Cape buildings and has been responsible for at least three McGregor buildings being declared national monuments.

One of the historic buildings he has restored is the "Ou Paddagang" – an old pub at Tulbagh. It is a house dating from Dutch times, and was recently bought by the KVV company.

Mr Terblanche said there was a refreshing new outlook on restoration work in the Cape Peninsula and the Boland.

—*Pretoria News*, June 24, 1975

Monumente: 'n wet is nodig

'n Paar stoomrollers verskyn op die Kerkplein in Pretoria. Staalkabels word om 'n toring vasgemaak en daar word woes getrek. Maar die toring is te sterk en die kabels breek. Opnuut word geprobeer. Aanhouer wen mos. Nog 'n paar plukke, dan breek 'n stuk van die toring af en val in 'n orrel. Teverede gaan die slopers huis toe. Die skending van die Kerkplein het begin.

Dié toneeltjie het hom op 'n dag in Desember 1904 afgespeel. Die gebou was 'n NG-kerkgebou wat naderhand staats-eiendom was.

Die stoflike oorskot van pres Paul Kruger (op 26 Junie in Switserland oorlede) sou 'n paar dae in die kerk in staat-sie lê en die begrafnisdiens sou daar plaasvind. Maar die Britse kroonkoloniebestuur het skielik "vasgestel" die kerkgebou is so bouvallig dat hy nie eens die orrelspel kon oorlewe nie. Daarom moes hy gesloop word.

Die Transvalers, wat met hul eie oë kon sien hoe stewig die gebou was, het die verbrekery vertolk as 'n poging om die begrafnisreëlings te belemmer.

Só, met heelwat kleinlikheid van die kroonkoloniebestuur, was die begin van die einde van dié unieke stuk wêreld uit die dae van die Zuid-Afrikaansche Republiek.

Die Kerkplein het daarna nog baie geskiedenis beleef, soos die proklamasie van die Unie op 31 Mei 1910 en die inhuldiging van die eerste Staatspresident van die nuwe Republiek van Suid-Afrika op 31 Mei 1961.

Maar nou nader die einde van die einde. Die wesfasade, vir party mense glo so 'n doring in die oog, gaan gesloop word. En dan is nog 'n kultuurerfenis daarmee heen. Net so onherroepelik as die baie pragtige en historiese waardevolle geboue wat al afgebreek is: die ou Staatsgimnasium in Pretoria – waar die ZAR eerste universiteit sou begin: 'n klip-skool uit die Vrystaatse Republiek wat onlangs op Reitz afgebreek is met groot gesukkel (want hy was nog so stewig!) om plek te maak vir terrasse; die pastorie aan die bo-ent van Dorpsstraat, Stellenbosch . . .

Vir 'n volledige lys van wat lewende monumente van die verlede kon gewees het sou hierdie rubriek te kort wees.

Net so 'n lang lys sou nodig wees vir plekke wat in gevaar verkeer: die Rissikstraatse poskantoor in Johannesburg en talle geboue op die kleiner dorpe.

Wat al hoe noodsaakliker word, is 'n beoorloofde monumentesorgwet.

Ons huidige bewaringswetgewing is gewoonweg net te vol leemtes vir doeltreffende bewaring: die staat laat bv nie toe dat sy geboue deur die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede tot monument verklaar word nie; daar is geen verpligting vir eienaars van gedenkwaardighede om dié te restoureer of in stand te hou (desnoods met 'n staatsubsidie) nie; 'n stadsraad wat bv die historiese kern van sy dorp wil bewaar, staan magteloos as sê maar 'n paar amptenare van die provinsiale administrasie sou besluit daar is 'n paaiedepot nodig, en 'n historiese gebou moet dus wyk.

Ek weet 'n mens moet nie alles met wette wil regmaak nie, maar in dié geval is 'n wet nodig. Hoewel die publiek gelukkig al hoe meer bewaringsbewus raak, het dié bewustheid nog nie voldoende deurgewerk na hoër instansies nie.

Verder het bewaringsbewustes natuurlik 'n opvoedingstaak.

Met watter argumente?

Jy kan natuurlik altyd na die skoonheid van 'n gebou verwys, maar wat sê jy as iemand spot: „Ag, skoonheid, skoonheid – die enigste ou Skoonheid wat ek van weet, is die mislukte onderwyser in Hennie Aucamp se een verhaal.” Jy kan iemand nie oorhaal hy behóórt 'n gebou of gedig of wat ook al mooi te vind nie. Tog skoonheid is 'n oorwëging.

Dan is daar natuurlik die geld, veral aangesien so baie breekwerk in die naam van vooruitgang gedoen word. In die laaste

tien jaar is gebou ter waarde van R2 500 miljoen gesloop, volgens 'n berekening van die Stigting Simon van der Stel. Stadsrade verloor ook geld aan belastings en dorpe verloor die inkomste wat hulle uit toerisme kon kry.

Minder materialisties is die oorweging dat die afbreek van bouwerk van bv. 'n ouer geslag Afrikaners 'n vernietiging is van 'n deel van die ding waaroor mense so graag praat, nl. Afrikaneridentiteit.

'n Volk se identiteit is niks mistieks nie. Dit kry gestalte in konkrete dinge soos taal, gewoontes en boustyl.

Kerkstraat in Tulbagh, so mooi gestouereer ná die aardbewing, is vandag 'n monument vir o.a. die beskermhede van die restaurasiewerk, nl. die Eerste Minister en die vier administrateurs.

'n Mens hoop dat 'n gerestoureerde wesfasade eendag aan die Kerkplein as monument kan staan vir 'n owerheid wat grootmoedig genoeg was om sy besluite te heroorweeg. Die publiek sal dankbaar wees as die verbrekingswerk wat deur die Britse kroonkoloniebestuur begin is, nie onder 'n Republikeinse regering voltooi word nie.

—*Rapport*, 20 Julie 1975

Kerkplein

Selde tevore nog was daar onder Pretorianers só 'n gevoel van eensgesindheid en samehorigheid oor één saak – naamlik die behoud van Kerkplein in sy geheel.

Onlangs is die laaste pogings aangewend om dié historiese erfenis te red. Duisende mense was op Kerkplein om hul stemme van protes aan te teken in 'n boek wat deur 'n afvaardiging na die Eerste Minister, mnr. Vorster, geneem sal word.

Mnr. Vorster is die man by wie dié finale beslissing lê. Dis hy wat sal moet besluit of 'n stuk geskiedenis uitgewis moet word, al dan nie.

Van die land se voorste kultuurleiers het reeds die slopingsbesluit as 'n „misdaad teenoor die nageslag” bestempel en 'n groot deel van die bevolking staan bankvas agter dié leiers. Na hulle sal daar ook geluister moet word.

Hoofstad wil vandag 'n beroep doen op die Regering dat daar versigtiger te werk gegaan moet word wanneer dit kom by die vernietiging van kulturele erfenis.

Die stemme van protes wat tans gehoor word, is tot 'n groot mate 'n verblydende teken want dit getuig van 'n volk wat nog 'n gevoel het vir sy geskiedenis.

Die amptelike datum van sloping is eers vroeg in 1978 en daar is dus nog tyd en hoop vir die vegters vir behoud. Ons wil ook graag ons lesers die geleentheid gee om deur middel van *Hoofstad* hul stem in briefvorm uit te bring – of u die slopingsbesluit steun en of u gekant is teen die sloping.

—*Hoofstad*, 22 Julie 1975

Kerkplein

Baie praktiese redes kan aangevoer word waarom die Wesfede van Kerkplein in Pretoria gesloop moet word. Maar hier, glo ons, is 'n geval waar die praktiese oorweginge liefs op die agtergrond geskuif moet word.

Die Wesfasade is mooi. Dit is een van die té min stukkes van die Transvaalse geskiedenis, van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, wat nog in die midde van 'n groot stad lewe. Dit is 'n stuk van onself wat daar staan, en wat deur die moderne behoeftes bedreig word.

Is dit inderdaad noodsaaklik dat hierdie reekse historiese geboue nou platgeslaan moet word om plek te skep vir modernistiese stapels? Aan ruimte het ons tog waarlik geen gebrek in Suid-Afrika nie, veral nie in Pretoria nie.

Ons wil 'n dringende beroep doen op die owerhede om die besluit wat reeds geneem is, weer rustig te weeg – en te verander.

Vir die groot nuwe geboue kan elders plek gevind word om die Wesfasade te laat voortleef, sodat Pretoria in sy hart nog 'n herkenbare kern behou van sy eie individualiteit.

—*Die Beeld*, Julie 1975

Stem reg

Saterdag 26 Julie kan beskou word as een van die belangrikste dae in die geskiedenis van Pretoria, want dit het gegaan om die behoud van die geboorteplek van 'n stad.

Die stem van die burger kan moontlik beslis of daar voortgegaan mag word met die uitwissing van 'n roemryke stuk geskiedenis.

Pretoria is op Kerkplein gebore en vasgevang in sy omringende geboue is die gees van vryheid, stryd en landelikeheid: 'n erfporse wat elke Pretorianer se geboortereg is. Durf dit verruil word vir die steriliteit van aluminiumargitektuur?

Ons is voorstanders van vooruitgang en ontwikkeling, tereg ook, maar nie terwille van ons geskiedenis nie. Laat Kerkplein weer tot sy reg kom. Bring die lewe terug na 'n dooie kol en laat die erwe van ons vaders, erwe vir ons kinders bly . . .

Sedert 1908 word daar al baklei vir die behoud van Kerkplein. Baie is reeds verander, maar nog nooit is daar so 'n finale “nee” gegee vir Kerkplein se voortbestaan nie.


Die redes vir dié besluit is nie gemotiveerd genoeg vir Pretorianers om dit te aanvaar nie. Daarvan getuig die sterk stemme van protes wat tans gehoor word.

Daar is wel aangevoer dat die geboue, argitektonies nie verantwoord is nie, maar in hierdie saak gaan dit om die historiese waarde van die betrokke geboue.

Jewers, met die hantering van dié saak het iets verkeerd verloop en ons doen 'n beroep op die instansies wat betrokke is by die slopingsbesluit, om verantwoordelike en ootmoedigheid aan die dag te lê en om gemotiveerde redes aan te voer.

—*Hoofstad*, 25 Julie 1975

—Lou Henning, *Die Transvaler*, 26/7/75



Heroorweeg die nee

Die belangstelling vir die bewaring van die wesfasade van Kerkplein neem daaglik toe. Wat begin het as 'n klein burgerlike aksie is besig om in 'n sterk demokratiese opwelling te verander. Publisiteit in die pers het mense laat besef wat hulle gevaar loop om te verloor en die gevolg is toenemende belangstelling.

Dat twee sulke uitnemende mense soos mev. Betsie Verwoerd en MER ook hulle stemme tot die van die bewaarders gevoeg het, het besondere gewig aan die aksie verleen.

Op Saterdag 26 Julie het duisende mense in Pretoria getoon hoedat hulle oor die wesfassade voel.

Ons het reeds vroeër in die week 'n beroep op die Administrateur gedoen om sy besliste nee te heroorweeg.

Ons wil die beroep herhaal. Dit sou 'n grootmoedige daad wees en hom wye steun besorg.

Hoe lyk dit, mnr Van Niekerk?

—Oggendblad, 24 Julie 1975

„Paul, ek is hier om jou te help.”

—F Esterhuyse, Oggendblad, 25/7/75



Die laaste stryd

Op Kerkplein is daar vandag veel meer op die spel as die blote behoud of sloping van 'n klompie vorige eeuse geboue wat ondiensbaar geword het vanwee die eise wat 'n moderne en snel ontwikkelende samelewing aan doelmatigheid stel.

Die gevoel bestaan – en tereg ook – dat hierdie geboue van die weinig tasbare verbintenis met 'n roemryke volksverlede is, wat die twintigste eeuse gejaag na vooruitgang oorleef het.

Daarom beleef ons vandag op Kerkplein 'n demonstrasie van 'n volksentiment wat nie bereid is om sy verlede te verloën nie.

Dit is ongelukkig dat daar in die lang en uitgerekte stryd oor die toekoms van Kerkplein nuanses van verwyte en van 'n ondoeltreffende hantering van 'n delikate saak ontstaan het.

Wat dit betref, wil ons saamstem met die argument dat geen oortuigende rede tot dusver aangehoor is waarom daar gesloop moet word om plek te maak vir die beplande toringgeboue nie.

Dit is ongelukkig ook so dat daar onder tone van 'n hooghartige en ongenaakbare hantering was waar hierdie redes wel ter sprake gekom het.

In hierdie omstandighede glo ons dit is reg dat mense van hul demokratiese reg gebruik maak om by wyse van petisie die volksentiment aan die Regering te demonstreer.

Ons glo ook daar is goeie rede om te luister na die stemme van verantwoordelike kultuurleiers wat opgegaan het in hierdie laaste poging ter behoud van Kerkplein.

—Hoofstad, 26 Julie 1975

Erfgoed

Vroeër vanjaar het 'n aantal waardevolle skilderye van Adolph Jentsch in Suidwes verbrand. Duisende rande se skade, is toe tereg gesê. Maar hul waarde was groter as wat in geld bereken kon word. Kunswerke van dié aard – skilderye, beeldhouwerk en geboue – is uniek. As hulle tot niet raak, verdwyn iets van die aardbodem af wat nooit vervang kan word nie, ook al treur latere geslagte daaroor.

Die geboue van die wesfasade van die Kerkplein in Pretoria is so iets wat enig in hul soort is. Hulle is nie net mooi nie, maar, verteenwoordig 'n stukkie Europese erfenis wat skaars in Afrika is.

Baie mense bekommer hulle oor die toekoms van soortgelyke erfgoed in ander Afrika lande, soos die grafte van die Trigardtrekkers in Lourenco Marques. Moet sulke dinge maar in ons eie land velore gaan?

'n Groot deel van die publiek het die af-

gelope tyd, veral die laaste week, laat blyk dat hy die wesfasade behoue wil laat bly.

Die mense wat dit vra, soek nie konfrontasie met die owerheid nie.

Hulle vra net dat 'n vorige besluit heroorweeg word. Om dit te doen, sal geen teken van swakheid wees nie, maar 'n aanduiding van 'n ope gemoed en eerbied vir die wense van die bevolking.

—Rapport, 27 Julie 1975

Dink weer

Dit was 'n magtige stem van openbare protes wat Pretoria onlangs beleef het teen die beplande sloping van die westelike fasade van Kerkplein.

Ons glo dat daar nie net in terme van die aantal petisionarisse nie, maar ook in terme van stemme uitgebring deur verteenwoordigende kultuurorganisasies en verantwoordelike persoonlikhede, 'n goeie saak uitgemaak is waarom die behoud van Kerkplein heroorweging op die owerheidsvlak verdien.

Ons glo ook dat daar goeie rede is waarom hierdie gevoel van eensgesindheid oor 'n volksentiment nie geïgnoreer kan word nie. Hoogwaardige onversetlikheid was immers nog nooit kenmerk van ons owerheidsbenadering nie.

Terwyl die protesbyeenkoms in 'n gees van verantwoordelike besef gereël en ook grootliks in daardie gees plaasgevind het, is dit tog jammer dat daar die onmiskenbare ondertone van 'n politiekery by die situasie ingesluip het.

Dit is seker onvermydelik dat daar mense en instansies sal wees wat politieke munt uit die Kerkplein-geskil sal wil slaan. Wat ons betref, kan hierdie benadering die saak ter behoud van die plein niks goeds doen nie.

Hierdie openbare protes moet nie gesien word as 'n swaard wat nou bo die kop van ons Regering gehou word nie. Dit is geen afdreiging nie. Veel eerder moet dit beskou word as die geleentheid waarop die volk gewag het om op geordende wyse sy sentiment te betoon.

—Hoofstad, 28 Julie 1975

Eerbare uitweg

Die merkwaardige byeenkoms Saterdag, 26 Julie 1975 op Kerkplein laat min twyfel dat die owerheid die erbare weg sou volg indien hy sy besluit heroorweeg om die historiese wesfasade van die plein te sloop.

Kerkplein is nie sommer net nog 'n plein nie; daarvoor is dit té nou verweef met die Afrikaner se vryheidstryd en met Republiekwording.

Die bewaarders het reeds sinvolle planne aan die hand gedoen wat die bewaring van die sewe westelike geboue regverdig.

Daarteenoor is nog net vae planne geopper wat in elk geval die karakter van die plein onherkenbaar en onherroepelik sou verander.

Nou het 'n bykomende sterk faktor bygekome: die monsterring van die volkswil, soos dié Saterdag se oloop getuig.

Die herroeping van die besluit sou nie verneder nie, soos mev. Johanna Raath beklemtoon het, maar die owerheid se aansien verhoog.

—Die Beeld, 28 Julie 1975

Kerkplein: dink weer 'n slag

Die volkstem het onlangs in Pretoria opgeklink dat die wesfasade van die Kerkplein behoue moet bly. Mense soos mev Betsie Verwoerd, mnr Ben van der Walt, Administrateur van Suidwes, mnr Wennie du Plessis en baie ander voor- aanstaande Suid-Afrikaners het hul stemme gevoeg by duisende ander Suid-Afrikaners wat 'n paar historiese geboue nie gesloop wil sien nie.

In die lig van die omvang en intensiteit van die protes lyk dit na die aangewese weg dat mnr Sybrand van Niekerk die saak in heroorweging moet neem.


Die pleidooi-stroom van oor die hele land is eenvoudig te sterk vir enige ander besluit.

—Die Transvaler, 28 Julie 1975

Over to the PM

The mass meeting on 26th July, 1975 on Church Square should have finally resolved any doubts the Government might have had about the strength of public opposition to its plans to demolish the Square's west facade. Both in numbers and in its truly representative nature it was a rare and remarkable demonstration of civic solidarity on an issue that has deeply stirred the people. The mass meeting's plea for the preservation of the west facade is now to be presented to the Government. It is difficult to believe that the Prime Minister, Mr Vorster, with his sense of history, his respect for tradition and his sensitivity to public opinion, will ignore it, or will even wish to do so. Only good can come from an announcement that the Government will now join the people in reviewing the whole situation.

—Pretoria News, July 28, 1975



„Dit lyk vir my alle paaië lei vandag na Kerkplein.”

—Orin Scott, Beeld, 26/7/75

Die volkstem

Die sterkste argument vir die behoud van Kerkplein se westelike fasade is die getal mense wat onlangs daar saamgetrek het.

Pretorianers is mense wat nie maklik opgewonde raak oor wat in hulle stad gebeur nie. Die feit dat hulle só positief op die veldtog om Kerkplein te red gereageer het, moet vir die owerheid 'n aanduiding wees dat hy hier met 'n saak te doen het waarvoor mense sterk voel.

Dit is so dat die steun doelbewus georganiseer is en dat die pers besonder baie aandag daaraan gegee het.

Die ervaring het egter geleer dat as daar geen werklike belangstelling is nie, dit nie kunsmatig aangewakker kan word nie.

—Oggendblad, 28 Julie 1975

Daar skort niks met Kerkplein

„Daar skort niks met Kerkplein nie. Die fout lê by die mense en nie by die

geboue nie. Ons moet ophou om die fout dáár te soek – die fout lê by ons.”

Die man wat só praat is mnr. Clerque Scholtz, hoof van die Pretoriase publisi-teitsafdeling wat jare gelede duisende mense na Kerkplein gelok het toe dit ook skielik „dood geraak” het.

„In 1962 het ons lewe na Kerkplein probeer terugbring. Ons het 'n groot kar- naval gereël. Die gebied binne Andries- straat, Pretoriusstraat, Vermeulenstraat en Bosmanstraat was vir alle verkeer gesluit. Biertuine, sitheokies, opelugrestou- rante en so meer is geopen en binne 'n dag of twee het sowat 200 000 mense die nuwe aksiepunt in Pretoria besoek.”

„Pretorianers hoef nie nuwe geboue vir atmosfeer te kry nie. Dis reeds daar en die ou geboue kan as dit nou reg benut word, omgeskep word in geboue wat waardevol kan wees.

„Kerkplein kan lewendig gemaak word en dit sal miskien raadsaam wees om die instansies wat dit wil doen, die geleent- heid te gee om hulle planne vir oorwe- ging aan die betrokke owerhede voor te lê. Dis tog die eiendom van die belasting- betalers en die volkswil tel tog seker die meeste,” sê hy.

—Hoofstad, 29 Julie 1975

Fasade oor erfenis

Wat om die standbeeld van Oom Paul begin het as 'n burgeraksie kry 'n nare politieke nasleep.

Dit was Saterdag, 26 Julie 1975 al duidelik dat die aantal prominente Hertzogiete wat op die Plein rondwaal buitengewoon hoog is.

En laat ons dit maar ronduit sê: Hulle deelname aan bykans enigiets het gewoonlik die gevolg dat die saak misluk. Die rede is eenvoudig dat hulle steeds as hoofmotief aanvalle op die NP het en nooit die saak waarom dit gaan nie.

So wil hulle die burgeraksie om Kerkplein – wat hierdie koerant gesteun het en steeds steun – gebruik om die Regering in die verleentheid te stel en nie om te help veg om die wesfasade nie.

Juis omdat die saak nou hierdeur 'n politieke kleur begin kry het, plaas dit die Premier in 'n baie moeilike situasie.

Die eerste besluit om die geboue af te breek was in elk geval nie syne nie. Hy het bloot dié situasie geërf.

Die politiekery rondom hierdie saak kry nou so 'n geurtjie dat die saak vir die behoud van die wesfasade dalk onherroeplik skade aangedoen is. Dit is net die HNP wat die skuld daarvoor moet kry – en op hulle brood sal ons ook dit smeer.

—Oggendblad, 31 Julie 1975


Square-back to square one

The Citizens' Committee for the Preservation and Restoration of Church Square is, quite rightly, doing its best to keep party politics out of the fight to save the Square's historic west facade.

Quite obviously, the last thing it wants to do is give the Government a chance to say that unfair political pressures are being brought to bear in a matter that has nothing to do with party politics at all and which, in fact, cuts clean across party political barriers with demolitionists and preservationists being found in all camps.

But keeping a party politician out of any issue is easier said than done in South Africa and it was entirely predictable that the HNP, political conservationists to the core, would not neglect such an opportunity to improve their image as champions of public rights against Government high-handedness.

As luck would have it, there is a municipal by-election on the go in a ward embracing parts of Wonderboom and Gezina (where the HNP is by no means negligible) and Dr Pont, an HNP stalwart, is a candidate.



“Menere, die seder van Waterkloof het darem makliker geval as Kerkplein se ou geboue, nê!”

—Orin Scott, *Beeld*, 24/7/75

The Citizens' Committee says that his advocacy of preservation in a fight with a demolitionist opponent is no more than political opportunism. But all is fair in love, war – and politics. Or is it? Either way, Dr Pont is in the thick of the fray and who is to contradict him if he says he is a genuine preservationist?

The issue if, of course, completely and genuinely above party politics as the astonishing diversity of prominent people at last Saturday's mass meeting showed, with men and women of all persuasions united in a common cause. The Government should recognise that what it has to deal with is that rarest and most powerful of democratic forces – a genuine upsurge of deeply moved public opinion.

That is something that doesn't seem to have dawned on the Administrator, Mr Van Niekerk, whose sour reactions and the scorn he is showing for historical, architectural and environmental values and public opinion alike keep on getting him into hot water. He is right there in the heart of the battle, behaving, as some people see it, rather like the cross-grained wildebees that took a dislike to him a week or so ago.

He is, of course, not the major villain of the piece, though it's entirely his own fault that he is being regarded as such.

In fairness to him, and to get the record straight, the responsibility for the demolition of the west facade, if it does take place, will rest fairly and squarely on the Government as a whole, for it was a Government decision that the Prime Minister himself announced to cultural and historical societies a little more than a year ago.

—Pretoria News, August 1, 1975

Kerkplein

Met die deurlees van die uitgerekte onderhandelingsgeskiedenis oor die toekoms van die westelike fasade van Kerkplein, ontstaan die vraag of dit werklik nodig was dat die stryd tot sy huidige emosioneel belaaide peil met verwyte, dreigemente en petisies moes ontwikkel. Ons kry die indruk dat die herontwikkeling van hierdie deel van die plein reeds so lank as tien jaar gelede, wat die owerheid betref, 'n aanvaarde saak was.

Die vraag kan nou gestel word waarom daar so lank gesloer is met die uitvoering van hierdie planne en waarom daar deur die verloop van baie jare toegelaat is dat die huidige ongelukkige toedrag van sake ontwikkel.

In die eerste plek was daar klaarblyklik ekonomiese beweegredes en in die tweede plek is dit ongelukkig so dat verklaarings van so onlangs as twee jaar gelede (juis in die lig van die finansiële oorgewings) die hoop by die bewaarders kon laat ontstaan het dat die stryd om die behoud van die deel van Kerkplein gewonne is.

Terwyl daar vandag nog 'n poging aangewend word ter behoud van hierdie deel van Kerkplein (met die oorhandiging van die handtekening van petisionarisse aan die Eerste Minister) is dit miskien goed dat daar 'n slag nugter en saaklik na die situasie gekyk word.

Daar kan nie verwag word dat die Regering nou 'n ommeswaai moet maak bloot op grond van die gevoel wat oorgedra word deur hierdie handtekening nie. Dit sal 'n bespotting wees van die erkende demokratiese prosedures.

Al wat daar gevra kan word is dat daar opnuut gekyk moet word na die onderhandelingsgeskiedenis en dat daar nugter besin moet word of hierdie demokratiese prosedures deurgaans gevolg is in hierdie onderhandelinge.

—Hoofstad, 5 Augustus 1975

Church square

In view of the upsurge of public interest in the future of Church Square it may be desirable to reiterate the official policy of the Arts Association in this regard.

Whilst the Association decided some years ago to maintain a completely neutral position in the dispute, for the reasons explained below, it has placed no bar on the attempts of its members to have all or some of the buildings in the western facade retained for posterity. It is only the Association *as such* that must not become involved in the controversy. For a decade or more the Association has been the tenant-at-will of the Province, to which the Old Netherlands Building belongs, and it is obvious that any public step by the Association to thwart the declared intention of the Province to do away with the building would be construed by all parties to the dispute as motivated by self-interest. It would in fact therefore be a negative contribution doing more harm than good.

The Association has over a long period taken active steps to try and persuade the authorities to retain at the very least the two most important historical buildings involved – the Netherlands Bank and the

National Bank – but to no avail. We have resigned ourselves to the decision and we are in the process of developing new accommodation for a permanent arts centre with a more congenial atmosphere and with more convenient facilities than the present-day Church Square offers us. The task of the Association now is to work towards realising that ideal rather than to become controversial.

Plans for the future are due to be announced at the National Annual General Meeting of the Association on Friday, 29 August.

—CHAIRMAN

—Arts Calendar (NT), August 1975

(The *Alial* decided that the Arts Ass. was committed to the preservation of the entire west facade—Ed.)

They met to right a wrong

Of all the historic happenings witnessed for more than a century by the dressed-stone walls of the architecturally quaint old buildings around three sides of Church Square, there can have been none quite like the demonstration held at the foot of the Paul Kruger's statue.

The occasion had no official status. It was also organised with a minimum of circumstance but with a maximum of newspaper publicity in both Afrikaans and English, as is fit and proper if the Press is to fulfil its function to be the watchdog of the public and the mouthpiece of the people. It was thus a spontaneous coming together of thousands of ordinary citizens bent on making their collective and individual voices heard, to reason, to argue and finally to demand that the historical and cultural heritage represented by those mute witnesses to their indignation, shall be preserved for posterity.

What made the gathering different from any other ever held on Church Square was that it was unrepresentative of any organised political, cultural, historical, religious or language group among the population of Pretoria. Spokesmen and women from various organisations were there, but there were also unnamed ordinary folk who mounted the dais on which Paul Kruger stands, and said their pieces in Afrikaans and English, under the auspices of nothing more pretentious than the "Citizens Committee" headed by Mr Piet Muller.

One speaker, a Mr De Beer, who was seven years old when his mother took him to the square at the turn of the century and showed him "Oom Paul se kerkie" for which Church Square was



„Ons moet die middagson geniet voordat die nuwe geboue opgerig word.”

—F Esterhuysen, *Oggendblad*, 21/7/75

named, waxed indignant at the demolition of the church by the "English" who ruled the Transvaal from 1902 until 1906.

For good measure, his emotion-laden argument for the preservation of the historical buildings, took in totally irrelevant allusions to the South African War concentration camps, the execution of Jopie Fourie in 1914 and the fact that the Black people called Paul Kruger "Ramelodi" – The Man of Peace.

At the receiving end of all the oratory, from the sublime to the gorbliney, but conspicuous by their absence from the scene, were the Prime Minister, Mr Vorster, the Administrator of the Transvaal, Mr Sybrand van Niekerk (there were placards depicting a pipe-smoking Oom Paul in silhouette asking: "Sybrand, wat máák jy?", the Minister of Community Development, Mr A H du Plessis and his Public Works Committee's head, Mr G S Pool, the secretary.

A petition bearing thousands of signatures in addition to hundreds of telegrams from all parts of South Africa, will be delivered to Mr Vorster to ask him

to reconsider his approval of the Administrator's decision that the row of old buildings must be demolished to make way for a hitherto undefined but grandiose and very expensive complex of rectangular tower blocks to house thousands of provincial and postal civil servants from eight o'clock in the morning to four o'clock in the afternoon.

A telegram in support of the gathering from Mr Ben van der Walt, Administrator of South West Africa and former MP for Pretoria West, created a minor sensation and is sure to cause Mr Van Niekerk the most acute and, no doubt, well-deserved embarrassment.

The mood of the gathering can be likened to many another citizens' protest in other places down the years. I like to find an analogy to it in the epic poem from Macaulay's "Lays of Ancient Rome" entitled "Virginia". The heroic sentiments learnt by heart at school 45 years ago, stir me yet.

It was a song sung about 2 600 years ago in honour of the Tribunes of the Commons, about young Icilius who "sprang upon that column, by many a minstrel sung . . . and, beckoned to the people, and in bold voice and clear, poured thick and fast the burning words which tyrants quake to hear". That was exactly what an anonymous latter-day Icilius, big, burly and tartan-jacketed, did when he thundered into the microphone a dire warning that "we shall hold the authorities responsible for anything that happens if they come along to demolish those buildings".

His impassioned speech was redolent of: "Spare us the inexpressible wrong, the unutterable shame

"That turns the coward's heart to steel, the sluggard's blood to flame,

"Lest, when our latest hope is fled, ye taste of our despair,

"And learn by proof, in some wild hour, how much the wretched dare."

—HERTZOG BIERMANN

—E.P. Herald July 30, 1975

Die volkstem reg, en verkeerd

„In 'n republiek moet na die burgers geluister word," het pres. Paul Kruger in 1893 gesê. Dit was een van etlike uitsprake van hom met die strekking dat die stem van die volk „die koningstem" is. En op die Kerkplein in Pretoria het heelwat burgers op Saterdag, 26 Julie hul stem laat hoor.

Die steun vir die bewaring van die wesfasade van die plein is daar. Dit begin egter nou lyk of die vraag verskuif na iets anders: of daar geluister kan word sonder dat dit afbreuk doen aan die leierskap van die owerheid en demokratiese prosedures.

'n Mens sou naamlik kon aanvoer dat die Regering gewet het van die argumente van die teenstanders van die sloping van die wesfasade. Protes is nie genoeg om die saak te heroorweeg nie, kan gesê word.

Dis nie die eerste keer in ons geskiedenis dat daar protes teen 'n owerheidsbesluit is nie. 'n Mens kan gerus kyk hoe dit in die verlede met proteste teen genome besluite gegaan het.

Die anti-bandiete-beweging van 1849 in die Kaapkolonie – 'n voorbeeld van 'n baie geslaagde veldtog teen 'n owerheidsbesluit – moet 'n mens seker buite beskouing laat. Dit het onder 'n koloniale bewind gebeur.

In die Vrystaatse Republiek het die aanlê van spoorweë nie sonder protes verbygegaan nie. In 1888 en 1889 was daar op petisies meer handtekeninge teen spoorweë as daarvoor. Die Volksraad het egter tog besluit om spoorweë aan te lê.

In belang van die land is die wil van die meerderheid verontagsaam. Ten onregte was dit seker nie.

In Desember 1914 het die regering, veral die minister van verdediging, genl. Jan Smuts, hom nie gesteur aan pogings om die teregstelling van Jopie Fourie te keer nie. Pogings om versoekskrifte aan Smuts te gee, het misluk. Hy het toegelaat dat Fourie doodgeskiet word en daarmee het hy een van die grootste politieke foute in sy loopbaan begaan.

Die wil van die meerderheid is geïgnoreer – tot skade van die regering.

Ten slotte iets meer onlangs. Die Nico Malan-Skouburg in die Kaap was eers net oop vir blankes. Teen dié besluit was daar jarelange protes. Vroeër vanjaar is die vorige finale besluit van die Regering verander.

Die Regering was bereid om in belang van die land en sy bevolking 'n besluit te heroorweeg.

Dit wil uit die paar voorbeelde seker lyk of 'n mens 'n analogie vir byna enige optrede kan vind as jy jou op die geskiedenis beroep.

Die ontwikkelaars van die Kerkplein sal waarskynlik geneig wees om die Vrystaatse analogie aan te gryp: „Dit was nogal die modelstaat, en toe die meerderheid teen vooruitgang was, is die volkswil tereg verontagsaam."

'n Mens moet toegee dat 'n meerderheid verkeerd kan wees. Wat altyd ook be-

langrik is, is die mening van deskundiges.

Die deskundiges is in die geval Kerkplein o.a. die argitek. Sterk teenstand teen die sloplingsplan het juis van hulle af gekom. Onlangs het 149 telegramme van protes gestuur.

Bowendien is die teenstanders van die sloping nie teen vooruitgang, of dan *ekonomiese* vooruitgang nie. Hulle is nie daarteen dat nuwe geboue opgerig word nie, anders as die beswaarde Vrystaters wat teen die aanlê van spoorweë in die algemeen was.

Die bewaarders wil net hê dat die ekonomiese vooruitgang nie kulturele verarming tot gevolg het nie.

Buitendien, soos die argitek Hannes Meiring betoog, is dit moontlik dat die oue en nuwe saam kan bestaan. Agter die ou geboue is daar plek vir nuwe kantoorblokke.

Lede van die Stigting Simon van der Stel meen dat die owerheid dié plan nog nie indringend genoeg ondersoek het nie. Terwyl die meerderheid – van die volk en deskundiges – die wesfasade wil hê sonder dat hulle teen nuwe geboue gekant is, is daar genoeg grond daarvoor om die besluit te heroorweeg. As Switserse ontwikkelaars dit in hul kop sou kry om pres. Kruger se sterfhuis in Clarens te sloop, sal ons Suid-Afrikers in opstand kom en die owerheid sal seker 'n plan maak om sulke planne verhinder te kry.

Ons het piëteit teenoor pres. Kruger se sterfhuis. Waarom nie ook teenoor die geboue wat 'n lewende herinnering vorm aan pres. Kruger en een van die roemrykste tydperke in die Afrikaner-geskiedenis nie, nl. die tyd van die Boere-republieke?

—JAAP STEYN

—Rapport, 2 Augustus 1975



Bulldozers stop!


—Walter Pichler, Pretoria News, 25/7/75



ultra

kitchens

(PTY) LTD



Skoolkoshuis word nasionale gedenkwaardigheid

Die historiese Elizabeth le Roux-koshuis van die hoër Meisieskool Oranje in Bloemfontein is deur die Minister van Nasionale Opvoeding, sen. Johan van der Spuy, tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar.

Volgens 'n aankondiging in die staatskoerant is die gebou van historiese belang, omdat dit in die Tweede Vryheidsoorlog as hospitaal gebruik is.

Die hoeksteen van die koshuis is in 1899 gelê en in 1906 is dit deur die eerste kuratorium van Oranje onder voorsitterskap van pres M T Steyn aangekoop vir gebruik as skoolkoshuis.

Die historiese plaashuis Weltevreden in die distrik Stellenbosch met sy wynkelder en buitegebou teenoor die wynkelder, is tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar.

Volgens 'n aankondiging in die Staatskoerant het Weltevreden se h-vormige Kaaps-Hollandse woonhuis ses fynafgewerkte gewels. Die voorgeweldra die datum 1812. Die wynkelder is rondom 1804 gebou en dit vorm saam met die plaashuis en buitegebou 'n belangrike garitektoniese kompleks.

At least 1 800 people lost their lives when the sea surged through the breaches, engulfing most of the bleak islands with their small farms and market towns.

All the other sea farms and inlets, except the eastern Schelt, have now been dammed, but the environmentalists have sprung into action to prevent the final closure which would turn the tidal reaches into a vast inland fresh water lake and destroy marine life.

The Government's experts on water control are now almost at a loss for an engineering solution which can safeguard both the people and the fish.

"We are scouring the world for scientific

help to enable us to build a barrier system that will let the sea water through, and can still be closed off in times of danger," said Mr Cornelius Fischer, a senior official of the Transport and Waterways Ministry, involved in the delta plan.

"The fearsome problem, above all, is how to build on fine sand for about 9 km across the eastern Scheldt, with its racing tidal currents."

The ambitious delta scheme, still the first of its kind in the world, was designed to shorten the coastline by pushing back the North Sea. It would allow complete control of Holland's water system and regulate the flow of the Rhine estuary.

The planned cost for the entire scheme was about R790-million until the environmentalists stepped in.

"If we can find a solution for the eastern Scheldt, it will probably mean sinking dozens of floating concrete sections each weighing about 150 000 tonnes or more across the mouth," Mr Fischer said.


"Each of those blocks would be as heavy as a laden oil supertanker. This has never been done before and nobody knows how the sand below would react in the long run to the weight and the vibrations from current."

Holland, much of which lies below sea level is protected from the sea and rivers by 1 800 km of dunes and dykes. Without them, the country would either disappear into the water or become uninhabitable. The first massive protection and land reclamation scheme was completed in 1932 when a dam 32 km long closed the Zuyder Zee in northern Holland, allowing more than 225 000 ha of land to be reclaimed. The Zuyder Zee turned into a huge fresh water reservoir, named Lake IJssel.

—Pretoria News, March 6, 1975

USA


Personalia



George J Mann has been appointed Associate Professor of Architecture and Planning, and Director of the Health Services Planning & Design Programme at the Columbia University Graduate School of Architecture & Planning in New York City. He will also open a New York City office of RPD – Resource Planning & Development of which he is President.

STIGTING SIMON VAN DER STEL FOUNDATION

GESTIG 1959



FOUNDED 1959

**SUID-AFRIKA SE
NASIONALE
HEEMSKUT**


BEWAAR ONS ERFENIS
U KAN BYDRA TOT WARE VOORUIT-
GANG. SLUIT AAN BY 6 500 MEDE
SUID-AFRIKANERS. WORD 'N MEDE
TRUSTEE VAN U SUID-AFRIKAANSE
ERFENIS

**SOUTH AFRICA'S
NATIONAL
TRUST**

PRESERVE OUR HERITAGE
YOU CAN CONTRIBUTE TO TRUE
PROGRESS. JOIN 6 500 FELLOW SOUTH
AFRICANS. BECOME A FELLOW
TRUSTEE OF YOUR SOUTH AFRICAN
HERITAGE



LANTERN



LANTERN – Tydskrif vir Kennis en Kultuur – het pas 25 vrugbare jare agter die rug, 'n tydperk waarin 'n stewige bydrae gelewer is met gesaghebbende artikels en interessante illustrasies. Vanjaar se Taalfeesuitgawe van LANTERN geniet groot belangstelling en is bestem om Africana te word.

LANTERN is 'n skatkamer van kennis wat in elke huis waarin daar kinders is, 'n onmisbare kleinood sal wees. Hier is die ideale bron vir 'n taak of projek wat met verbeelding en afronding uitgevoer kan word!

Van die ruim 100 nommers van LANTERN wat reeds verskyn het, is daar nog omtrent 'n duisend stelle van 50 elk beskikbaar. In dié stelle ontbreek sekere nommers natuurlik, maar so 'n stel van 50 bied nietemin 'n unieke bron van kennis wat vir u en u gesin ure van intellektuele genot sal verskaf. Wat 'n pragtige geskenk vir u seun of dogter wat op skool presteer! So 'n stel, plus 'n indeks, is teen slegs R15 beskikbaar. Die werklike waarde is ongeveer R50.

Teken in op LANTERN en ontvang 4 uitgawes per jaar teen slegs R3.50, d.w.s. minder as R1.00 per uitgawe. Beter waarde vir geld bestaan daar nie! Voltooi onderstaande intekenkoepon of geskenkkoepon. Onthou, dis die ideale Kersgeskenk.

INTEKENKOEPE – LANTERN

Die Redakteur, LANTERN, Posbus 1758, PRETORIA 0001.
 Ek wil graag op LANTERN inteken en sluit 'n posorder/
 poswissel/tjek ten bedrae van R3.50 in.

(LET WEL: Die meeste nommers van LANTERN wat reeds
 verskyn het, is beskikbaar. Pryse op aanvraag.)

My voorname en van:

.....

Adres:

.....

GESKENKKOEPE – LANTERN

Die Redakteur, LANTERN, Posbus 1758, PRETORIA 0001.

Ek wil LANTERN as geskenk aanwend en teken graag in vir:

Name en van van persoon wat LANTERN moet ontvang:

.....

.....

Adres:

.....

My name en van:

Adres:

'n Posorder/poswissel/tjek van R3.50 word hierby ingesluit.

Bestel van: DIE REDAKSIE, LANTERN, Posbus 1758, PRETORIA, 0001.



JAN VAN RIEBEECK EN SY GESIN.
Dr A J Böeseke, Tafelberg Uitgewers,
Kaapstad, 1974.

Jan van Riebeeck opnuut bekyk

Dr Anna J Böeseke het met volle inset van haar bekwaamheid as argivariëse navorser, voortrefflike werk gelewer in die vorm van haar hersiene biografie van Jan van Riebeeck. Sy het nuwe fasette toegevoeg tot die bekende feite oor die lewe van die volksplanter aan die Kaap.

Baanbrekerswerk op die gebied is gedoen deur dr Godê Molsbergen wat in 1912 al oor Jan van Riebeeck geskryf het en in 1937 sy "Jan van Riebeeck en zijn Tijd" te Amsterdam laat verskyn het. Die uitgawe is in 1968 in Suid-Afrika heruitgegee met verklarende aantekeninge deur dr Jan Ploeger. In die 37 jaar wat sedert Molsbergen se tweede boek verloop het, het dr Böeseke terdê gebruik gemaak van die geleentheid om sy werk aan te vul en nuwe lig te werp op die veelsydige en energieke Jan van Riebeeck. Tereg erken dr Böeseke ook die bydraes van mnr P J W Beltjes van Arnhem, 'n diepgaande navorser en kenner van alles betreffende Culemborg en die Van|Riebeecks.

Jan van Riebeeck in Oos-Indië

Met besondere agting vir dr Böeseke wil ek my egter tog sekere opmerkinge met betrekking tot hierdie jongste werk van haar veroorloof. Tereg spreek die skryfster haar twyfel uit oor die vermeende bedrog of dan sluikhandel of morshandel van Van Riebeeck toe hy in diens van die VOC, die syhandel op Tonkin (Noord-Viëtnam) bedryf het. Die sogenaamde misdaad van Van Riebeeck word, soos ek tot my teleurstelling by menige lesing oor hom al moes bemerk, steeds nog aanvaar en verkondig. Dit is seker maar die bekende verskynsel van die publiek se belustheid met skandaaltjies. In Van Riebeeck se tyd al het hy self nie aan verdenking kon ontkom nie en waarskynlik het die Here XVII en seker die magtige VOC-advokaat, 'n vraagteken agter sy naam geplaas. Dit was maar 'n newelagtige saak.

Dit is tog vreemd, want *nooit* is enige oneerlikheid aan die kant van Van Riebeeck teen hom bewys nie. Opvallend ook is die onverwagte en ongebruiklike gang insake die optrede teen hom. Hy is ontbied weens "verdiende straf", om na Batavia terug te keer deur die swakke en onbetroubare Goewerneur-generaal C van der Lijn, wat self weens morshandel al by die Here XVII onder verdenking gestaan het. Om homself te vrywaar van verdenking het Van der Lijn hard opgetree en strengte plakkate uitgereik. Een van sy eerste slagoffers was die jonge koopman te Tonkin, Jan van Riebeeck. Die groep jong amptenare te Tonkin het besondere winsgewende sake in die syhandel gedoen. Tydens Van Riebeeck se kragtige

aandeel aan die VOC se sake te Tonkin is daar 1 400 000 gulde wins gemaak. Die Here XVII het Van der Lijn laat weet, sonder vermelding van bron of staving van die bewering, dat daar op Tonkin vir 75 000 gulde aan private handel gedryf is. Deur snelle optrede in die aanwysing van enkele sondebokke, waaronder Van Riebeeck, is die aandag van Van der Lijn self en van sy handlangers afgelei. Die jong amptenaar het geen vriende in hoë kringe in Batavia gehad nie. (Antonio van Diemen is deur Van der Lijn opgevolg).

Met sy terugkoms te Batavia is Van Riebeeck na lang beraad met 132 gulde beboet. In dié verband is dit belangrik om in gedagte te hou wat die amptelike straf vir morshandel in die VOC was: 'n boete van drie maal die waarde van die verhandelde bedrag plus verbeuring van rang en voordele. Dit sou dus beteken dat Van Riebeeck gestraf is vir private handel ter waarde van net 44 gulde!

Afgesien van die onbenulligheid van die bedrag is dit ondenkbaar dat 'n man wat hom so ingespan het vir bevordering soos Van Riebeeck gedoen het, sy loopbaan vir so 'n bedraggie in gevaar sou stel. Daarby is dit ook van belang om te weet dat Van Riebeeck na Nederland teruggekeer het met behoud van rang en voordele en nie ontslaan is nie.

Hieruit wil mens aflei dat die Here XVII nie aansien wou verloor maar ook nie rede gehad het om teen Van Riebeeck op te tree nie. Die onregverdigheid van die optrede teen hom en die kwetsing van sy selfrespek, was vir Van Riebeeck 'n sware slag. Heftig en by herhaling het hy geprotesteer by die Here XVII vir versyde stelling van die veroordeeling te Batavia. Toe Van Riebeeck besef dat die Here XVII nie sou toegee nie, neem hy self sy ontslag uit die VOC.

In teenstelling hiermee is Goewerneur-generaal Van der Lijn ondertussen deur die Here XVII teruggedroep en ontslaan. Ook dien genoem te word dat koopman Elias Bondaan, wat vir vyf jaar teen 'n salaris van 60 gulde op Surat en Basra werksaam was, by sy dood in 1653 35 287 gulde in sy boedel gelaat het wat nie verklaar kon word nie. Goewerneur-generaal Jan van Hoorn (1704-1709) met 'n salaris van 14 400 gulde, het volgens Romeyn na Nederland teruggekeer met 'n kapitaal van 10-miljoen gulde sonder dat daar 'n haan na gekraai het. Hy het beweerd dat hy veel geërf het.

Prof C Boxer, groot hedendaagse kenner van die Nederlandse koloniale geskiedenis, wys daarop dat morshandel in die Britse Oos-Indiese Kompanjie so 'n omvang aangeneem het dat, soos hy dit gestel het, die Tien Gebooe suid van die ewenaar nie bestaan het nie.

Dit is duidelik dat morshandel wel plaasgevind het en dat Van Riebeeck die slagoffer van amptelike optrede daarteen geword het terwyl menige van die werklik skuldiges vry-

gespring het. Dit is redelik om aan te neem dat Van Riebeeck, wat tot op daardie stadium snelle opgang in VOC diens gemaak het, die slagoffer was van anonieme en onbewese aantygings, iets wat hy vir die res van sy lewe nie sou kon vergeet nie.

Hy moes toesien hoe ander amptenare met kontakte in hoë VOC kringe hom verbygaan en poste kry waarvoor hy uit sy kennis, ervaring en ywer reg op gehad het, soos die amp van Raad van Indië.

Betekenis van Jan van Riebeeck

Ek het bemerk dat daar in Suid-Afrika elemente is wat die betekenis van Van Riebeeck vir die land wil verkleineer. Juis daarom meen ek, is dit nodig dat die voorafgenoemde so dikwels verkeerd voorgestelde episode in Van Riebeeck se lewe, in die regte lig gestel word.

Dr Böeseke bring in haar boek goed tot sy reg, die onskatbare waarde en betekenis van Jan van Riebeeck as volksplanter en beleids-pionier van die nedersetting en halfwegstasie van die VOC aan die Kaap. Mens hoef maar net Van Riebeeck se dagboek te lees om te wete te kom dat hy en nie die Hugenote nie, die eerste wyn aan die Kaap gepars het. Hy het die moontlikhede van druiwe-teelt al vroeg ingesien en het druiwestokke in groot hoeveelhede en soorte ingevoer. In Augustus 1659 het hy 12 000 wynstokke laat plant.

Volgens die "Chronicle of Cape Commanders" kon in 1670 vermeld word, "grapes flourish here in such abundance" en "the ships are supplied with an abundance of grapes in season."

Mens hoor ook soms die argument dat die Engelse goewerneurs van hoër stand was as die Nederlandse. Britse goewerneurs was dan altyd edelliede, terwyl die Nederlanders vir Jan, Simon of Willem as bestuurders na hul kolonies gestuur het.

Wat egter verswyg word is dat die Britse vors aanstaande goewereurs kort voor hul vertrek na die paleis ontbied en tot 'n ridder-order verhef het. Die Republiek der Verenigde Provinciën het as republiek, geen sodanige adeldomme verleen nie. Hierby dien onthou te word dat die VOC 'n handels-onderneming was wat alle belang daarby gehad het om goeie sakemanne en administrateurs uit te soek. Dit het dan ook die gevolg gehad dat die Nederlanders male sonder tal die Portugese en Britte die loef af gestek het.

Die geboortehuis

Wat die geboortehuis van Jan van Riebeeck betref skryf dr Böeseke dat sy Mnr Beltjes nie in sy beredenering dat Jan van Riebeeck in sy grootvader se huis gebore is kan volg nie. As argivaris is sy reg as sy van mening is dat daar geen dokumentêre bewys voor is nie. Maar dit is ook reg dat die historikus

uit ander beskikbare gegewens tot so 'n gevolgtrekking kan kom.

In verband met ene Gerrit Janz Bos uit Spijkenisse, wat vrygeleide in Culemborg gevind het, verklaar Anthony van Riebeeck, Jan se vader, dat Bos "dagelyk in syn huys vertoef heeft". Dr Böeseken vind dit vreemd en merk op dat Anthony nóg die eienaar, nóg die huurder van sy skoonvader se huis was.

Ek wil egter daarop wys dat na my oortuiging en algemene Nederlandse opvatting, Anthony en sy vrou by sy skoonouers ingewoon het. Anthony was skeepschirurgyn, was pas getroud, bly in Culemborg, sy vrou verwag 'n baba, sy skoonouers se huis is groot en ruim met plek vir vele, die verstandhouding is goed. Vir my is dit duidelik waar hy ingewoon het al staan dit nie nadruklik in 'n argiefstuk nie.

Anthony het van 1618 sy beroep vanuit Culemborg beoefen en twee jaar na die geboorte van Jan, verduidelik hy sy uitdrukking "syn huys" deur te sê, "als gewoon hebbende in syner huysvrouen vaders huys". In hedendaagse Nederlands sou mens sê, "inwonende bij zijn schoonvader". Inderdaad, geen vaste bewys dat Jan wel in daardie huis gebore is nie, maar tog heel redelik om aan te neem, onder die gegewe omstandighede, dat Jan wel daar die eerste lewenslig moes aanskou het. Dr Böeseken is tog ook bereid om te aanvaar, al bestaan daar geen stukke oor nie, dat Jan in die Barbarakerk gedoop is.

As Nederlander bekend met 17e eeuse uitdrukkings is ek nie bereid nie om die, deur Jan van Riebeeck se grootmoeder gebesigde uitdrukking "te coste gaan", te vertaal as "wonen". Ek lees dit eenvoudig vir wat dit is, "in die kost zijn", dus mee aan tafel sit.

Ek heg veel waarde aan uitdrukkings uit die volksmond. Die Colembergers noem al lankal die huis op die hoek van Achterstraat en Binnemolenstraat, die Van Riebeeckhuis, al het dit nog altyd "De Fonteyn" geheet.

Dat Anthony van Riebeeck se skoonvader, nadat Anthony in 1622 na Schiedam verhuis het, die huis laat vergroot het ag ek glad nie, soos die skryfster beweer, bewys dat "die huis te klein geword het vir sy eie gesin en maak dit dus nog onwaarskynliker dat Van Riebeeck met sy vrou en kind ook daar sou gewoon het". Die teendeel is waar, met die vertrek van Van Riebeeck kom daar tog in die reeds ruime huis nog meer ruimte vry.

Schoonvader Govert Anthoniszoon het die hoekpand bewoon en het die "camer" daar langsaan in 1622 tot 'n volwaardige trapgewelhuys verbou. Dit moet gesien word as 'n aanduiding van sy toenemende welvaart en aansien, soos ook blyk uit sy loopbaan in Culemborg.

Die Van Riebeeck-portret

Dit is jammer dat dr Böeseken, in navolging van Godée Molsbergen, weer eens 'n portret opneem, soos in haar "Die Nuusbode", p 46, wat sy Jan van Riebeeck kort voor sy dood noem. Nie alleen toon die oë, neusvorm en mond op die portret dat dit nie dieselfde persoon is as wat in 1650 deur D Craey geskilder is nie, maar ken ons ook 'n tweede portret van die persoon waaruit dit duidelik blyk dat dit Joan van Hoorn is wat van 1704 tot 1709 Goeweneur-generaal van Oos-Indië was. Met sy tweede huwelik is hy getroud met Jan van Riebeeck se kleindogter, vandaar dat die portret in die

versameling familieportrette van 'n nasaat, jhr mnr J H F K van Swinderen, tereg gekom het. Die jonkheer het die versameling aan die Nederlandse staat aangebied vir plasing in die Rijksmuseum. Dat die Van Riebeeck familiewapen se drie ringe op die portret voorkom kan twee redes hê: óf dit is later aangebring, óf Van Hoorn het die Van Riebeeck-wapen belangriker geag as syne en so kom sy vrou se wapen op sy portret. Wat Craey se portret van Jan van Riebeeck betref het Röntgen-ondersoek bewys dat dit nie oorgeskilder is nie.

Waar was Jan van Riebeeck tussen 1648 en 1651

Dr Böeseken betwyfel dit dat Van Riebeeck gedurende 1648 tot 1650 seereise na die Weste en Groenland sou gemaak het. Ek wil hierin met haar saamstem. As Jan van Riebeeck sulke reise onderneem het sou dit in sy hoedanigheid as skeepschirurgyn moes gewees het. Hy het hom egter tussen 1639 en 1648 gewy aan sy administratiewe loopbaan by die VOC en die chirurgie links laat lê.

Dit alleen sou twyfel wek oor die waarskynlikheid van sulke reise, maar te meer nog, hy is op 28 Maart 1649 getroud, op 15 Oktober 1649 staan hy sy suster Geertruyd by as voog en op 13 Maart 1650 is sy eersteling gebore. Hy moes dus biologies gesproke ook tuis gewees het middel Junie 1649. Walvisvaart was 'n langdurige saak, minstens vier maande vanaf begin Mei tot einde Augustus, soos ook uit die joernaal van Michiel de Ruyter blyk. Dat Van Riebeeck dan vanaf laat Junie tot laat September 1649 op 'n walvisjagvaart kon gewees het, kan as onmoontlik aanvaar word.

Gedurende 1650 sou hy na die Weste kon gegaan het, maar gesien dat hy nie meer chirurgie beoefen het nie is dit ook onwaarskynlik. Daarby ook was juis in die tyd die saak van 'n kolonie aan die Kaap sterk onder oorgeweging deur die Here XVII. Van Riebeeck was hierby sterk betrokke met sy voorlegging oor die saak en sy aansoek om die kommandeurskap. Hy sou eerder in Amsterdam naby die Here XVII wou wees as êrens ver ter see.

Restourasie van De Fonteyn

Ten slotte nog enkele opmerkings oor die slotdeel van dr Böeseken se boek, die stuk oor die hedendaagse gebeure met betrekking tot die restourasie van De Fonteyn, die Van Riebeeckhuis in Culemborg.

Dit is jammer dat skryfster na soveel nougesette studie en navorsing op die laaste nie die voor die handliggende bronne geraadpleeg het nie. Niks sou makliker gewees het as om met die Suid-Afrikaanse Stigting Jan van Riebeeck, in die persone van die voorsitter dr W H J Punt of regter V G Hiemstra, in verbinding te tree en ook met die Nederlandse Stigting Jan van Riebeeck-huis waarvan ek die onder-voorsitter is. Laasgenoemde Stigting is die eienaar van die Huis en het die restourasiewerk laat onderneem volgens restourasieplanne van argitek C W Rooyards.

Volgens die skryfster het regter Hiemstra, toentertydse voorsitter van die SA Stigting Jan van Riebeeck, R32 000 aan die Nederlandse regering vir die restourasie oorhandig. Die bedrag is ingesamel in Suid-Afrika en aan die Stigting Jan van Riebeeckhuis oorhandig. Dit het die aanvang van restourasie-

werksaamhede moontlik gemaak en ook dat owerheidsubsidies betaal kon word. In Nederland kan die sentrale, provinsiale en plaaslike owerhede subsidies bestaan vir die restourasie van aangetekende of beskermd monumente.

De Fonteyn was reeds 'n monument en is aan die Stigting Jan van Riebeeckhuis vir 1 gulde verkoop deur die Stadsraad van Culemborg. Met dié transaksie en die latere inrigting en aanwending van die huis het die Nederlandse staat niks te make nie.

Regter Hiemstra het in 1968 die Suid-Afrikaanse bydrae in die Culemborgse stadshuis aan my as die waarnemende voorsitter van die Stigting Jan van Riebeeckhuis oorhandig.

Op 7 April 1971 is die voltooiing van die restourasie gevier deur besigting van die huis na 'n dinee die vorige aand in die Muiderslot. Bestuurslede van die Nederlandse en Suid-Afrikaanse stigtings en hul eggenotes was teenwoordig.

Die Huis bestaan uit drie pande en die restourasiekoste het op die ou end 650 000 gulde beloop. Die eerste twee is die geboortehuis van Jan van Riebeeck en is as museum en vergaderplek ingerig. Die derde huis is nou die opsigtersistoning. Die restourasieprojek word allerweë in Nederland as uiters geslaagd beskou. Maar hoe mooi dit ook al is, die gerestoureerde huis moes gemeubeleer word en in die verband het weer 'n Suid-Afrikaanse handbystand verleen. Mnr Pepler Scholz, besturende direkteur van Sanlam, het na 'n gesprek met my onderneem om 'n borgingskema in Suid-Afrika voor te hou. Dit was geslaag en kon ons vir ongeveer 90 000 gulde antieke meubels aankoop uit bydraes van Suid-Afrikaanse maatskappye. Vanweë 'n toekenning van die Visser-Neerlandia-prijs kon ons die nodige geelkoperkronie (hangkandelare) bekom. Deur die goedgeunstige medewerking van die Rijksinspecteur voor de Roerende Monumenten en verskeie musea en universiteite, kon ons stukke in bruikleen bekom en van die Stigting Brandsen van de Zijp het ons skilderye van Van Riebeeck-nasate in bruikleen kon kry.

De Fonteyn gee nou 'n beeld van die bewoning in Jan van Riebeeck se tyd en is besig om 'n studiesentrum vir Van Riebeeck en sy tyd en die 17e en 18e eeuse Nederlandse seereise te word. Die biblioteek besit reeds 12 dele van die beroemde Bleau-atlas en 'n volledige Linschoten-stel van 72 dele. Daar word nog steeds gepoog om die boekery en kaartversameling uit te brei. Kaarte van Decima, Taiwan, Malakka, Tonkin en ander plekke waar Jan van Riebeeck die VOC gedien het, sal hopelik mettertyd tot die versameling gevoeg kan word.

Beide die Stigtings dien graag as kanaal vir verdere skenkings aan De Fonteyn.

Ek het groot waardering vir dr Böeseken se werk in verband met Jan van Riebeeck en sy lewe en werk. Haar boek beveel ek graag aan, elke beskaafde Afrikaner behoort die lewe en werk van sy volksplanter te ken. By die Suid-Afrikaanse publiek is daar myns insiens te weinig kennis en insig oor die pionierstyd van Suid-Afrika se ontstaan. Dr Böeseken se boek bied 'n baie nuttige introduksie daartoe en sal hopelik verdere publikasies stimuleer.

—TON KOOT
Amsterdam 1975

(Vertaling W J Punt)

Literatuurverwysings

Stigting Simon van der Stel, Bulletin, Pretoria, April 1971.
 Bond Heemschut, Heemschut, Amsterdam, Junie 1971.
 P J W Beltjes, Culemborgers Overzee, Culemborg, 1971.
 Ton Koot, De Fonteyn, Geboortehuis van Jan van Riebeeck, Culemborg 1974.

THE BRENTHURST BAINES. By Marius and Joy Diemont, The Brenthurst Press, Johannesburg 1975.

Thomas Baines se bydrae tot ons Suid-Afrikaanse kultuurhistoriese kennis en ons kunsskatte is bekend en word al lank erken. Baines-skilderye word so hoog geag dat die Kaaplandse Provinsiale Administrasie onlangs een van die weiniges wat ooit opveelings kom, teen R18 000 aangeskaf het. Seker die grootste versameling van Baineswerke is in besit van mnr H F Oppenheimer in Johannesburg. Mnr Oppenheimer het 'n besondere diens gelewer aan Suid-Afrika deur sy versameling te laat versorg en redigeer vir publikasie. Dr Eric Axelson van die Universiteit van Kaapstad tree op as algemene redakteur vir The Brenthurst Press wat van tyd tot tyd Baines-publikasies sal laat verskyn.

Die eerste publikasie is onderneem deur Sy Edele regter M A Diemont en mev Diemont. Hulle het uitmuntend daarin geslaag om in The Brenthurst Baines die kunstenaar en sy werk aan die leser voor te stel en om daaruit 'n besondere beeld van Suid-Afrika in middel van die 19e eeu in te klee. Thomas Baines se eie vertelling en sy sketse, tekeninge, olieskilderye en akwarelle, voer die leser mee op sy reise. Dit is 'n leersame en verrykende ervaring.

Die boek beslaan 183 bladsye met nagenoeg 200 illustrasies. Tegnies is die boek ook van besonder hoë gehalte. Die redakteur en die outeurs en mnr Oppenheimer verdien ons gelukwense en waardering vir hierdie besondere bydrae tot Suid-Afrika se kuns- en kultuurdokumentasie.

The Brenthurst Baines kan bestel word van Frank Thorold (Pty) Ltd, Posbus 241, Johannesburg, 2000 teen R100 vir die standaarduitgawe en R300 vir die spesiale uitgawe.






—W J P

YOUNG PRETORIA 1889-1913.

By Lola Dunston, in collaboration with Dr Tom Dunston, Pretoria 1975.

This is a book about Pretoria around the turn of the century. It is a time when the people, big and small, that we have mentioned in this book were building tradition on which we who came later could build on into the future. It attempts to lift the veil that clouds our memory of the places and people that lived and planned and died in those days.

Time passes so fast and so silently that we are in the future before we know it and that interesting past has gone forever. We have attempted to hold on to that past so that in your leisure hour you may wander back in time to Pretoria as your fathers and grandfathers knew it.



There are still many people living who are descendants of those who people this book and many of these living are unaware of the activities of their forefathers. Here they may find a long lost relative and stroll the streets of Young Pretoria in the company of one long gone. Lastly this book attempts to awaken in some of those who are intent on destroying all the traditions of Young Pretoria a pity and regret that may change their minds.

The book comprises 328 pages, 210 x 297

mm, printed in deep sepia. There are 355 illustrations of which 74 are drawings by Lola Dunston. The limited edition of a 1 000 copies costs R27,00 and a de luxe edition of 125 copies of R100 each, numbered and autographed, printed in deep sepia on Aquarello old Master 120 gsm bound in full maroon Morocco leather. A special litho-print of a drawing, not appearing in the book, will be included.

Young Pretoria can be ordered from the author at PO Box 19146, Pretoria 0117.

DIE OUDSTE SILWER IN DIE KAAP, pragboek van prof D Bax

Daar bestaan al 'n taamlike groot aantal boeke en publikasies oor die silwer wat in die tweede helfte van die agttiende eeu en ook in die negentiende eeu in die Kaapkolonie gemaak is. Die doopbekken wat Johannes Hasse in 1752 vir gebruik in die Grootte Kerk in Kaapstad vervaardig het, is die eerste van 'n groot reeks voorwerpe van silwer wat uit die periode van na 1751 bewaar gebly het en vandag nog bestaan. Oor die bedryf van die Kaapse silwersmede vóór 1752 was tot nou toe egter bra min bekend, en oor wat van hul werk bewaar gebly het, nog minder. Dis om dié rede dat prof D Bax aan hierdie silwer lang jare van noukeurige ondersoek bestaan en die resultate daarvan nou in 'n boek uitgegee het.*)

Tipografie

Meesal word aan die einde van 'n bespreking iets gesê oor die voorkoms van 'n boek, maar hierdie is so vakkundig-deeglik geset en gedruk en die ingewikkelde en moeilike tipografie maak so 'n rustige en onopvallende indruk dat dit 'n lus vir die oog is. Die afwesigheid van elke vorm van pretensie gaan selfs so ver dat die boek geen hardeband het nie en dat die feit dat daar net 700 gedruk is nêrens vermeld word nie. Dit is dan ook 'n tipies Nederlandse wetenskaplike uitgawe op sy beste.

Maar nadat 'n mens die tipografie bewonder het, bly die inhoud tog die belangrikste en die feite wat prof Bax aan die lig bring, gee 'n nuwe dimensie aan die vakbedrywigheid van die silwersmede aan die Kaap. Dit het in sekere sin al kort ná Jan van Riebeeck se aankoms begin, want Gijsbert Heecq maak in sy dagboek melding van 'n merkwaardige gebeurtenis wat hom in 1655, toe hy aan die Kaap was, in die omtrek Kloofnek sou afgespeel het.

Volgens hom het toe 'n silwersmid wat as soldaat in die Kompanjie se diens was tussen Tafelberg en Leeukop 'seker silwermyne' ontdek. Uit die silwer wat hy uitgesmelt het, sou hy toe 'n lepel gemaak het. Hierdie 'silwer' het egter swart geword en was dus van baie slegte gehalte of was hoegenaamd nie silwer nie.

Begin

Professor Bax stel dan ook die eintlike bewysbare begin op 1669, sewe jaar ná die vertrek van Van Riebeeck. Daniël Egt, afkomstig uit Gotenburg in Swede, het toe verskillende silwervoorwerpe gemaak nl 'n nagmaalservies vir die klein Gereformeerde Kerk. Hoe hy aan die silwer gekom het, word ook vermeld en dit het beslis nie uit Tafelberg gekom nie. Die kerkraad het hom nl honderd silwer riksdalder vir dié doel gegee, en hieruit het hy, twee bekers, 2 tafelborden, 1 schotel, en 2 kommen gemaak en daarna selfs nog 'n bietjie silwer oorgehou.

Soos ons van prof Bax gewoond is, het hy geen argiefstuk hier of in Nederland of selfs in Swede en ander lande, onaangeroer gelaat as dit moontlik antwoorde op sy vrae kon gee nie – en die resultate is soms verbluffend. Hy behandel in die periode tot 1701 oa Reijnier Smedinga. Prof Bax sê niks van hierdie van nie, maar ek vermoed dat dié maar net 'n pseude-verfrieste vorm van 'smit' was, soos daar in Friesland onder meer

ook 'n stalhouer Stallinga en 'n venstermaker Vitringa was.

In hierdie periode was daar aan die Kaap oor die silwersmede Friedrich Gabriel Ment, Christian Mentzing, Helmer Paal, Christoffel Rudolf Dritselaar en Jan Hendrixsz, wat almal behandel word.

Ná Egt se nagmaalservies is die volgende Kaapse silwer wat vermeld word 'n silwer herinneringstukkie in die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum, wat gemaak is ter ere van die huwelik, op 5 Augustus 1685 aan die Kaap, van Coenraad Visser en Catharina Everts (omdat sy op see gebore is, word sy ook Van der Zee genoem).

Dit stel 'n skip van die Oos-Indiese Kompanjie se Amsterdamse Kamer voor, met vlae en al. Die twee geliefdes wandel hand aan hand op die strand, en op die keersy is twee 'vurige' harte wat deur pyle deurboor word. Die harte staan in brand en rook styg op.

Ook 'n saag steek deur die harte heen. Hy word regs deur 'n meisiehand en links deur 'n mannehand vasgehou wat uit 'n wolk tevoorskyn kom. Hierdie treksaag is moontlik 'n simbool van samewerking in die huwelik of van die idee dat 'n mens in die huwelik moet gee en neem. Op die voorgrond staan twee duifies met die bekies vir mekaar: sinnebeeld van die liefde. Op hierdie kant staan ook 'n rympie:

Dat Godt heeft vast gestelt
tuschen deese beiden
Dat kan geen mensch op
deser aarde scheijden
De Liefde is soo veer en
vast geraakt
Dat sij twee harten in een
Lichaam maakt.

In 1715 stel die Politieke Raad op voorstel van Goewerneur Pasques de Chavonnes reëls vir silwersmede op en doen die embleem van 'hoop', 'n vrouefiguur met anker, sy intree as waarmerk. In 1733 kom dan as 'adelborst' Matthijs Lotter aan die Kaap aan, 'n silwersmid wat aan die Kaap verskillende geslagte van vakmense sou skenk.

Prof Bax behandel dan tot 1751 nog Bruijns, Viedt, Smit, twee Emmerichs, drie Ackermans, Ficker, Fuchs, Bach, Sandoz en Rogiers en bespreek daarna silwer wat uit Nederland ingevoer of uit die Kaap na Nederland uitgevoer is.

Vordering

Ten slotte word afsonderlike hoofstukke gewy aan die silwer van die Gereformeerde en Lutherse kerke in die Kaap, ook dié van Stellenbosch, Drakenstein (Paarl), Roodezand (Tulbagh) en Zwartland (Malmesbury) en dit word afgesluit met silwer voorwerpe in die Ou Stadhuis en die Drostdy van Stellenbosch. Daarin ook 28 afbeeldings.

Uit hierdie opsomming alleen al sal dit duidelik wees dat 'n mens sonder oordrywing kan sê dat die geskiedenis van die Kaapse silwer nou amper 'n eeu vorentoe geskuif is, eintlik tot direk na die eerste vestiging van die Europese gesag.

'n Mens behoort net die begin van David Heller se bekende boek te lees om te sien hoe baie ons sedertdien gevorder het. Dit is trouens verbasend hoe ons kennis van sg Africana in die laaste paar jaar op talle gebiede uitgebrei is en hoe langamerhand 'n hecltemal nuwe kultuurbeeld oprys. Dis nie

in die laaste plaas aan Professor Bax te danke dat dit so is nie.

*HET OUDSTE KAAPSE ZILVER 1669–1751, D Bax. Amsterdam, Noord-Hollandse Uitgevers Maatschappij, 1974. 208 bls. Prys 65 gulden (ongev. R18,00). Summary in English.

C PAMA

CHURCH STREET IN THE LAND OF
WAVEREN by Gawie and Gwen Fagan.
Published by the Tulbagh Restoration
Committee, 1974.

In this absorbingly interesting book, we have a detailed and permanent record of the fascinating story of Church Street in the Land of Waveren (Tulbagh): its early history, its development through the years, the havoc wrought by the earthquake and eventually how it was lovingly restored along its full length to make it the largest and most imposing restoration project in South Africa. The book starts off with a prologue vividly describing the earthquake, followed by an interesting historical background of the "discovery" of this fertile valley as early as 1658, of the first settlers, the building of the first church in 1743 (incidentally, the oldest church building in existence in South Africa today) thus forming the nucleus from which first a street, Church Street, and then a village, Tulbagh, developed.

With the wealth of original research appearing in this book, the detailed restoration plans, perspective sketches and full descriptions of every single house in Church Street; numerous before and after photographs showing the pitiful condition of houses after the earthquake and then restored to their original beauty, this book will enjoy and fascinate a wide readership. It will be treasured as a valuable acquisition not only for the historian, architect and sociologist but also for each one of us who cherishes his cultural background.

This exquisite book will be an inspiration to all bodies and individuals concerned with the preservation of historic buildings. For one thing it proves that where there is a will, there is a way. As the Prime Minister said in his stirring inaugural address: "But where the private sector shows itself prepared to contribute its share towards financing a worthy restoration project, the State can be relied upon sympathetically to consider supporting such a deserving course".

Through the stalwart efforts and self-sacrifice for more than four years, the entire Church Street could be restored. In recognition of their great share in this magnificent effort, the highest award in the preservation field, the gold medal of the Historical Monuments Council, was awarded to four members of the Works Committee, namely its Convenor, Imker Hoogenhout, its Secretary, Gerhard Froneman, and its Architects-team, Gawie and Gwen Fagan.

The successful completion of their self-appointed Herculean task, which speaks so eloquently in the pages of this fascinating book, will be a source of pride and inspiration to the present as well as future generations.

F D CONRADIE, MEC



Slegs die beste is goed genoeg vir Suid-Afrika . . . dit is waarom Yskor steeds uitbrei.

Die Korporasie voorsien reeds die oorgrote meerderheid van die land se staalbenodigdhede, tog word sy produksie verhoog teen 'n sneller tempo as ooit tevore.

Dag in en dag uit lewer Yskor se werke in Pretoria, op Vanderbijlpark en Newcastle die veelsydigste van alle metale . . . vervaardig deur Suid-Afrikaners vir die Republiek se vooruitgang.

SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK

Hoofkantoor: Posbus 450 Pretoria 0001



Briewe - Letters

Simon van der Stel Foundation
Pretoria 0001
RSA

Dear Fellow Member,

Almost 10 000 Trust members responded to my May 16 letter about the 29th Annual Meeting and Preservation Conference to be held on the eve of the Bicentennial. This response indicates that this will be the largest Trust gathering in history, when more than 50 authorities on many aspects of preservation present their views and solutions to problems we all face. Because of space limitations, a ceiling has been placed on the number of registrants.

There will be four full days of productive working sessions, sightseeing and good fellowship at some 40 events. Mayor Kevin White of Boston has proclaimed October 6-12 National Trust for Historic Preservation Week. As you will see in the enclosed programme there are tours on Friday, Saturday and Sunday of historic sites and areas in and around the Boston area, throughout Massachusetts, Rhode Island and New Hampshire.

The programme provides choices of conference sessions, workshops, tours and special events. Because of the overwhelming interest this year, I urge you to register early specifying your choices on the registration form and sending in your hotel reservation on the postcard. In order to maintain the quality of the content sessions and not overtax the available meeting space, it will be necessary to limit the number of registrants. So please register early.

I hope to see many of you in Boston at what is certain to be our most successful annual meeting yet.

Sincerely,
James Biddle

President, National Trust for Historic Preservation, Washington DC
USA

August 18, 1975

Dr S M Naude
Voorsitter
Stigting Simon van der Stel
Posbus 1743
Pretoria
0001

Geagte dr Naude,
KIMBERLEY: MARKPLEIN

Ek skryf na aanleiding van ons samespreking op 24 Januarie vanjaar in verband met die voorgestelde aanwending van 'n gedeelte van die Markpleinperseel te Kimberley vir die oprigting van 'n nuwe departementele gebouekompleks.

Soos ooreengekom, is die saak opnuut ondersoek en het 'n verdere bespreking ter plaatse plaasgevind tussen die Burgemeester en

amptenare van die Stadsraad en die Departement.

Voortspruitend hieruit is nou in beginsel besluit om van die Markplein af te sien en liewer 'n ander perseel vir die Departement se doeleindes te verkry.

Alhoewel dit vir ons sekere bykomende uitgawe, ens., meebring, is ek bly dat ons hierin behulpsaam kan wees.

Die uwe,
Posmeester-Generaal

Die Direkteur
Stigting Simon van der Stel
Posbus 1743
Pretoria
0001

Geagte meneer W J Punt,
NASIONALE KONFERENSIE VAN
HISTORIESE VERENIGINGS

Ons hartlike dank vir die verrigtinge wat plaasgevind het op 9 en 10 September 1974 tydens die eerste Nasionale Konferensie van Historiese Verenigings. Ons het die besprekings in verband met bewaring baie interessant gevind, en dit was 'n voorreg om deelname daarin te kon hê.

U word verseker dat die besprekings op bogenoemde konferensie diep inslag gevind het. Die belangrikheid van bewaring en restaurasie is opnuut besef, en word in die NASKO-Museum goed toegepas en sover moontlik uitgedra.

Hiermee ook ons gelukwensing vir 'n puik publikasie wat ons met dank ontvang het. Nogmaals baie dankie.

Die uwe,
(Mev) K Roodt-Coetzee,
Direkteur,
Nasionale Kultuurhistoriese en
Opelugmuseum
Boomstraat, Pretoria

Dear Dr Punt,
MEDAL FROM THE DUTCH
NATIONAL TRUST

I wish to congratulate you on being awarded the medal from the Dutch National Trust for your exceptional contribution to the preservation of Cape Dutch Cultural Heritage in South Africa. I cannot think of anyone more deserving of this honour.

With kindest thoughts to you and yours,

Yours faithfully,
H GUILLUM-SCOTT
PO Box 2837
Pretoria 0001
31st May, 1975

Stigting Simon Van Der Stel Foundation

Smalls - Buksies

French Stone Engraver and Painter Decorator

Mr Alain Lebas is an experienced engraver on stone, stone sculptor and painter-decorator on marble, wood and glass. He has worked for Historical Monuments in France on the Rhiems Cathedral and for Grande Societé International "Claude".

Mr Lebas would like to come to South Africa and seeks suitable employment.

M A Lebas
"Les Roches Fleuries" B
22 Avenue de Toulon
83400 HYERES
France

Antiques for Boekenhoutfontein

Persons who have relics of the Voortrekker and early Transvaal periods, ie broadly 1820-1900, suitable for the farmyard and dwelling of a well-to-do Transvaal farmer, are requested to contact the Director Simon van der Stel Foundation, PO Box 1743, Pretoria 0001. The Foundation is engaged in developing the farm of former ZAR State President S J P Kruger as a national trust property and national amenity.

Contributions in cash and kind will be fully acknowledged.

Monument to the 1820 Settlers Bathurst East Cape

Samuel Bradshaw arrived in Algoa Bay from Gloucestershire in April 1820. In 1821 he started building South Africa's first English type water driven wool mill. By 1825 he was producing woollen blankets and kersey cloth.

The Simon van der Stel Foundation has restored the mill and is now adding the mill wheel. Donations for and contributions of suitable equipment and relics will be gratefully accepted for this important monument to South Africa's British pioneers.

Simon van der Stel Foundation
PO Box 1743
Pretoria 0001

Bothsabelo - Sendingmuseum in wording

In sy nasionale heemskutsaak het die Stigting Simon van der Stel verskeie projekte onderneem, waaronder die restaurasie van Fort Merensky in 1961.

Tans word gewerk aan die sendingstasie 'Bothsabelo' of Plek van Toevlug, by Fort Merensky, ongeveer 15 km noord van Middelburg, Transvaal. Die oorspronklike hartbeeshuisstyl-kerkie is reeds gerestoureer. Die groot baksteen kerk van 1874 word tans gerestoureer. Uiteindelik sal Bothsabelo dien as 'n opelugmuseum aan die sending in Transvaal. Bydraes van voorwerpe en kontant word dringend benodig en sal met dank erken word.

Stigting Simon van der Stel
Posbus 1743
Pretoria 0001

**SIMON VAN DER STEL FOUNDATION
PUBLICATIONS PRICE LIST OCTOBER 1975-APRIL 1976**

	Price to Members	Price to Non- members
Bulletin		
Nos 4 5 6 7 9 11 13 14 15 20 21 22 23 24 each	R2,00	R3,00
Nos 27 28 29 30 31 32 each	R1,25	R1,25
Restorica	R1,50	R1,50
Macrorie – Gentle Bishop of Natal		
By R E Gordon, E & E Gericke & J Clark		
Soft cover	R0,50	R0,50
Hard cover	R1,50	R1,50
Anglo-Boer War Tile Panel Album		
Full colour plates (490 mm x 360 mm) with history of each battle	R3,00	R3,50
Boekenhoutfontein		
Bronze commemorative medals in case	R9,50	R10,00
Colour prints (665 mm x 489 mm) of Gabriel de Jongh's painting		
unframed	R3,50	R5,00
de luxe framed	R15,00	R22,00
The Deputation		
Gravure prints (890 mm x 450 mm) of Wichgraf's famous 1903 painting of a Boer deputation visiting Paul Kruger (15% discount for 2 or more)		
unframed	R9,50	R12,00
de luxe framed	R20,00	R25,00
Our Cape Gables		
By Trefois, Punt and Ploeger	R3,50	R5,00
Conservation of Our Heritage		
Part I. Preservation of old buildings and historic relics	R2,00	R2,50
Oud-Nederlandse Architektuur in Zuid-Afrika		
By Clemens Trefois of Melle, Belgium. A scientific work in Dutch dealing with our Cape Dutch architecture	R3,00	R3,50
Six Islands in the Sun		
Full colour photographs with text in English and Dutch of Cape Dutch related architecture in the Dutch Antilles	R5,00	R6,00
Culemborgers Overzee		
A survey covering four centuries, inspired by the restored house of Jan van Riebeeck's birth. In Dutch by P J W Beltjes	R2,50	R2,50
Christmas Cards		
In packets of 10. Pencil drawings by Hannes Meiring of the Foundation's Restorations	R2,00	R2,25

Discounts on quantity orders to libraries and to the trade allowed.

Order from: SIMON VAN DER STEL FOUNDATION, P O Box 1743, Pretoria 0001, R S A

STIGTING SIMON VAN DER STEL FOUNDATION




**Kerskaartjies -
Christmas
Cards**

CASH WITH ORDER/KONTANT MET BESTELLING

Order from/Bestel van: Stigting Simon van der Stel Foundation, Posbus/P O Box 1743, Pretoria 0001 R S A
Lede/Members: R2,00 pk 10 Nie-lede/Non-members: R2,25 post free/posvry

Dis nie die wêreld wat kleiner word nie.
Dis ons wat groter word.



As mens die Vasteland, die Verenigde Koninkryk, die V.S.A., Suid-Amerika, Australië, en die Verre Ooste met jou diens dek, is jy 'n groot internasionale lugdiens. Soos Suid-Afrikaanse Lugdiens. En daar's nog 'n rede. Ons groot gasvryheid. Want die oomblik dat u aan boord van een van ons Boeings kom, kan u dit voel. Die lugwaardinne en vlugskeelers weet hoe om u te laat tuis voel. Dit maak nie saak hoe ver van die huis af u is nie.



Suid-Afrikaanse Lugdiens
Waar almal tuis voel



*I dipped into the Future, far as human eye could see,
Saw the Vision of the World, and all the wonder that would be...*

Alfred Lord Tennyson.

SABC Television



*Elke Sigaret
'n Meesterstuk*